# DIE AARD VAN DIE VERBOND EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR EVANGELISASIE

deur

Phillipus Jacobus Buys B.A. Th.B.

Verhandeling voorgelê as vervulling van 'n deel van
van die vereistes vir die graad Theologia Magister
aan die Potchefstoomste Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. dr. I.J. van der Walt

Hulpstudieleier: Prof. dr. L. Floor

Vereeniging,

Januarie, 1984.

vir

PU CHO

Eksemplaar op 19.12.83

vir eksaminering ingedien

Prof. E. J. Smit

REGISTRATEUR

Opgedra aan die Evangelisasiekommissie en al die getroue en ywerige evangelisasiewerkers van die Gereformeerde Kerk Vereeniging.

# VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie kom al die eer dank en aanbidding aan die Here die getroue God van die verbond toe.

Hy alleen gee die gawes en geleenthede en die leiding van sy Heilige Gees om in sy diens werksaam te wees.

Dit is vir my 'n behoefte van die hart om ook medegelowiges wat met hulle gawes my van diens was in die afhandeling van hierdie studie te bedank.

Hartlike dank word betuig aan my studieleier, Prof I.J. van der Walt. U kritiese begeleiding het my gestimuleer tot steeds indringender besinning en motivering. Ek is dankbaar dat u ook aan my die vryheid gelaat het om ten opsigte van sekere ondergeskikte sake van u te verskil en 'n eie standpunt te kon ontvou.

Besonder hartlike dank ook aan die medestudieleier Prof L. Floor. U gedeë kennis van die Nuwe Testamentiese wetenskap en u weldeurdagte insigte in verband met die Skrifopenbaring aangaande die verbond het vir my talle nuwe perspektiewe laat oopgaan. U entoesiasme was ook 'n inspirasie.

Baie dankie aan Prof Fika van Rensburg wat etlike ure van sy kosbare tyd aan my gegun het om my geduldig in te lei in sy metode van sintaktiese ontleding en my baie waardevolle advies in verband met wetenskaplik kontroleerbare eksegese gegee het.

Ek is groot dank verskuldig aan die kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Kerk Vereeniging wat my in die geleentheid gestel het om 'n studietoer na die buiteland te onderneem in verband met evangelisasie en gemeente-opbou, wat entoesiasties van die insigte wat so verkry is en ook in hierdie studie gereflekteer word aanvaar en implimenteer. U belangstelling

voorbidding en finansiële steun om hierdie studie te kon voltooi maak my verleë en vervul my met ootmoedige dank.

My eggenote en kinders moes nie net baie ontbeer nie maar sy het ook die eerste manuskrip getik en later moeisame ure spandeer aan proefleeswerk. Baie dankie ook vir die morele ondersteuning en bemoediging. Inderdaad kan ek saam met Spr 18:22 bely: "Wie 'n vrou gevind het, het iets goeds gevind en 'n welgevalle van die Here verkry."

Dr. Daan Wybenga het die Afrikaanse taalkundinge versorging gedoen en Mnr. George Logan het die Engelse uittreksel taalkundig gekontroleer. Baie dankie.

Mev. Sophia Kruger, sekretaresse van die Gereformeerde Kerk Vereeniging het die finale manuskrip getik en onder moeilike en druk omstandighede boonop moes leer om Grieks te tik. Aan haar 'n baie spesiale dankwoord.

Mag die Here hierdie studie gebruik om verdere navorsing en besinning te stimuleer dat die missionêre doel wat Hy met sy verbnd het, 'n groter werklikheid word in die kerk van ons tyd.

Vereeniging

Januarie, 1984

# INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy |
|---|---|
| Voorwoord | iii |
| HOOFSTUK 1. Inleiding, motivering en terreinafbakening van die studie. | 1. |
| HOOFSTUK 2. 'n Kort oorsig van die navorsingsresultate oor die struktuur van die verbond volgens die Ou Testament. | 8. |
| 1. Inleidende opmerkings. | 8. |
| 2. Die struktuur van die Buite-Bybelse staatsverdrae en die verbond in die Ou Testament. | 10. |
| 3. Die koninkryk van God 'n intieme verbondsgemeenskap. | 15. |
| 4. Die verbondsluiting by Sinaï en die struktuur van susereiniteitsverbonde. | 17. |
| 5. Die struktuur van die Abrahamitiese verbond. | 21. |
| 6. Die kollektiewe implikasies van die verbond volgens die Ou Testament. | 22. |
| 7. Verbond en uitverkiesing volgens die Ou Testament. | 27. |
| 8. Enkele konklusies oor die aard van die verbond volgens die Ou Testament. | 31. |
| HOOFSTUK 3. Die struktuur van die verbond volgens die Nuwe Testament. | 33. |
| 1. Inleidende opmerkings | 33. |
| 2. Die verbondsmatige struktuur van die totale evangeliseringsopdrag. | 33. |

3. Die aard van die verbond in die lig van die verhouding tussen uitverkiesing en verbond. 48.

4. Die kollektiewe aard van die verbond volgens die Nuwe Testament. 71.

5. Die regskarakter van die verbond. 83.

HOOFSTUK 4.

Die aard van die verbond en die implikasies daarvan vir evangelisasie. 105.

1. Inleidende opmerkings. 105.

2. Skrifgetroue evangelisasie neem sy vertrekpunt in die openbaring aangaande die verbond. 106.

3. Verskillende vlakke van evangelisering in die praktyk nader gedifferensieer. 107.

4. Implikasies van die verhouding tussen verbond en uitverkiesing vir praktiese evangelisasiewerk. 118.

5. Die inhoud van die evangelieverkondiging in evangelisasie. 132.

6. Die implikasies van die kollektiewe aard van die verbond vir evangelisasiemetodiek. 137.

HOOFSTUK 5.

Samevatting en terreine vir verdere ondersoek. 158.

1. Samevattende konklusies. 158.

2. Terreine vir verdere navorsing. 161.

Abstract. 162.

Bibliografie. 164.

# DIE AARD VAN DIE VERBOND VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR EVANGELISASIE

## HOOFSTUK 1.

## INLEIDING.MOTIVERING EN TERREINAFBAKENING VAN DIE STUDIE.

### 1.1 DIE SENTRALE PLEK WAT DIE VERBOND IN DIE TEOLOGIE BEKLEE

In die Gereformeerde teologie is die verbond tradisioneel gesien as die grondverhouding tussen God en mens. Van der Schuit (1982:8) kan selfs beweer: "De Gereformeerde theologie heeft het het diepst aangevoeld dat in deze verbondsrelatie de kern van alle ware religie is te vinden." Reeds in 1891 kon Geerhardus Vos verklaar: "At present there is general agreement that the doctrine of the covenants is a peculiarly Reformed doctrine." (Vos 1980:234) Vos toon dan ook aan dat alhoewel die leer oor die verbond nie 'n dominante beginsel in die teologie van Calvyn was nie, die Reformatoriese teoloë van Zürich tog reeds in die tweede helfte van die sestiende eeu as die grondleggers van die gereformeerde verbondsteologie beskou kan word. (Vos 1980:236)

Die feit dat die verbond van so 'n kardinale belang vir die ware religie en die verstaan van die kernboodskap van die hele Bybel is, word ook vandag taamlik algemeen op grond van eksegetiese en openbaringshistoriese studies aanvaar.

Ridderbos is oor die sentrale betekenis van die verbond baie uitgesproke wanneer hy stel: "Dat heel de structuur van het door Jezus verkondigde evangelie door de Verbondsgedagte bepaald word."

"Het is de realiteit van het Verbond Gods en van zijn theocratische verhouding tot Israel als zijn volk welke ten diepste aan de omschrijving van het evangelie der armen ten grondslag ligt."

"Het is deze bizondere relatie, welke van meet af aan de inhoud en structuur van het evangelie van het Koninkrijk Gods mede bepaaldt." (Ridderbos, 1972:178 en 1972:173)

Ook Morris beweer dat die verbond een van die leidende konsepte in die Ou Testament is en dit is daarom nie verbasend nie dat die vroeë Christene hulle nuutgevonde geloof met verbondsterme geïnterpreteer het.

"It is not too much to say that the covenant conception came to dominate Israels thought about her relationship to God. She was Yahweh's people; He was Israel's God. And through the centuries the people have clung almost fiercely to this central teaching." (Morris, 1972:81)

"This conviction that in Jesus Christ God has acted decisively for man's salvation, thus bringing about an entirely new situation, is the master thought of Christian faith. It underlies the entire New Testament.

When the writers speak of "the new covenant" then, they are taking over a well-known concept (well-known, that is, to Jews and all those familiar with the Jewish Scriptures) to express an important aspect of this great new fact." (Morris, 1972:97)

Kline kan selfs beweer dat die hele Kanongedagte van sowel Ou as Nuwe Testament alleen vanuit die verbondsgedagte verstaan kan word. (Kline, 1972:97)

In die latere Gereformeerde Teologie het die gedagte van die koninkryk al sterker na vore gekom. Dit is egter nie nodig dat daar 'n spanning tussen verbond en

koninkryk hoef te wees nie. (Vgl. hieroor verder Buys 1973:7 -19)

## 1.2 EVANGELISASIE EN DIE VERBOND IN DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIE

Wetenskaplike Evangelistiek is in die Gereformeerde Teologie 'n baie jong dissipline. Sonder vrees vir teëspraak kan aangetoon word dat A. Kuyper sr. die eerste was wat 'n ensiklopediese plek aan die Evangelistiek as teologiese dissipline toegeken het.

Verskeie navorsers het dan ook aangetoon dat die Gereformeerde evangelistiek en indringende teologiese besinning daaroor, eers van die begin van hierdie eeu af werklik van die grond af gekom het. (Te Winkel, 1977:15 e.v.)

Dit is opvallend dat gereformeerdes die kerk se evangelisasietaak heel gou vanuit die verbond verstaan en ontvou het. Dit was F.W. Grosheide wat hierdie fondament in sy uiteensetting van die beginsels van Gereformeerde evangelisasie in 1943 gelê het. (Grosheide, s.j.:23)

Sedertdien het die meeste gereformeerde skrywers Grosheide nagevolg en evangelisasie omskryf as die terugroep van afgedwaalde verbondskinders. (Vgl. Brillenburg Wurth en Wiersenga, 1953;7 - 15 ; Bavinck,1954:83 ; De Klerk e.a., 1979:19 en Nel, 1982:36 - 45)

Omdat die grense tussen sending- en evangelisasie-objekte egter in die praktyk so vervaag het en uiters moeilik onderskei kan word, skyn dit asof verskeie nuwere skrywers oor evangelisasie nie meer die onderskeiding tussen sending en evangelisasie op grond van die betekenis van die verbond aanvaar nie.

In sy andersins redelike standaardwerk oor die Evange-

listiek het Verkuyl hierdie verwysing na die verbond heeltemal negeer. Hy definieer Evangelistiek as: "... de wetenschaplijke bemoeienis aangaande de communicatie van het Evangelie van het Koninkryk Gods vanuit de hele gemeente in haar eigen omgeving door de proclamatie van het Evangeli, door gemeenschap door diakonia en door participatie in de worsteling om gerechtigheid." (Verkuyl, 1978:50)

Ook Douma laat nie meer die verbond funksioneer as die maatstaf vir die onderskeiding tussen evangelisasie en sending nie, as hy beweer: "Evangelizatie die dicht bij huis plaatsvindt, onderscheiden we van zending die veraf wordt bedreven. Een principieel verschil tussen evangelizatie en zending is m.i. moeilik aan te brengen ... Zou nu iemand onder mohammedanen in Egypte gaan werken, dan noemen we hem een zendeling, terwijl het evangelizatie heet wanneer iemand mohammedaanse gastarbeiders in Nederland over de Bijbel aanspreekt ! Een zuiver geografiese kwestie dus." (Douma, 1982:7, sy onderstreping)

Hierdie tendens om nie meer die verbond as die maatstaf by die onderskeiding tussen sending en evangelisasie te laat funksioneer nie, neem steeds toe onder Gereformeerde Kerke en Gereformeerde skrywers.

J. van V. du Plessis kan selfs vra of die tradisionele onderskeiding tussen sending en evangelisasie Skriftuurlik is en of dit vanuit Gereformeerde skolastiek gemaak is. (Du Plessis, 1982:44)

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die hele saak van die verbond en die implikasies daarvan vir Gereformeerde evangelisasie verder wetenskaplik ondersoek behoort te word. J.C. Coetzee het reeds in 1965 aan die einde van sy proefskrif tereg tot die slotsom gekom dat 'n Nieu-Testamentiese studie oor die verbond en die implikasies daarvan vir die Evangelistiek, veral ten opsigte van die wese van die evangelisasie onder die eie volk, 'n baie belangrike terrein is, wat vir wetenskap-

like navorsing braak lê. (Coetzee, 1965:322)

In 1982 nog het prof. I.J. van der Walt ook verklaar: "Daar is nog min nagevors oor die betekenis van die verbond en die verkiesing en die sending en die evangelisasie." (Van der Walt, 1982:4)

Al hierdie gegewens is genoegsame motivering vir navorsing oor verbond en evangelisasie.

## 1.3 <u>AFBAKENING VAN DIE ONDERWERP WAT IN HIERDIE STUDIE AANDAG SAL GENIET.</u>

Dit is onmoontlik om in 'n Th.M.-studie alle aspekte van die verbond na te vors en die implikasies daarvan vir die Evangelistiek aan te dui.

Omdat die hele veld so wyd is, sal daar in hierdie studie nie 'n Dogmatiese of Dogmahistoriese studie van die verbond gegee word nie, maar slegs enkele belangrike eksegetiese boustene vanuit die Nuwe Testament vir die verstaan van die verbond en die verbondsgemeenskap tussen God en sy volk na vore gebring word.

Dit is selfs onmoontlik om vir die aard van 'n Th.M-studie alle aspekte van die verbond volgens die Nuwe Testament na te vors.

<u>Die studie sal beperk word tot die struktuur, dit wil sê die opset en aard van die verbond en die vorm waarin dit in die lig van enkele Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes uitgedruk is.</u>

Merkwaardige lig is die afgelope twee dekades gewerp op die presiese aard van die verbond tussen God en sy volk in die Ou Testament. Dit kon gedoen word deur die struktuur van die verbond met die struktuur van buitebybelse verbonde te vergelyk. (Vgl. hoofstuk 2 van hierdie verhandeling.) Vanuit hierdie studies kon daar

ook belangrike lig gewerp word op die kernboodskap van die Ou Testament en die wese van die verhouding tussen God en sy volk.

In hierdie studie sal daar vasgestel word in watter mate die struktuur van die verbond volgens die Ou Testament ook in die Nuwe Testament 'n bepalende faktor vir die verstaan van die verbond is, en hoe die kerninhoud van die evangelie daardeur bepaal word.

Ten slotte sal die lyne deurgetrek word na die praktyk van die evangelisasieroeping van die kerk. Die implikasies wat die aard van die verbond vir praktiese evangelisasiewerk het, sal aangetoon word. Omdat die hele studie egter in hoofsaak prinsipieel van aard is, sal daar by die praktiese implikasies slegs riglyne gegee kan word.

## METODE EN STOFINDELING

Die navorser gaan van die oortuiging uit dat die Nuwe Testament in die oorgelewerde vorm die gesagvolle Woord van God is. Die studie sal daarom grootliks eksegeties induktief van aard wees.

Omdat die Nuwe Testament - veral wat die gegewens oor die verbond betref - dikwels slegs vanuit die Ou Testament ten volle verstaan kan word, sal daar in die tweede hoofstuk vooraf 'n kort oorsig gegee word van die navorsingsresultate oor die struktuur van die verbond volgens die Ou Testament.

Die grootste gedeelte van die studie daarna, sal uit eksegese van gedeeltes van die Nuwe Testament wat lig op die aard van die verbond kan werp, bestaan.

Vanuit die konklusies wat uit hierdie eksegetiese gegewens getrek word, sal dan enkele prinsipiële en praktiese riglyne vir die uitvoering van die kerk se evangelisasieroeping aangedui word.

Vrae soos die volgende sal aandag geniet:

1. In watter mate het die totale evangeliseringsopdrag in die Nuwe Testament 'n verbondstruktuur en die verbond self 'n missionêre strekking ?

2. In watter mate moet daar op grond van die Skrifopenbaring aangaande die verbond 'n onderskeid tussen evangelisasie en sending gemaak word ?

3. Watter implikasies vir evangelisasie het die verhouding tussen verbond en uitverkiesing ?

4. Wat moet die inhoud van die evangelieverkondiging in evangelisasie in die lig van die aard van die verbond wees ?

5. Watter plek moet gerigsprediking in evangelisasie beklee in die lig van die aard van die verbond ?

6. Wat is die plek van gesinsevangelisasie in die lig van die aard van die verbond ?

7. Watter plek beklee die gemeente by evangelisasie in die lig van die aard van die verbond ?

## HOOFSTUK 2.

## 'N KORT OORSIG VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE OOR DIE STRUKTUUR VAN DIE VERBOND VOLGENS DIE OU TESTAMENT

### 1. INLEIDENDE OPMERKINGS:

### 1.1 'N NOODSAAKLIKE ONDERBOU VIR 'N STUDIE VAN DIE VERBOND VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT

Daar is byna algehele ooreenstemming by navorsers wat hulle met navorsing oor die verbond volgens sowel die Ou as Nuwe Testament besig hou dat dit onmoontlik is om die volle draagwydte van die begrip <u>b$^{e}$rīt</u> in die Nuwe Testament te verstaan sonder 'n deeglike insig in die Ou-Testamentiese gegewens oor die verbond. (Van Rooy, H.F. 1983:20 ; De Vuijst, 1964:72 ; Van der Waal, 1978:102 ; Ridderbos, 1972:175 ; Morris, 1972:97; Robertson, 1980:45 - 52)

Wanneer Jesus tydens die eerste nagmaal proklameer dat die nuwe verbond in sy bloed met sy dood en opstanding ingestel word, lê Hy 'n onteenseglike band met die hele openbaring aangaande die verbond in die Ou Testament. (Vgl. Mt 26:28, en parallelle gedeeltes.)

Wanneer Paulus in Rm 4; Gl 3 en 4 en Rm 9 - 11 die verbond ter sprake bring, wys hy juis op die vervulling van die Ou-Testamentiese verbondsbeloftes.

Tereg verklaar Ridderbos: "In al deze qualificaties reflecteert de apostel duidelijk op hetgeen in de profetie aangaande het Nieuwe Verbond was beloofd, Jer.31: 33 ; Ezech. 11:19 ; 36:26." (Ridderbos, 1971:374)

"Vanuit deze vervulling in Christus keert heel de no-

menclatuur van alle priveleges, die Israel als Gods volk mocht bezitten, bij de wezensbepaling van de christelijke gemeente in vernieuwde kracht en betekenis terug ..." (a.w. : 375)

Ook die gegewens in Hebreërs en in Openbaringe is onverstaanbaar sonder 'n insig in die Ou-Testamentiese gegewens oor die verbond. (Vgl. De Vuyst, 1964, en Van der Waal, 1978:102 - 104.)

Meer in besonder kan ook as uitgangspunt gestel word, dat die aard, dit wil sê, die struktuur en opset van die verbond volgens die Nuwe Testament alleen begryp kan word, as die struktuur van die verbond volgens die Ou Testament verstaan is, soos verder in hierdie studie bewys sal word.

## 1.2 'N STORTVLOED VAN LITERATUUR OOR OU TESTAMENTIESE GEGEWENS

Sedert die werk van Eichrodt het daar 'n stortvloed van literatuur oor die verbond in die Ou Testament ontstaan. Eichrodt het die verbond as sentrale konsep in die Ou Testament gesien. (Eichrodt, 1961:13 e.v. ; vgl. ook Hasel, 1972:77 e.v. en Spriggs, 1974:3 e.v.)

Dit was egter nie net Eichrodt se Theologie des Alten Testaments se eerste verskyning in 1933 wat die studie oor die verbond sou stimuleer nie, maar merkwaardig genoeg, veral ook die werk van 'n nie-teoloog, V. Korošec. In sy boek, Hethitische Staatsverträge, ein Beitrag zu ihrer juristischen Wertung, het hy hom besig gehou met die struktuur van die verbonde wat die konings van die Hetitiese ryk met ander volke aangegaan het (Korošec, 1931 ; vgl. ook Van Rongen 1966:9).

Toe Mendenhall in 1954 in twee artikels die gegewens van Korošec gaan vergelyk het met die struktuur van die Sinaïverbond het daar wêreldwyd penne in beweging

gekom. (Mendenhall, 1954:26 - 46 en 50 - 76) Sommige het heftig van Mendenhall verskil en ander het hom sterk ondersteun en op sy gedagtes voortgebou.
Dit is onmoontlik en onnodig om vir die aard van hierdie studie die geskiedenis van die hele debat oor hierdie aangeleentheid te beskryf.

Vir 'n taamlik volledige beskrywing hiervan kan verwys word na McCarthy (1963 en 1965), Weinfeld (1973), Van Rongen (1966:9 e.v.) Van Rooy (1977).

Vir die doel van hierdie studie is dit voldoende om 'n samevatting te gee van die insigte oor die struktuur van die verbond waartoe gekom is en waaroor daar vandag redelike eenstemmigheid by navorsers bestaan.

## 2. DIE STRUKTUUR VAN DIE BUITE-BYBELSE STAATSVERDRAE EN DIE VERBOND IN DIE OU TESTAMENT

Verskeie navorsers het daarop gewys dat die buite-Bybelse staatsverdrae (1) wat uit die tweede helfte van die tweede millenium v.C. tot en met die sewende eeu v.C. dateer, uit dieselfde essensiële elemente bestaan, alhoewel hierdie elemente in verskillende volgorde in die verskillende verdrae voorkom.

Wat die verdrae tussen mense betref, word vier soorte in die Ou Testament onderskei: (Vgl. Van Rooy, 1977:190)

### 1. SUSEREINITEITSVERDRAE

Dit is 'n verdrag waar die groter outoriteit ('n groot vors of koning) 'n verbond met 'n mindere

---

(1) Uit die aard van die navorsing word nie alle moontlike staatsverdrae van die tyd behandel nie, maar in besonder die Hetitiese, Assiriese en Sefire verdrae, waaroor intensiewe navorsing gedoen kon word. (Vgl. hier veral die studie van Van Rooy 1977:168 - 188)

party aangegaan het. Die mindere party het geen beseggenskap gehad in die vasstelling van die bepalings van die verbond nie, maar is deur 'n eed gebonde om daaraan uitvoering te gee. Hierdie tipe kom met die Hetitiese vasalverdrae ooreen. (Vgl. ook Cachet, 1977:42)

Verskeie navorsers het daarop gewys dat dit tot die wese van die begrip b$^e$rīt behoort dat dit 'n verhouding tussen twee ongelyke partye daarstel.

Weinfeld (1973:798) stel dit kernagtig: "Im allgemeinen bezeichnet b$^e$rīt ein Verhaltnis zwischen zwei ungleichen Partnern. Der Mächtigen gewährt dem weniger Mächtigen das Bundesverhaltnis."

### 2. PARITEITSVERDRAE

Dit is verdrae waarin beide partye deur 'n eed aan mekaar gebonde is. Hier word twee subgroepe onderskei, nl. dié waarin albei partye spesifieke verpligtinge het om te onderhou en dié sonder spesifieke verpligtinge maar met die bepaling dat beide partye verplig is om die onderlinge vrede te bewaar. (Van Rooy, 1977:190)

### 3. BESKERMHEERVERDRAE

Volgens hierdie tipe verdrag verbind die groter outoriteit homself tot sekere verpligtinge tot voordeel van die mindere party. (Vgl. Van Rooy, 1977: 190.)

### 4. SELFBINDENDE VERDRAE

In hierdie tipe verdrag word die toekomstige uitvoering van gestipuleerde bepalinge van 'n reeds gevestigde verdrag bepaal. Hierdie verdrag het net die een party verbind, sonder nuwe verbindinge op

die ander party. Hierdie tipe verdrag het neergekom op wetgewing wat vasgestel is by wyse van 'n ooreenkoms tussen die owerheid en die volk.

Tereg merk Van Rooy (1977:191) op dat hierdie tipe eerder op die vlak van 'n gelofte as van 'n verdrag of 'n verbond lê.

Wat God se verbond met mense betref, word twee soorte onderskei, nl. verbonde waarin God Homself tot sekere verpligtinge verbind en verbonde waarin die mens tot sekere verpligtinge verbind word. Die eerste tipe vertoon ooreenkomste met die beskermheerverdrae tussen mense en die tweede met die susereiniteits- (of vasal-) verdrae. Die verbond van God met Abraham, Dawid, Pinehas en Noag kan gesien word as beskermheerverdrae. Die susereiniteitsverdrae kan gesien word in die Mosaïse verbond. (Van Rooy, 1977:192 )

Op grond van hierdie onderskeid het verskeie skrywers 'n onderskeid tussen twee tipes verbonde in die Ou Testament getref, nl. die susereiniteitsverbonde en die beskermheerverbonde.

Kline (1964:59) noem die eerste 'n "law covenant" en die tweede 'n "promise covenant". Die Mosaïse verbond is van die eerste tipe en die Abrahamitiese verbond is van die tweede tipe.

Friedman (1964:420) maak dieselfde onderskeid en noem die Mosaïse verbond "a covenant of human obligation" en die Abrahamitiese verbond "a covenant of divine commitment". Alhoewel daar 'n onderskeid is, kan die twee tipes beslis nie radikaal teenoor mekaar gestel word nie.

Van Rooy (1977:193) meen tereg dat daar nie gepoog word om die twee teen mekaar af te speel nie. Albei is uitdrukkinge van die verhouding tussen God en sy volk, al word dit op verskillende maniere uitgedruk. Albei be -

vat beloftes en eise, maar in die Abrahamitiese verbond ontvang die beloftes groter klem, terwyl die eise in die Mosaïse verbonde groter klem ontvang.

Om 'n oorsigtelike beeld te kry oor die struktuur van die verbond in die Ou Testament in vergelyking met die buite-Bybelse staatsverdrae, kan daar gelet word op die feit dat die susereiniteitsverdrae uit die volgende elemente bestaan het:

1. INLEIDING ("PREAMBULE")

Dit het gewoonlik die naam en titel van die groot koning bevat, met die byvoeging van sy vader en voorvaders se besonderhede. Van Rooy (1977:7) wys daarop dat dit meer as 'n formaliteit was om hierdie name in te voeg. Die verhoudings was gebaseer op verhoudings tussen die konings van die onderskeie state.

In hierdie inleiding is die Hetitiese koning aangedui as "die grootkoning, koning van die land Hatti". (Van Rooy, 1977:7) Hy was die enigste opsteller van die verdrag - die eerste verdragsubjek.

2. DIE HISTORIESE PROLOOG

In hierdie historiese proloog word 'n historiese oorsig van die verhouding tussen die grootkoning en sy onderdanige vasal tot op datum gegee. Die beskrywing het gewoonlik daarop neergekom dat die vasal weens die weldade en gunsbewyse van die grootkoning tot ewige dankbaarheid verplig is. (Vgl. Cachet, 1977:42 en Van Rooy, 1977:8.)

3. DIE VERDRAGSBEPALINGE

Hieronder is al die verpligtinge van die vasal ge-

stipuleer. Van Rooy (1977:10) en Cachet (1977:43) gee 'n breedvoerige bespreking van al die verskillende verdragsbepalinge wat in die verskillende verdrae voorgekom het.

In hoofsaak kom dit daarop neer dat die vasal alle lojaliteit, getrouheid en ondersteuning aan die grootkoning moes bewys. Die vasal mag selfs geen belediging van die grootkoning, sy seun of die Hetitiese ryk verduur of self uiter nie en veral geen verdrag met 'n ander koning sluit nie.

## 4. AANWYSINGE IN VERBAND MET DIE LEES EN BEWARING VAN DIE TEKS

Hiervolgens is die vasal verbind om die dokument in 'n heiligdom te bewaar en dit op vasgestelde tye te lees. (Vgl. Van Rooy, 1977:14 en Cachet 1977:43.)

## 5. GETUIES

Hieronder is 'n lys van al die gode van beide partye se name wat ingeroep is, gegee asook die berge riviere, die wind en die wolke, die hemel en die aarde. (Vgl. Van Rooy, 1977:15 en Cachet, 1977:43.)

## 6. VLOEK- EN SEËNFORMULES

Die seën wat op die vasal sou kom indien hy aan die verdrag getrou sou bly, sou bestaan in gewaarborgde heerskappy, ryk oeste, rus in die hart en gemoed.

Die vloek wat ontroue vasalle oor hulleself sou bring, sluit allerlei vernederinge in (om soos 'n hoer naak uitgetrek te word), onvrugbaarmakinge en die dood. Dit was net van toepassing op die vasal wat deur die eed met verdragsluiting 'n selfvervloeking, in geval van verdragbreuk oor homself gebring

het. Die goeie en die slegte gevolge van verdragsonderhouding en - verbreking word ook aan die familie van die vasal toegewens. Daar is dus sprake van 'n kollektiewe verantwoordelikheid by die onderhouding van die verdrag. (Vgl. Cachet, 1977:33 en Van Rooy, 1977:15)

Vandag word dit deur die meeste navorsers erken dat hierdie struktuur van die susereiniteitsverdrae 'n baie duidelike invloed op die struktuur van die verbond in die Ou Testament gehad het. Tereg verklaar Cachet (1977:45): "Die verrassende ooreenkomste bewys dat <u>b<sup>e</sup>rît</u> seremonieel sowel as formeel aan die Ou Ooste <u>ontleen</u> is. Baltzer, wat 'n baie deeglike vergelykende studie gemaak het, kom tereg tot die konklusie: "Ich halte für wahrscheinlich dass auch mit einer direkte Verwendung zu rechnen ist."

Tog het die verbond tussen God en mens in die Ou Testament 'n eie materiële inhoud wat uniek en onvergelykbaar met enige verbond van destyds was. Wat Du Toit ten opsigte van die wette van Hammurabi opgemerk het, is ook hier van toepassing: "dit is duidelik dat die Here in sy openbaring ook hier aangesluit het by wat voorhande was, maar met 'n radikaal ander gees gevul het". (Vgl. Cachet, 1977:89)

## 3. DIE KONINKRYK VAN GOD 'N INTIEME VERBONDSGEMEENSKAP

Wanneer die verbond tussen God en sy volk in die Ou Testament in die lig van die Ou-Oosterse vasalverdrae gesien word as 'n susereiniteitsverbond, dan word die verhouding tussen verbond en koninkryk ook veel meer deursigtig en die onnodige debat in die Gereformeerde teologie, oor wat die primêre uitgangspunt moet wees:

die verbond of die koninkryk van God, heeltemal irrelevant. (1)
God is die Groot Koning, die Suserein van sy volk, wat as sy vasal volledig aan Hom onderworpe is. Tereg verklaar Kline (1968:36): "God's covenant with man may be defined as an administration of God's Lordship, consecrating a people to himself under the sanctions of divine Law. In more general terms, it is a sovereign administration of the kingdom of God. Covenant administration is kingdom administration. The treaties are the legal instruments by which God's kingship is exercised over his creatures."

Die vernaamste verskil tussen die verbond van God met sy volk en die Ou-Oosterse vasalverdrae is dat die verhouding tussen God en mens nooit koud en onpersoonlik is nie, maar 'n warm persoonlike of innerlike gemeenskapsverhouding is.

Helberg (1976:33) het dit baie duidelik aangetoon en verklaar volkome tereg: "Die Koninkryk of koninkryksheerskappy van God het 'n besonder persoonlike en innerlike karakter, in teenstelling tot gewone koningsheerskappy of koningskap - dit raak die mens se hart."

Ook wat die gemeenskapskarakter betref is Helberg (a.w: 34) volkome in die kol as hy verklaar: "Dit gaan nie maar om 'n abstrakte heerskappy van 'n heilige God uit die verte, uit die verre hemel nie; nie maar om 'n blote onderwerping uit 'n magsposisie nie. Gods heerskappy is nie blote krags- of magsuitoefening nie. Dit is ingestel op gemeenskap. Dit is 'n absolute heerskappy van God, maar 'n heerskappy in persoonlike gemeen-

---

(1) Vir 'n breedvoeriger bespreking van die debat oor die verhouding tussen verbond en koninkryk verwys ek net na twee artikels wat in "In die Skriflig" verskyn het. (Vgl. Buys, 1973:7-19 en Van Rooy, 1976:6-8)

skap met die mens."

Hierdie kontras tussen 'n aardse suserein, en die hemelse Suserein, Jahwe, se heerskappy kom veral daarin na vore dat God se heerskappy nie net alomvattend is nie, maar onpeilbaar diep in sy werking. Hy doen wat geen aardse suserein kan doen nie. Hy regeer die mens van binne uit, uit sy hart, sy wese, sy siel. Daarom word juis as deel van die beloftes van die nuwe verbond geproklameer: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem, en julle 'n hart van vlees gee." (Es 36:26)

## 4. DIE VERBONDSLUITING BY SINAI EN DIE STRUKTUUR VAN SUSEREINITEITSVERBONDE

Die verskillende struktuurelemente van 'n susereiniteitsverdrag kan baie duidelik in die gegewens oor die verbondsluiting by Sinai raakgesien word aan die hand van die volgende tabel:

| | |
|---|---|
| 1. Aanhef (Preambule): | "Ek is die Here jou God..." (Eks 20:2a) |
| 2. Historiese proloog: | "wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het." (Eks 20:2b)<br>"Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het." (Eks 19:4) |
| 3. Verdragsbepalinge: | "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie..." (Die hele res van die wet is dan |

deel van die bepalinge. (Eks 20:3 - 23:33.)

4. Aanwysinge in verband met die lees en bewaar van die teks:

"Daarna moet jy in die ark die getuienis sit wat ek jou sal gee." (Eks 25:16 en ook vs. 21.)

"Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die kant van die verbondsark van die Here julle God, dat dit daar as 'n getuie teen jou kan wees." (Deut 31:26)

"Aan die einde van sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytskelding op die huttefees, as die hele Israel kom om te verskyn voor die aangesig van die Here jou God op die plek wat Hy sal uitkies, moet jy hierdie wet voor die hele Israel voor hulle ore lees. (Deut 31:10 en 11; vgl. ook Jos 24:26 en 1 Kon.8:9.)

5. Getuies:

Die uniekheid van die Sinaitiese verbond kom juis hierin na vore dat daar nie 'n lys van godename gegee word nie, want Jahwe die Grootkoning is self die God van sy vasal Israel. Hy beveel juis:
"Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie." (Eks 20:7)

| | | |
|---|---|---|
| 6. | Vloek- en seën-formules: | "Want Ek die Here jou God is 'n jaloerse God, wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat my haat en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat my liefhet en my gebooie onderhou." (Eks 20:5,6)<br><br>Vgl. ook Eks 20:7 en Eks 20:12) wat ooreenkom met die vloek en die seën van die susereiniteitsverdrae. Van Rongen (1966:92 e.v.) wys ook nog op Lev 20:22 Deut 5:32,33) |

Ter verdere verduideliking en motivering van hierdie tabel kan nog enkele opmerkings gemaak word:

1. Die Ou Testament bevat nêrens 'n dokumentêre weergawe van die aktes van $b^e r\bar{\imath}t$ - ooreenkomste nie. Daar word net in die styl van geskiedskrywing verhaal dat 'n $b^e r\bar{\imath}t$ aangegaan is of bestaan het. Cachet (1977:46) stel dit so: "In die Ou Testament is die meer uitvoerige mededelinge oorheersend historiese weergawes, of die neerslag van 'n tradisieverwerking waarin latere motiveringe of kultiese doelstellinge ingekorpureer is."

2. In die inleiding ("preambule") word die soewereine heerskappy van Jahwe as die God van die verbond onomwonde verklaar. Van Rongen (1966:83) maak 'n raak opmerking as hy verklaar: "Onze Catechismus zegt van de 'aanspraak' van 'het Gebed des Heeren', dat daarin direct al eerbied wordt gewekt voor Degene Dien wij aanroepen.

Hetzelfde geld niet minder van de 'preambule' van het Sinaïetische verbond. De HEERE stelt zich hier voor met namen en een herinnering die vrees en vertrouwen willen wekken."

3. Die historiese proloog in die Sinaïtiese verbond het die bedoeling om die latere imperatiewe te fundeer in die heilsindikatief van God se magtige verlossingsdade wat in die geskiedenis bewys is. Kline (1972:115) verklaar tereg: "This element in the covenant document was clearly designed to inspire confidence and gratitude in the vasal and thereby dispose him to attend to the covenant obligations, which constitue the third element in both Exodus 20 and the international treaties."

4. Die dekaloog wat ook genoem word "die tien woorde van die verbond" (Eks 34:28), moet as die kern van die verbondsbepalinge beskou word. Dit word dan op 'n kasuïstiese manier verder in al die ander wette wat in die res van die Sinaïtiese verbond gegee is uitgewerk. Daarom het Kline (1972:117) gelyk as hy beweer: "That this designation is intended as only pars pro toto is confirmed by the fact that 'covenant' ($b^{e}r\hat{\imath}t$; Deut. 4:13) and 'the words of the covenant' are alternate biblical terminology."

5. Kline het oortuigend aangetoon dat die twee tafels van die wet nie so beskou moet word as sou elkeen 'n deel van die wet bevat nie. Albei was volledige afskrifte. Die een was bedoel as die afskrif van die Here en die ander die afskrif vir sy vasal, die volk. Omdat die verbondsark die enigste heiligdom was, wat in die allerheiligste moes staan waar God self onder sy volk teenwoordig was, moes die twee tafels juis daar bewaar word.

> "The specified location of the documents as given in Hitite treaties can be rendered 'under(the feet of)' the god, which would then correspond strikingly to the arrangements in the Israelite holy of holies. (See Exod. 25:22.)" (Kline, 1972:122)

Net soos hierdie parallel tussen die struktuur van die Hetitiese susereiniteitsverbonde en die Sinaïtiese verbond getrek is, is ook die hele boek Deuteronomium op 'n verassende manier met die struktuur van susereiniteitsverbonde vergelyk.

Van Rooy, wat 'n deurtastende wetenskaplike ontleding van die struktuur van Deuteronomium in die lig van die ou Oosterse verdrae gedoen het, kom tot die volgende konklusies: "Die verbondstruktuur in Deuteronomium kan nie heeltemal losgemaak word van die Hetitiese verdrae nie. Daarvoor is die ooreenkomste ten opsigte van die soort elemente en die volgorde daarvan te groot om toevallig te wees. Hoe die oorsprong van die ooreenkoms verklaar moet word, is nie seker nie, maar dat daar 'n ooreenkoms is, kan nie ontken word nie." (Van Rooy, 1977:272)

## 5. DIE STRUKTUUR VAN DIE ABRAHAMITIESE VERBOND

Die verbond van God met Abraham bevat nog minder as die Sinaïtiese verbond 'n volledig uitgewerkte verbondsteks. Daar kan nie sulke duidelike strukturele parallelle met die Hetitiese vasalverdrae aangetoon word nie, en daar kan ook nie 'n volledige uitgewerkte struktuur aangedui word nie.

Tog het verskeie navorsers daarop gewys dat sekere kardinale struktuurelemente van die susereiniteitsverdrae nog in die verbond met Abraham opgemerk kan word. (Vgl. Cachet, 1977:138 e.v.)

Die volgende afleidings oor die struktuur van die verbond kan hieruit afgelei word:

1. Die verbond van God met Abraham het onmiskenbaar die karakter van 'n susereiniteitsverbond deur die eensydige inisiatief wat God by die sluiting van die verbond neem. Die absolute soewereiniteit van God spreek baie duidelik uit woorde soos die van Gen. 17:1b "Ek is God die Almagtige: Wandel voor my aangesig dan sal jy opreg wees." Hierdie woorde vertoon die karaktertrekke van 'n "preambule". (Vgl. ook Cachet, 1977:140 wat verder op verskeie ander aspekte wat dui op 'n "preambule" wys.)

2. Cachet (1977:140, e.v.) toon ook 'n hele aantal gegewens in die verbond met Abraham aan wat met die historiese proloog vergelyk kan word.

3. Wat die verbondsbepalinge betref, is dit baie belangrik om raak te sien dat die Goddelike toesegging nie die gemeenskaplikheid uitgesluit het nie.

   Tereg wys Cachet (1977:148) op die volgende: "Abraham het geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. (Gen. 15:6) Abraham moet steeds voor Jahwe se aangesig wandel en hy mag nie die besnydenisteken nalaat nie. (Gen. 17:12, 14)
   Die verbond is monopleuries van oorsprong maar dupleuries in werking."

## 6. DIE KOLLEKTIEWE IMPLIKASIES VAN DIE VERBOND VOLGENS DIE OU TESTAMENT

Die verbond tussen God en sy volk is nooit bloot individualisties nie. Dit is wesenlik deel van die struktuur van die verbond dat daar kollektiewe impli-

kasies aan verbonde is sonder dat die persoonlike verantwoordelikheid van individuele gelowiges opgehef word.

Kline (1968:85 e.v.) het in sy studies oortuigend aangetoon dat die kollektiewe implikasies van God se verbond baie beter begryp kan word as dit vergelyk word met die stipulasies in verband met troonopvolging in die Ou-Oosterse verdrae.

Die grootvors of suserein het met die koning van 'n vasalstaat die verdrag aangegaan. So 'n koning het dan sy hele ryk en ook sy seuns onder die heerskappy van die suserein gebring.

Nadat Kline breedvoerige bewysvoering uit tekste van Ou-Oosterse verdrae gegee het, konkludeer hy tereg: "In particular, the servant king who was bound by the treaty was bound not alone but together with his subjects and his descendants." (Kline, 1968:87)

Presies so is die verbond, nie net met Abraham nie, maar met sy hele huis en sy hele nageslag gesluit. Gen 17:7 is vir geen misverstand vatbaar nie: "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou." Vgl. ook verder vs. 9 - 14.

Helberg (1980:52) wys daarop dat selfs die slawe en die hele huishouding by die verbond betrek is. "Niemand mog hiervan uitgesluit word nie. Daar is geen moontlikheid om onbetrokke te bly teenoor God se beloftes van genade, sy eis om gehoorsaamheid, en sy oordeel oor verbondsoortreding nie. Dit is God se vrymagtige opdrag, en Hy moet as die absolute heerser erken en eerbiedig word. As iemand nie aan die eis om besny te word voldoen nie, moet hy onder sy volksgenote uitgeroei word (17:4) want dit beteken verwerping van die verbond en van God se soewereiniteit."

Die kollektiewe implikasies van die verbond kom ook na vore in Deut. 29:10 - 15 waar die hele volk en hulle nageslag in die verbondsgemeenskap betrek word en die kontinuïteit met die Abrahamitiese verbond juis daarin gefundeer word.

"Julle staan vandag almal voor die aangesig van die Here julle God: julle hoofde, julle stamme, julle oudstes en julle opsigters - al die manne van Israel; julle kinders, julle vroue en jou vreemdelinge wat binne jou laer is, jou houtkapper sowel as jou waterputter, om oor te gaan in die verbond van die Here jou God - en in sy eedswering - wat die Here jou God vandag met jou sluit, sodat Hy jou vandag vir Hom as volk kan bevestig en vir jou 'n God kan wees, soos Hy jou beloof het, en soos Hy aan jou vaders Abraham , Isak en Jakob met 'n eed beloof het.

En nie met julle alleen maak Ek hierdie verbond en eedswering nie, maar met die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van die Here onse God staan, en met die wat hier vandag nie saam met ons is nie."

Die besnydenis as teken en seël van die verbond het hierdie kollektiewe implikasie van die verbond sterk na vore gebring. Robertson (1980:149) verklaar tereg van die besnydenis: "... it involves the eight-day-old infant, and therefore emphasizes the principle of solidarity between parents and children in the convenantal relationship."

Die kollektiewe aspek van die verbond het egter nie die persoonlike verantwoordelikheid van verbondskinders uitgesluit nie. Die besnydenis as teken van die verbond het daartoe gedien om die beloftes van die verbond te verseël en so die kind tot persoonlike geloofsgehoorsaamheid te verplig. Hulle moes die beloftes in die geloof toe-eien en op grond van die liefde in hulle hart die eise van die verbond nakom.

Helberg (1980:52) het dit treffend na vore gebring as hy verklaar: "Hierdie geskiedenis is duidelik daaroor dat Abraham eers geglo het en geregverdig is, en eers daarna besny is. Hy is deur die geloof geregverdig en nie deur die besnydenis nie. (Gen. 15: 6) Die besnydenis was slegs die beseëling van sy geloof. (Rom 4:11, 12)

Die eintlike en belangrikste saak is die besnydenis van die hart. (Deut. 10:16 , 30:6 ; Jer 4:4), d.w.s. die aflegging van die sondes (Kol 2:11)en onderhouding van die gebooie (1 Kor 7:19)"

Ook Robertson (1980:161) stel dit baie duidelik: "The symbol of circumcission under the old covenant is not the thing which makes a man acceptable to God. Only the true circumcission of the heart by the Spirit accomplishes the cleansing which is sufficient to make a man acceptable to God. (vv 28, 29)"

Die besnydenis se simboliese betekenis kan in vyf punte opgesom word:

1. dit simboliseer inlywing by die verbondsgemeenskap wat opgerig is deur die inisiatief van God se genade ;

2. dit simboliseer die behoefte aan reiniging. Robertson (1980:150) sê tereg: "The hygienic act of the removal of the forskin symbolized the purification necessary for the establishment of a covenant relation between a holy God and an unholy people" ;

3. dit simboliseer die reinigingsproses self. "It is significant in this connection to note that the heart of the covenantal relationship connects immediately with the circumcission seal. Because Jahwe will be Israels God (v 7) the people must be circumcised." (Robertson, 1980:151)

Hierdie reinigingsaspek is treffend deur Jesus self aan die besnydenis verbind volgens Jh 7:22, 23. Wanneer Hy deur die Jode aangespreek word omdat Hy 'n man op die Sabbatdag genees het, beroep Hy hom daarop dat hulle op die Sabbat, indien dit op die agtste dag na iemand se geboorte val, wel die besnydenis toepas en die betrokkene so gedeeltelik reinig. Waarom mag Hy dan nie op die Sabbat die hele mens gesond maak nie;

4. dit simboliseer ook die noodsaak van die voltrekking van oordeel as 'n daad van reiniging.

   Helberg (1980:55) verklaar tereg: "Die mens moet sterf en uit die dood opstaan. Dit is reeds deur die besnydenis geïmpliseer. Die besnydenis het bloedstorting afgebeeld en het te doen gehad met die liggaamsdeel rakende verwekking van lewe. Die besnydenis impliseer dus aflegging of afsterwing van die ou lewe om waarlik te kan lewe ";

5. dit dui op die voortgang van die volk deur die geslagte heen en dat die Here die volk wil reinig om herstel te bring. Robertson is reg as hy beweer: "God intends to deal with families. God in his work of redemption intends to restore the solidarity of the creation order of the family. Instead of setting the natural order of creation against grace, God sets sin over against grace. The promise of the covenant, sealed by the initiating rite of circumcission addresses itself to the solidarity of the family unit." Hier kom die uiters belangrike van die kollektiewe implikasie weer na vore.

## 7. VERBOND EN UITVERKIESING VOLGENS DIE OU TESTAMENT.

Daar is 'n baie noue samehang tussen verbond en uitverkiesing volgens die Ou Testament.

Die verbond word met Abraham en sy nageslag gesluit op grond van hulle verkiesing. (Gen 12:1 - 2 ; 22: 15 - 18 ; 26:4 ; Jes. 41:8, 9 ; Neh 9:7 ) Michael (1958:96) stel dit baie beslis as hy beweer dat die verbond met Abraham en sy nageslag gesluit is op grond van "the election of the people even before its historical existence in the person of Abraham and his descendants." Ook Helberg (1980:174) wys op die verband tussen verbond en uitverkiesing as hy verklaar: "God kies eiemagtig sy 'verbondsvennoot' bepaal self die verpligtinge en lê dit op hom."

Ook by die sluiting van die Mosaïse verbond word die verbond telkens op die uitverkiesing gefundeer, bv. Deut. 7:6 "Want jy is 'n volk heilig aan die Here jou God; jou het die Here jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees."

Kort en kragtig is Van Rongen (1966:113) se kommentaar hierby: "Uitverkiezing, dat is de grondslag waarop het verbond rust."

Daar is baie duidelik geen spanning of botsing tussen verbond en uitverkiesing in die Ou Testament nie. Die verbondsbeloftes en eise geld ewe sterk vir die hele verbondsvolk en nie net vir 'n uitverkore onderdeel van die volk nie. Daar is geen sprake daarvan, dat die verbond uitwendig met die hele volk, maar inwendig slegs met die uitverkorenes onder die volk

gesluit is nie. (1)

Met verwysing na Deut 7:7 - 9; 9:4 - 6 en 23:5 word die liefde van Jahwe as die vernaamste grond genoem waarom die volk uitverkies is. Michael (1958:96) formuleer korrek as hy verklaar: "If God has chosen them, it is because God loved them, and desires to be faithful to His covenant and His promise made to their ancestors." Ook Vriezen (1974:45) kom tot die konklusie as hy ten opsigte van die verkiesing van Israel volgens Deuteronomium verklaar:

---

(1) Om op grond van 'n bepaalde verkiesingsteologie die verbond op te breek in 'n skema van "inwendig" en "uitwendig" is 'n skolastiese sisteemdwang wat vreemd is aan die verbond in die Ou Testament: Vergelyk hiervoor die beredenering van Trimp (1954:158 e.v.)

Aalders (1939:211) maak m.i. ook die fout om vanuit 'n dogmatiese probleemstelling dat die verbond enersyds met die uitverkorenes opgerig is, maar dat daar andersyds tog bondelinge verlore gaan, te opereer met begrippe soos "wese" en "verskyning" van die verbond wat vreemd is aan die Ou Testament en beslis nie eksegeties gefundeer kan word nie. In hierdie verband is dit baie goed om te luister na die waarskuwing van Kline (1968:31 - 35) : "Covenant theology has exhibited a strong bent towards a reduction of covenant to election. To do so is to substitute a logical abstraction for the historical reality and to shunt systematic theology from its peculiar end of systematic sumation."

Ook Van der Merwe (1965:215 e.v.) het oortuigend aangetoon dat Aalders se terminologie van "wese" en "verskyning" eerder die filosofie van Kant reflekteer as die Skrifopenbaring aangaande die verbond.

"Aldus grijpt de jongere deuteronomistische (1) theologie enerzijds naar de liefde Gods, als de onverklaarbare grond van de verkiezing (een reden voor de verkiezing is in Israel niet te vinden)"

Die Ou Testament openbaar ook baie duidelik dat God 'n duidelike missionêre doel gehad het met die verkiesing van Abraham en sy nageslag en die volk Israel.

Michael (1958:97) vat die missionêre doel van die verkiesing van Israel goed saam as hy verklaar: "And yet God's election is not like the arbitrary caprice of a despot; it is always directed towards a precise end, namely, the fulfilment of a plan for the salvation of the world. There is no election for its own sake; there is election for a predetermined mission, for service. The people has been chosen to execute a mission among the nations, and while its election does carry with it certain priveleges (divine blessing, promise, protection and deliverance) it also imposes an obligation which cannot be shed without being unfaithful or breaking the covenant."

Wanneer God met Abraham begin volgens Gen 12:3 dan is die missionêre doelwit onmiddellik in die oog.

"At the very outset the emphasis lies on the importance of God's redemptive purpose for all mankind in the patriarch Abram." (De Ridder, 1971:22., Vgl. ook Blaauw, 1962:19 en Rowley, 1945:65 - 67)

---

(1) 'n Leemte in hierdie andersins deeglike werk van Vriezen is dat hy nog so volledig vasgevang is in die Skrifkritiese bronnesplitsingsteologie. Vir 'n goeie en wetenskaplike uiteensetting van die eenheid van Deuteronomium verwys ek graag na Kline. (1972)

Jacob (1958:204) verklaar volkome tereg: "Election carries service as its necessary corollary; to be the 'am of Yahweh involves being his 'ebed: the two terms are always put in parallel."

Ook Du Plessis , 1963 :49) het volkome gelyk as hy sê: "Israel sou 'n getuie vir die volke word dat God nie die wêreld losgelaat het nie, maar dat Hy sy verlossingswerk volvoer."

Dit is daarom vir die aard van hierdie studie van kardinale belang om daarop te let dat die eise van die verbond dwarsdeur ook 'n missionêre strekking en oogmerk het.

Die uitverkiesing tot 'n missionêre doel is dan ook die grond waarom die volk nie geheel en al verwerp word wanneer hulle die verbond verbreek nie. 'n Uitverkore res word bewaar sodat hulle 'n lig vir die nasies kan wees. (Vgl. bv. Jes 49:6.)

Michael (1958:97) gee 'n raak opsomming hiervan as hy sê: "Though the Lord punishes and tries them, He Himself remains faithful to His promise and to His covenant, and the people's mission continues. Israel will be punished, but a remnant will survive in order to accomplish the will of God."

Ook De Ridder (1971:34) verklaar oor hierdie gedagte - dat die uitverkiesing met 'n missionêre oogmerk die grond is van God se trou ondanks verbondsverbreking - volkome tereg: "When she (Israel, P.J.B.) chose to break the covenant, this did not mean that God had by that same token repudiated her Election. God's purpose included the extension of his long-suffering patience and mercy toward a stiff-necked and hardhearted people (Heb 3:7 - 11) Any reading of the Old Testament, therefore, which neglects God's purpose for the nations and insists that God was interested only in Israel is a misreading of divine revelation."

## 8. ENKELE KONKLUSIES OOR DIE AARD VAN DIE VERBOND VOLGENS DIE OU TESTAMENT

Uit hierdie uiters oorsigtelike weergawe van navorsingsresultate oor die aard van die verbond volgens die Ou Testament kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word. In die res van die verhandeling sal dan ondersoek word in watter mate die gevolgtrekkings ook van die verbond in die Nuwe Testament waar is en watter implikasies dit vir Gereformeerde evangelisasiewerk in die praktyk het.

8.1 Die verbond in die Ou Testament is eensydig in sy ontstaan. (Monopleuries)

Tereg sê Robertson (1980:15): "But recent scholarship has established rather certainly the sovereign character of the administration of the divine covenants in Scripture. Both biblical and extra-biblical evidence point to the unilateral form of covenantal establishment. No such thing as bargaining, bartering, or contracting characterizes the divine covenants of Scripture. The sovereign Lord of heaven and earth dictates the terms of his covenant."

8.2 Die verbond het baie duidelike wedersydse verpligtinge. Van die mens se kant word gehoorsaamheid aan die verbondswette, as blyke van geloofsvertroue, liefde en lojaliteit vereis.

8.3 Die verbond het 'n missionêre doelwit wat die karakter van die verbond bepaal en wesenlik deel is van die eise van die verbond.

8.4 Daar is geen spanning of botsing tussen verbond en uitverkiesing in die Ou Testament nie.

8.5 Die vloek van God, sy verbondswraak, rus op hulle wat die verbond verbreek.

8.6 Wanneer die volk die verbond verbreek het, word hulle, op grond van God se uitverkiesende liefde en trou, herinner aan die beloftes, bevele en die bedreiginge van die verbond.

8.7 Alhoewel die verbond enersyds wat sy struktuur betref, met 'n susereiniteitsverdrag vergelyk kan word, is die eie aard van die verbondsverhouding tussen God en sy volk die van intieme persoonlike gemeenskap.

# HOOFSTUK 3.

# DIE STRUKTUUR VAN DIE VERBOND VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

In hierdie gedeelte van hierdie studie moet bo alles vasgestel word in watter mate die totale evangeliseringsopdrag in die Nuwe Testament verbondsmatig gestruktureerd is, sodat die implikasies daarvan vir praktiese evangelisasie in die laaste hoofstuk deurgetrek kan word.

Om dit te kan doen, moet daar eerstens 'n ontleding gemaak word van die verbondsmatige struktuur en samehang al dan nie van die evangeliseringsopdrag in Mt. 28 en parallelle gedeeltes.

Daarna is dit nodig om 'n studie te maak van die verhouding uitverkiesing en verbond in die lig van die struktuur van die verbond.

Daar sal dan ook navorsing gedoen word oor die kollektiewe implikasies van die verbond en laastens sal die vraag behandel word of daar in die Nuwe Testament steeds sprake is van verbondswraak en verbondsvloek oor hulle wat die verbond verbreek.

## 2. DIE VERBONDSMATIGE STRUKTUUR VAN DIE TOTALE EVANGELISERINGSOPDRAG

### 2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS AS VERTREKPUNT BY DIE UITLEG VAN MATTHEUS 28:18 - 20

Die evangelie volgens Mattheus is al die bes gestruk-

tureerde boek van die Nuwe Testament genoem (Floor, (1983:24). Tasker (1967:25) "... the orderly manner in which the material was presented, made it from the earliest days the most influential of the four Gospels." Daar is 'n merkwaardige afwisseling tussen verhalende en redevoerende stof. Dit kan soos volg aangedui word:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofstuk | 1 - 4 | Verhalende stof |
| | 5 - 7 | Redestof: Die etiek van die koninkryk |
| | 8 - 9 | Verhalende stof |
| | 10 | Redestof: Uitsending van die twaalf |
| | 11- 12 | Verhalende stof |
| | 13 | Redestof: Gelykenisse van die koninkryk |
| | 14- 17 | Verhalende stof |
| | 18 | Redestof: Nederigheid, versigtigheid en vergewensgesindheid, |
| | 19- 22 | Verhalende stof |
| | 23- 25 | Redestof: Strafrede teen die Fariseërs en profetiese rede, |
| | 26- 28 | Verhalende stof (Floor, 1983:25 en Tasker, 1969.:25) |

Die sleutel- of kernmoment van die Evangelie is hoofstuk 13 en daarin veral vers 52:

"Daarom is elke Skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring."

Die belangrike verbinding tussen leerling, dissipel en koninkryk in hierdie vers beklee ook 'n belangrike plek in Mt 28:18 - 20.

In die laaste verse van die Evangelie word oor die koningsheerlikheid van Jesus Christus gepraat.

## 2.2 DIE VERBONDSMATIGE STRUKTUUR VAN MT 28:18 - 20

Otto Michel (1951) en Joachim Jeremias (1967) het belangrike werk gedoen om die parallel tussen die proklamasie van Mt 28:18 - 20 en die intronisasiehymnes in ander Skrifgedeeltes, veral Dan 7:13, 14 aan te toon.

Wanneer die verbondsmatige struktuur van Mt 28:18-20 met gedeeltes soos Gen 12, 15 en 17 vergelyk word, word die soewereiniteit van God egter nog meer beklemtoon en die verbondsmatige struktuur van die totale evangeliseringsopdrag besonder helder.

De Ridder (1971:12) maak 'n belangrike opmerking as hy beweer: "When was a universal covenant with all flesh promulgated and made effective ? This question must be carefully considered. Its answer will provide one of the links that forms the unity of Old and New Testaments, Old and new covenants, and the basis of the offer of free salvation for all."

In die intronisasieseremonies en gepaardgaande hymnes is drie elemente onderskei, nl.:

1. verhoging tot koninklike waardigheid ;

2. Bekendmaking of proklamasie van die verhoging ;

3. die intronisasie of oordrag van die gesag aan die nuwe koning. (Floor 1983:25)

De Ridder (1971:170 - 175) toon aan hoe hierdie elemente wat in Dan 7:13 - 14 voorkom ook in 1 Tm 3:16 ; Flp 2:9 - 11 ; Heb 1:5 - 14 en Mt 28:18 - 20 funksioneer. Hy wys egter met goeie gronde daarop dat waar Jesus se intronisasie in die ander Skrifgedeeltes geproklameer word, in Mt 28:18 - 20 die Koning self sy troontoespraak hou. "This distinction de-

fines the difference between the Matthew 28 passage and the texts from the epistles. Matthew 28 is the thronespeech of the enthroned Lord, not the proclamation of his enthronement."

Dit word dan duidelik as die verbondstruktuur van Mt 28:18 - 20 raakgesien word. Jesus tree as die groot Koning op, die hemelse Suserein, wat die nuwe verbond met sy vasal openbaar, aankondig en implementeer, waardeur God se verbond met sy universele Godsvolk aangekondig word.

Alhoewel al die elemente van die bekende susereiniteitsverbonde nie in Mt 28:18 - 20 raakgesien kan word nie, kan tog die volgende onderskei word:

1. die preambule waarin die Vors sy heerskappy bekendstel ;

2. afkondiging van die verbondstipulasies wat algehele oorgawe en toewyding aan die Suserein ingehou het en

3. 'n belofte van God se seën aan die gehoorsame vasal.

Met gebruikmaking van die gegewens van De Ridder (1971:178) en Floor (1983:25) kan hierdie drie elemente wat in die Abrahamitiese en die Sinaïtiese verbonde voorkom ook in Daniël 7 en in Mt 28, Mk 16 en Jh 20 in die totale evangeliseringsopdrag onderskei word.

Kline (1968:58) maak hierby in 'n voetnoot 'n belangrike bewering oor Dan 7:13 en 14, nl. dat hierdie gedeelte die struktuur van 'n regsgeding deur middel van 'n vuurproef volg, sodat dit die vervulling van die sanksies van die verbond teen verbondsverbrekers beskrywe.

"In connection with the idea of a river of judgement fire, Dan. 7:9 - 10 is of interest. From the throne of Ancient of Days as he sits for judgement there issues a fiery stream. By it the horn making great kingdom claims is consumed (vv 11,26) while the kingdom taken from his is given to the vindicated saints of the Most High as an eternal possession (vv 26,27) The total structure of the passage thus follows the pattern of a judicial ordeal. Compare also the delivering-destroying heavenly fire and the lake of fire and brimstone in Rev. 20:9 ff."

Wat Mt 28:18 - 20 betref wys Kline (1968:175) met rede daarop dat die doop as teken van die nuwe verbond die verbondstruktuur van hierdie verse beklemtoon. "The incorporation of disciples into the jurisdiction of the New Covenant by the baptismal confession of Jesus Christ as Lord is in clear continuity with the tradition of the initiatory oath of allegiance found in Old Testament covenantal engagements (and their extra-biblical counterparts)".

In die lig van al hierdie gegewens kan die verbondstruktuur van die totale evangeliseringsopdrag van Jesus skematies soos volg met die Ou-Testamentiese gegewens vergelyk word:

Vgl. p. 38b

## 2.3 IMPLIKASIES VAN DIE MONOPLEURIESE KARAKTER VAN DIE VERBOND VOLGENS MT 28:18 - 20

Die monopleuriese karakter van die susereiniteits-verbond kan baie duidelik uit Mt 28:18 - 20 afgelei word. Jesus se koningsheerlikheid is allesomvattend soos uit die viervoudige gebruik van die woord "al" blyk.

πασα ἐξουσια
παντα τα ἐθνη
παντα ὅσα ἐντειλαμην ὑμιν
πασας τας ἡμερας

Die soewereine heerskappy van Jesus staan voorop.

"Dies ist der Allmachtswort des Auferstandenen." (Rienecker, 1975:375)

As universele Suserein het hy alle ἐξουσια . Hy oefen daarmee die gesag uit van God self. Niks sal of kan plaasvind, selfs in 'n insonde-gevalle-wêreld wat buite sy gesag en heerskappy om gaan nie.

Hemel en aarde is nou onder die heerskappy van Jesus. Alle dinge in die hemel en op die aarde word betrek in die aanbring van versoening en vrede.

De Ridder (1971:182) sê tereg: "All power has been placed in the hands of the risen Christ exclusively by the Resurrection. All thought of decay and destruction is excluded because the power of the Resurrection consisted in the overthrow of death (Acts 2: 27) This triumph of the Resurrection becomes the heart of the Gospel proclamation (Rom 1 e.g.)"

Die relevansie van die monopleuriese karakter van die verbond en die soewereiniteit van God in evangelisasie sodat dit werklik "God centered evangelism" kan wees, is deur Kuiper soos volg tereg in die lig van

die preambule van Mt 28:18 verwoord:

"The Great Commission is usually thought of as a missionary command. It is that and far more than that. Its theme is The Sovereign Christ. It is a sovereign command to proclaim Him to all nations. It is an unqualified demand for universal recognition of His sovereignty. It is a sure prophecy of the consumation of His sovereignty." (Kuiper,1961:67)

## 2.4 DIE VERBONDSTIPULASIES: MAAK DISSIPELS

Uit die sintaktiese struktuur van Mt 28:18 - 20 kan aangetoon word dat die hoofwerkwoord in vers 19 μαθητευσατε is.

Vgl. die sintaktiese struktuur op p. 40.

18b ἐδοθη

μοι

πασα

ἐξουσια

ἐν οὐρανῳ

και ἐπι γης

19 πορευθεντες οὐν

μαθητευσατε

παντα

τα ἐθνη

βαπτιζοντες

αὐτους

εἰς το ὀνομα

του πατρος

και του ὑιου

και του ἁγιου

πνευματος

διδασκοντες

αὐτους

τερειν

παντα

ὁσα

ἐντειλαμην

ὑμιν

20 και ἰδου

ἐγω

μεθ ὑμων

εἰμι

πασας

τας ἡμερας

ἑως της συντελειας

του αἰωνος

So gesien staan die opdrag om dissipels te maak, sentraal. Die ander drie werkwoorde is as participia aan die hoofwerkwoord ondergeskik.

Hier word dan die sentrale gedagte van die Evangelie volgens Mattheus, wat in Mt 13:52 as die verband tussen dissipel wees en die koningskap van Christus aangedui is, weer baie duidelik na vore gebring en die Evangelie met een van die sentrale gedagtes afgesluit.

Indien die verbondsmatige struktuur van Mt 28:18 -20 erken word en die bevel om dissipels te maak hier as die SENTRALE VERBONDSEIS raakgesien word, sal moet erken word dat die evangeliseringsopdrag tot die sentrum en hart van verbondsgehoorsaamheid behoort !

Blauw (1962:84) is daarom volkome reg as hy sê "Missions is the summons of the Lordship of Christ."

Die Ou Testamentiese bevinding dat God se verbond met sy volk 'n missionêre oogmerk het, word uit Mt. 28:18 - 20 ook baie duidelik in die nuwe verbond voortgesit. In hierdie opsig is daar volledige kontinuïteit tussen die Abrahamitiese, Sinaïtiese en die nuwe verbond in Christus.

Volgens die parallelle verbondseis in Mk 16:15 is die opdrag:
"Verkondig die evangelie ..." Alhoewel Floor (1983:27) tereg daarop wys dat die maak van dissipels nie met die verkondiging van die evangelie geïdentifiseer mag word nie, kan dit tog gestel word dat die sentrale middel in die uitvoering van die opdrag om dissipels te maak, die verkondiging van die evangelie aan die ganse mensdom is. Mense word deur die verkondiging van die evangelie - naamlik dat Jesus vir hulle wat sy vyande is gesterf het, en deur sy bloed versoening met God gee ook geroep om na - volgers, dissipels van die verhoogde Here, Jesus Christus, te word.

Wanneer iemand 'n dissipel van Jesus Christus geword het, het hy onmiddellik onder die verbondseis gekom om ook van ander dissipels te maak.

De Ridder (1971:187) stel dit daarom heeltemal tereg as hy verklaar: "When one responds to his personal call, 'Follow Me' he will have to say to men, 'Follow Him with me!'"

In die lig hiervan is 'n gemeente wat werklik die Bybelse betekenis van God se verbond met sy volk verstaan en geen missionêre ywer openbaar nie, 'n "contradictio in terminis."

Wat die aard van die verbond in die Nuwe Testament betref, is dit baie belangrik om ook reeds in hierdie sentrale eis, tot die maak van dissipels, raak te sien dat die verhouding tussen Jesus as die verhoogde Here, die Suserein van die verbond 'n PERSOONLIKE GEMEENSKAPSVERHOUDING is.

Die Persoon van Jesus staan sentraal. Om sy dissipel te word, beteken om sy heerskappy te aanvaar deur in Hom te glo en Hom te gehoorsaam. De Ridder (1971:186) wys op die resultate van verskeie navorsers in die Nuwe Testamentiese wetenskap oor die begrip μαθητης en konkludeer dan: "There is a supremely personal union implied everywhere in the New Testament when the word μαθητης (disciple) is used. There can be nothing in the life of the disciple that is apart from the Lord and his life. The disciple is drawn into fellowship with him with all they have and are."

Ook Floor (1983:29) wys daarop dat die intiem persoonlike verhouding juis daaruit na vore kom dat die dissipel gedoop moet word in die Naam van die Drie-Enige God. "Hy moet die God in Wie se Naam hy gedoop is, eerbiedig, liefhê en dien. Hy moet hom as 'n Vader gehoorsaam. Die koninkryksheerskappy van God is

immers heeltemal anders as die heerskappy van die aardse konings. In die verbond, in die ryk van God het die heerskappy van God 'n besonder persoonlike karakter. Dit raak die mens se hart."

Hieruit word dit duidelik dat nie net die struktuur van die verbond in die Nuwe Testament ook met die struktuur van die verbond in die Ou Testament ooreenkom nie, maar die eie aard van die intieme gemeenskapsverhouding tussen God en sy nuwe verbondsvolk ook voortgesit word, en inderdaad deur die gebruik van die woord μαθητης in die nuwe verbond geïntensifeer word.

## 2.5 DIE TEKEN VAN DIE NUWE VERBOND: DIE DOOP

Net soos in Gen 17 is dit deel van die verbondstipulasies om die verbondsteken te ontvang. In Mt 28:19 is βαπτιζοντες en διδασκοντες as praesens participia die wyse waarvolgens die kernopdrag, nl. μαθητευσατε uitgevoer word.

Floor (1983:27) is van mening dat die doop en die onderrig die twee kante weergee van die maak tot dissipels. "Die 'doop hulle' wys op die indikatief, en 'leer hulle' wys op die imperatief van dissipelskap. In die doop kom die gawe van Christus se heil na ons toe en deur alles te onderhou wat Jesus beveel het, kry dit gestalte in ons lewe."

De Ridder (1971:190) is reg as hy verklaar: "... the recipient is brought under the promises and sanctions of the covenant through baptism and instruction. Baptism is the sign of consecration and discipleship in the New Covenant. Its meaning is life, the new life, that has been made possible by their participation in the death and the resurrection of Christ."

Dit is egter nie so dat die doop self die lewe gee nie. Die doop is die teken daarvan dat iemand reg-

tens onder die heerskappy van die Koning gekom het.

Dit word veral duidelik as die uitdrukking εἰς τὸ ὄνομα reg verstaan word.

De Ridder (1971:190) het daarop gewys dat die verbondsagtergrond van die doop bevestig word as die Ou Testamentiese en Rabbynse agtergronde van εἰς τὸ ὄνομα nagegaan word.

In die lig van Deut 28:9-10; Jes 63:19 en Num 6:22 - 27 (waar die Ääronitiese seën impliseer dat die Naam van God op sy volk geplaas word) is dit baie duidelik dat εἰς τὸ ὄνομα 'n eienaarskapsverhouding impliseer.

Uit die Rabbynse literatuur (Vgl. Strack-Billerbeck, 1974:1054 e.v.) kan drie belangrike afleidings oor die betekenis van εἰς τὸ ὄνομα gemaak word.

1. Slawe was verplig om die doop te ontvang wanneer hulle tot 'n Joodse huishouding toegetree het "in die naam van slawerny. Wanneer hulle vrygelaat is, moes hulle weer gedoop word "in die naam van vryheid." <u>Hierdeur is dus 'n bepaalde regsverhouding gesimboliseer.</u>

2. Offers moes in die naam van ses dinge gebring word: In die naam van die offer, die offeraar, God, die altaar, die aangename geur en die welbehae van God. Die offer is dus gebring met die oog op sy intensie, tot voordeel van die offeraar, ter wille van God, met die oog op die heilige vuur, (sodat dit behoorlik kon ontvlam) met die oog op die aangename geur en met die oog op die vreugde wat God daarin sou vind.

   So gesien beteken om in die Naam van God gedoop te word dus om die dopeling ter wille van

God aan sy heerskappy oor te dra sodat die intensie om onder sy heerskappy te lewe, 'n groter werklikheid kan word.

3. 'n Israeliet kon 'n Samaritaan besny, maar 'n Samaritaan nie 'n Israeliet nie, omdat Samaritane besny het in die naam van die berg Geresim, met ander woorde met die doel om die god van die Samaritane wat daar aanbid is, te vereer.

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die doop die dopeling in 'n verhouding tot die Drie-Enige God stel. "De uitdrukking doopen in (lett.) tot den naam enz. wil zeggen dat door den doop de doopeling tot de gemeenschap en onder het zeggenschap gebracht wordt van Hem, in wiens naam hij gedoopt is." (Ridderbos, 1946:262)

Om in die Naam van die Vader gedoop te word, beteken om die merk te ontvang dat die dopeling onder sy Vaderlike, Koninklike sorg gekom het. (Floor, 1983:29)

Om in die Naam van die Seun gedoop te word, beteken om tot eiendom van Christus gestempel of verseël te word. Dit dui 'n regeringsverandering aan. "Deur dit wat in die doop beteken en verseël word, bevry God die mens uit slawerny van die sonde en die dood en stel hom onder 'n nuwe Koning, onder Wie hy vry is om 'n nuwe lewe te lei." (Floor 1983:29)

Om in die Naam van die Heilige Gees gedoop te word, beteken dat die dopeling onder die gesag, regime van die Heilige Gees gebring is. Die genadige inwerking van die Heilige Gees, is in die doop 'n heilstoesegging aan die dopeling.

Waar die bondeling in die ou verbond in die Naam van Jahwe besny is, kom die ryker Godsopenbaring van die nuwe verbond daarin na vore dat bondelinge in die Naam van die Drie-Enige God gedoop word.

Wanneer die dopeling sy doop verstaan en die genadeheerskappy van die Drie-Enige God in sy handel en wandel erken, eien die dopeling die heil wat in die doop aan hom toegesê is inderdaad deur die krag van die Heilige Gees toe.

Die onverbreekbare eenheid tussen belofte en eis van die verbond moet hier baie goed raakgesien word. Kline (1968:32) maak in hierdie verband die belangrike diepsinnige opmerking dat in alle verbonde die mens op grond van die onderhouding van die eise van die verbond gered word. In die nuwe verbond het Christus egter nie net representatief die eise in ons plek nagekom nie, maar gee Hy ons die belofte dat Hy ons, deur sy Gees, die eise van die verbond sal laat nakom. Die verhouding tussen die eise van die verbond en die gewaarborgde belofte van die genadige inwerking van die Heilige Gees waardeur die eise van die verbond nagekom word, kan vergelyk word met die ondeurgrondelike misterie van God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid.

Die mens se verantwoordelikheid in die toe-eiening van die beloofde heil word juis sigbaar waar hy alles onderhou wat Jesus beveel het.

De Ridder (1971:194) gee 'n juiste verklaring van διδασκοντες in hierdie perikoop as hy sê: "The total dominion over the whole creation must come to expression in a total dedication and submission to what Jesus commanded. Therefore, 'all I have commanded you' includes not merely the thought of the content of the proclamation, but what is more central, it refers to the total scope of one's obedience and commitment to the Lord of the covenant. Nothing in all life's relationships lies outside the area of subjection to Him. It is as though Christ is saying through the witnesses in all ages, 'You have been made the object of salvation; prove it now true that you know it.'"

## 2.6 SENTRALE BELOFTE VAN DIE VERBOND: EMMANUEL

Die merkwaardige eenheid en geheelstruktuur van die Evangelie volgens Mattheus kom daarin na vore dat die laaste hoofstuk afsluit met die belofte wat in die eerste hoofstuk gegee is. Die openingsakkoorde is die geweldige belofte van: Emmanuel, God met ons, (Mt 1:23) wat in die geboorte van Jesus vervul is. Hiermee word ook afgesluit in die slotbelofte: "En kyk, Ek is met julle, al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld."

Uit die parallel met Gen 17 is dit duidelik dat die sentrale belofte van die verbond: "Ek sal vir jou 'n God wees en vir jou nageslag na jou", wat soos 'n goue draad deur die Ou Testament loop en in die nuwe verbond volgens Jer 31:33 en 34 geïntensifeer word, hier, sentraal staan.

Wanneer hierdie belofte met Jer 31:33 en 34 en Jh 20; 22 vergelyk word, is dit duidelik dat Jesus self deur die Heilige Gees teenwoordig is.

Dit gee aan die kerk as die nuwe verbondsgemeenskap die sekerheid dat Hy self die Subjek is in die uitvoering van die verbondseis om dissipels te maak.

"He rather promised to be the fulfiller of the covenant, his disciples working with him, rather than he working with his disciples." (De Ridder, 1971:195)

## 2.7 KONKLUSIES

In die lig van hierdie ondersoek na die verbondstruktuur van die totale evangeliseringsopdrag, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

2.7.1 die evangeliseringsopdrag aan die kerk as die nuwe verbondsgemeenskap is baie duidelik verbondsmatig gestruktureer ;

2.7.2 die evangeliseringsopdrag aan die kerk is 'n normale en sentrale verbondseis ;

2.7.3 net soos in die Ou Testament die geval is het die verbond ook in die Nuwe Testament 'n missionêre oogmerk ;

7.7.4 die soewereiniteit van God in die evangeliseringsopdrag van die kerk kom die beste tot sy reg as die monopleuriese karakter van die verbond raakgesien word ;

2.7.5 die verbond behels 'n persoonlike verhouding tussen God en die gelowige, maar dit het tegelyk ook 'n forensiese karakter ;

2.7.6 wat die struktuur van die verbond betref, is daar volledige kontinuïteit tussen Ou en Nuwe Testament ;

2.7.7 daar is 'n onverbreekbare eenheid tussen belofte en eis in die verbond ;

2.7.8 die sentrale belofte van die verbond, nl. God se persoonlike teenwoordigheid, gee die troosryke belofte dat Hy self die Subjek is in die uitvoering van die kerk se evangeliseringsopdrag.

## 3. DIE AARD VAN DIE VERBOND IN DIE LIG VAN DIE VERHOUDING TUSSEN UITVERKIESING EN VERBOND

### 3.1 AKTUALITEIT VAN DIE PROBLEEMSTELLING

In die eerste deel van hierdie studie, waar 'n kort samevatting van die navorsingsresultate van die struktuur van die verbond volgens die Ou Testament gegee is, is daar aangetoon dat daar geen spanning of botsing tussen verbond en uitverkiesing is nie.

Wanneer daar 'n bepaalde reduksie in die verbondsgemeenskap plaasvind, word volhardende ontroue verbondsverbrekers uitgesluit. Die res wat oorbly - die boom waarvan die takke afgekap is - bly op grond van God se uitverkiesende liefde oor.

Merkwaardig is nou dat bestryders van die reg van die kinderdoop beweer dat daar tussen ou en nuwe verbond in hierdie verband 'n diskontinuïteit is. Waar die verbond volgens die Ou Testament die hele volk ingesluit het, word die nuwe verbond volgens hulle net met die uitverkorenes opgerig.

'n Goeie eksponent van hierdie "Reformed Baptists" is David Kingdon in sy boek "Children of Abraham." (1975)

Hy redeneer soos volg:

> In die Abrahamitiese verbond het God langs die genealogiese lyn van geslagte gewerk: "By being born into a Israelite family, or more precisely a clan, the male child entered, upon receiving the sign of circumcission, into the covenant community through the clan or family." (1975:74)
>
> By die nuwe verbond kom daar egter sprake van 'n uitverkore res. Die nuwe verbond word slegs met die uitverkore res gesluit. Iemand is van die nuwe verbondsgemeenskap lid, nie deur vleeslike geboorte nie, maar deur wedergeboorte.
>
> "Quite obviously the basis of membership of the remnant is different from the basis of membership of the covenant people. In the latter case birth sufficed for membership, but in the former it did not. Those belonging to the remnant 'trembled at the word', they were circumcised in heart, they did not bow the knee to Baal. In other words not natural but spiritual birth constituted them members of the remnant." (1975):75)

Omdat die nuwe verbond uitsluitlik langs die weg van wedergeboorte met uitverkorenes opgerig word, is kinders wat nog nie hulle geloof kan bewys nie, daarby uitgesluit en die kinderdoop dus verkeerd. (1)

"Thus the election of the new covenant people within the national election of Israel, of the true Israel within Israel, brings about a change in the relation of children to the people of God." (1975:76)

Die kernuitgangspunt van hierdie redenasie is: Die Nuwe verbond word slegs met die uitverkorenes opgerig.

Daar is egter gereformeerdes wat die kinderdoop wel aanvaar, verdedig en toepas, maar tog ook dieselfde uitgangspunt het, nl. dat die verbond net met die uitverkorenes opgerig word. Tog word erken dat die doop van kinders 'n inlywing by die nuwe verbond impliseer, selfs al kan daar nie van alle kinders gesê word dat hulle uitverkies is nie. Om die dilemma dat baie gedoopte kinders tog verlore gaan, en dus nie uitverkies is nie, op te los, is 'n skolastieke onderskeiding van "inwendige" en "uitwendige" verbond ter hand geneem.

Tereg het G.C.H. Aalders (1939:210) aangetoon dat hierdie onderskeiding deur H.H. Kuyper, Kraan, en L. v.d. Zanden aangewend is en daarby verklaar: "Voor zulk eene onderscheiding is in de H. Schrift echter niet de minste grond."

---

(1) In die laaste gedeelte van hierdie studie wanneer die implikasies van die aard van die verbond vir praktiese evangelisasiewerk aangetoon sal word, sal aangetoon word dat hierdie standpunt die gesinsbenadering in evangelisasie uitsluit.

Myns insiens kry Aalders dit tog nie reg om hom aan hierdie skolastiese redenasies te ontworstel nie, omdat hy op die volgende bladsy met die onderskeiding "wezen" en "verschijning" van die verbond maar weer met dieselfde skip onder 'n ander vlag voortvaar. Die "weze" van die verbond is dan die verbond soos wat dit met die uitverkorenes opgerig is en die "verskyning" is soos wat dit met alle vleeslike kinders wat uit gelowige ouers gebore word, opgerig word. Wat Aalders van "inwendig" en "uitwendig" sê, kan myns insiens ook van sy onderskeiding van "weze" en "verschijning" gestel word: "Voor zulk eene onderscheiding is in de H. Schrift echter niet de minste grond." (Aalders, 1939:210 vgl. ook die kommentaar van Van der Merwe 1965:215 oor hierdie onderskeiding.) Trimp(1954:158) het aangetoon dat enige redenasie wat die uitverkiesing en die verbond haaks op mekaar plaas, die verbond op 'n onbybelse manier in twee dele opbreek.

Hy toon dit met die volgende skets aan:

| VER- | | | BOND |
| --- | --- | --- | --- |
| A. Kern of wese van die verbond. | | UITVERKIESING | B. Kring of verskyning van die verbond |
| 1. Belofte en eis van die verbond | 1. Onvoorwaardelike heilsbelofte | | 1. Voorwaardelike aanbod van genade |
| 2. Sakrament van die verbond | 2. Vol sakrament (integriteit nr. 1 ) | | 2. Nie-vol sakrament (integriteit nr. 2) |
| 3. Heiliging van die verbond | 3. Inwendige heiligheid | | 3. Uitwendige heiligheid |
| 4. Roeping van die verbond | 4. Inwendige roeping | | 4. Uitwendige roeping |
| 5. Volk van die verbond | 5. Kinders van die belofte | | 5. Kinders van die vlees (verworpenes) |

Wat vir praktiese evangelisasie ontsaglik belangrik is, is dat die belofte van heil aan die verworpenes volgens hierdie skets tot 'n voorwaardelike aanbod van genade ontkrag word.

"Het aanbod van genade, de voorwaardelijke belofte, die met bijzondere kracht uitgaat tot allen, die leven in de kring des verbonds, is geen 'belofte' meer; het is niet het volle Evangelie Gods: Christus met al Zijn weldaden." (Trimp,:159)

Dit is egter nie vir die opset en aard van hierdie studie nodig om in hierdie stadium tot die dogmatiese debat toe te tree en al die dogmatiese aspekte rondom verbond en uitverkiesing aan te sny nie. Die bedoeling met hierdie kort weergawe van standpunte is slegs om die aktualiteit van die onderwerp, veral met die oog op praktiese evangelisasiewerk te beklemtoon voordat enkele lyne vanuit die Nuwe Testament getrek word om die grondliggende Bybelse beginsels neer te lê.

## 3.2 ENKELE RIGLYNE VANUIT ROMEINE 9 - 11

### 3.2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

3.2.1.1 Dit is vir die doel en opset van hierdie studie nie moontlik om 'n volledige en indringende eksegetiese studie van Romeine 9 - 11 te maak nie. Slegs relevante Skrifbeginsels sal daaruit aangetoon word.

3.2.1.2 Enkele verse wat lig werp op die vraag na die verhouding tussen verbond en uitverkiesing sal meer indringend ontleed word, waaronder veral hoofstuk 9:1 - 13. Hierby maak ek gebruik van die metode van sintaktiese struktuurontleding van Prof.

Fika van Rensburg (1982) om die resultaat van indringende eksegetiese navorsing deursigtig en oorsigtelik voor te stel.

### 3.2.2 UITLEG VAN ROMEINE 9:1 - 13


Die verband tussen Romeine 1 - 8 en Romeine 9 - 11 is baie belangrik. Myns insiens is De Villiers (1982:199) reg as hy in aansluiting by Schlier van mening is dat die sentrale tema van die Romeineboek, nl. δικαιοσυνε του θεου in Romeine 9 - 11 voortgesit word. "In Romans 9 - 11 we also have to do with the δικαιοσονε του θεου and with the δικαιοσονη εκ τηϛ πιστεωϛ that is, with the revelation of God's faithfulness to his covenant which was revealed in Christ and the gospel, which saves him who accepts Christ and places him in the right relationship with God."

In Rm 9 - 11 word Israel dan as die groot voorbeeld voorgehou, van hoe God juis getrou bly aan sy verbond en dat daar 'n duidelike kontinuïteit is tussen die verbond in die Ou Testament en die verbond in die Nuwe Testament.

Uit die semantiese en sintaktiese struktuurontleding kan dan ook baie duidelik die direkte aansluiting by Rm 8:1 - 39 raakgesien word.

Die tema van hoofstuk 8 is dat daar geen veroordeling is vir die wat ἐν χριστῳ is nie. (So ook Van Rensburg, 1982:163) Met 'n magtige lofsang word Rm 8:39 met die tema afgesluit: Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar ἐν χριστῳ is nie.

Hoofstuk 9 sluit dan direk daarby aan sonder een van die gebruiklike semanties beduidende neweskikkende voegwoorde wat so telkens in Romeine 8 nuwe gedagte-eenhede ingelei het.
(Vgl. Van Rensburg,1982:161)



λεγω ἀληθειαν slaan direk terug op hoofstuk 8.

Die waarheid wat Paulus sê is: Net vir diegene ἐν χριστῳ is daar geen veroordeling nie.

Die implikasie van die hele hoofstuk 9 is dat Paulus se eie mense, Israel, God se verbondsvolk egter nog nie ἐν χριστῳ is nie. Dit maak hom bitter hartseer en bedroef. Hy sou selfs kon wens om self ἀπο του χριστου te wees as hulle maar daardeur gered kon word.

Die hartseer van Paulus omdat sy mense nie ἐν χριστῳ is nie, word begryp as daar na al die voorregte gekyk word, wat hulle as volk ontvang het.

(Vgl. sintaktiese struktuur op p.57)

4 οἵτινες

→ εἰσιν → Ἰσραηλιται

→ ὧν

ἡ υἱοθεσια

και ἡ δοξα

και αἱ διαθηκαι

και ἡ νομοθεσια

και ἡ λατρεια

και αἱ ἐπαγγελια

→ ὧν

οἱ πατερες

→ και ἐξ ὧν

ὁ Χριστος

→ το κατα σαρκα

5 → ὁ ὢν

→ ἐπι παντων

→ θεος

→ εὐλογητος

→ εἰς τους αἰωνας

ἀμην

Uit vs 4 en 5 blyk die ontsaglike gawes wat Israel ontvang het.

Met die gebruik van die gelade begrip ἱσραηλιται gryp hy terug op hulle verkiesing (Vg. Gen 32:39 ; Rm 11:1 en 2 Kor 11:22, so ook De Villiers, 1982:201; Ridderbos 1959:207 en Michel, 1966:227) en gee daarmee 'n samevatting van al die ander prerogatiewe wat in die volgende woorde uitgestippel word. Met die oog op hierdie studie is dit nodig om enkele opmerkings by die verskillende prerogatiewe wat Israel ontvang het te maak. υἱοθεσια is die reg om kind van God te wees. Israel is uit al die volke as seun van God aangeneem (vgl. Eks 4:22: Deut 14:1,Hos 1:10; 11:1 en ook Ridderbos, 1959:207) δοζα slaan op 'n lewe in die glans van God se nabyheid. διαθηκαι is volgens die beste tekskritiese getuienis 'n meervoud en dit slaan op die verskillende bevestigings waar die verbond gesluit is, met Abraham, Gen 15; Gen 17, met Isak, Jakob, Sinai, Dawid, ens. "Met hen heeft God herhaaldelijk het verbond gesloten en telkens weer zijn verbond bevestigd." (Jager, s.j.:178) νομοθεσια slaan op die Thorah wat as unieke lewensreëls vir 'n lewe in ware gemeenskap met God gegee is. λατρεια slaan op die unieke kultiese aspekte van Israel se godsdiens. ἐπαγγελιαι dui op al die genadige toesegginge van God aan die verbondsvolk. Jager (s.j.:278) verwys na die uiters belangrike opmerking van Greydanus datἐπαγγελιαι ten dele saaklik dieselfde is as λογια του θεου van 3:2.

Uit hierdie opeenstapeling van Israel se prerogatiewe binne die hele sintaktiese, semantiese en gedagtestruktuur is een saak baie duidelik: Iemand kan al die prerogatiewe hê en nog buite Christus wees sodat hy nie deel kry aan hierdie heilsprerogatiewe nie.

Tereg sê De Villiers (1982:202) "Israel is the chosen people of God and yet refuses the salvation he wants to give. This enigma is explained in the following section."


In die lig van die feit dat Israel tans buite Christus is, word die vraag nou veronderstel: Is Israel dalk buite Christus omdat al daardie heilsprerogatiewe kragteloos was ? Het God dit dalk net "uitwendig" gegee en nie "inwendig" nie ? Was dit dalk net 'n "verskyning" en nie die "wese" van sy heilstoeseggings wat hulle ontvang het ? Het die woord van God verval ? Uit die sintaktiese en semantiese struktuurontleding word dit duidelik dat die vraag wat in Rm 9:6 gestel word, die hele verdere gedagtegang tot en met vs 13 bepaal.

Vgl. sintaktiese struktuur op p. 60.

6

7

8


ὀυχ οἷον
(ἔστιν) δε
ὅτι ἐκπεπτωκεν
ὁ λογοϛ
του θεου
ὀυ γαρ παντεϛ
οἱ εξ Ἰσραηλ
οὗτοι
(οἱ) (ἐισιν) Ἰσραηλ
οὐδε
ὅτι ἐισιν
σπερμα
Ἀβρααμ
παντεϛ
(οἱ) (εἰσιν) τεκνα
ἀλλ' ἐν Ἰσαακ
κληθησεται
σοι
σπερμα
τουτ

De Villiers (1982:202) maak 'n uiters belangrike opmerking vir die verstaan van hierdie perikoop as hy met instemming by Käseman 'n parallel trek tussen ὁ λογος του θεου van vs 6 en λογια του θεου van 3:2. So gesien gryp ὁ λογος του θεου terug op ἐπαγγελιαι in vs 4, maar sluit ook al die heilsprerogatiewe wat daar gegee is in.


Greydanus verklaar ὁ λογος του θεου tereg as "Heel het verbond dat God aan Abraham en Israel geschonken had, met al zijn toezeggingen." (Jager, s.j.:180) Michel (1966: 231) is m.i. verkeerd as hy ὁ λογος του θεου enger wil opneem.

Die feit dat Israel tans nie al God se heilsprerogatiewe toe-eien nie, beteken hoegenaamd nie dat hulle ongeloof God se beloftes kragteloos gemaak het nie.

Jager (s.j.:181) sê volkome tereg: "Het is zeker niet goed te zeggen: de beloften van heil golden niet voor alle Israelieten, maar alleen voor Israel in engere zin. Dat zou in directe strijd komen met het voorafgaande: hunner zijn de beloften."

Die res van die redenasie toon dan aan dat daar 'n bepaalde <u>reduksie</u> in God se bemoeienis met sy volk gekom het. Die diepste verklaring agter die reduksie is God se soewereiniteit wat agter God se volharding met Israel, ondanks hulle ongeloof (9:30 - 10:4), lê: Nie almal uit Israel is Israel nie. Die grondstelling dat nie almal uit Israel Israel is nie, word dan deur twee bewyse uit die Ou Testament geïllustreer, nl. Isak en Ismael en Jakob en Esau. Vers 8 en 9 toon aan hoe die eerste reduksie gekom het. Die Skrifbewys daarvoor dat nie almal uit Isra-

el Israel is nie, en dat nie Abraham se hele nageslag lett. (saad) almal kinders van God is nie, maar dat slegs Isak die nageslag van Abraham genoem sal word, word nou verder verduidelik en 'n onderskeid word gemaak tussen kinders na die vlees τεκνα της σαρκος en τεκνα της επαγγελιας



Hier word op die beloftekarakter in die voortgang van God se verbond alle klem gelê. τεκνα της σαρκος en τεκνα της επαγγελιας word gekontrasteer.

Slegs die wat uit God se beloftes leef, word as kinders van God beskou. Daarom word die beskouing dat die natuurlike geslag outomaties kinders van God is, hier geheel en al afgesny.

"Bij het kindschap Gods komt het niet aan op vleselijke afstamming, maar op belofte en geloof aan die belofte en geboorte uit die belofte." (Jager, s.j.:183) Tereg wys Coetzee (1965:166) daarop dat daar 'n reduksie kom omdat die ongelowige Israeliete afgesny is. Ook Du Plessis (1963:163 e.v.) toon aan hoe hierdie reduksie 'n beginsel in die hele openbaringsgeskiedenis van die volk Israel is.

By vs. 10 - 13 word 'n tweede reduksie aangetoon en so die τουτ εστιν van vs 8 met verdere Skrifbewyse uit die Ou Testament begrond.

Vgl. die sintaktiese struktuur op p. 64.

10 οὐ μονον δε
ἀλλα

και
Ρεβεκκα
ἐξ ἑνος
κοιτην
ἐχουσα (ἡν)
Ἰσαακ
του πατρος
ἡμων

11 μηπω γαρ γεννεθεντων
μηδε πραξαντων
τι
ἀγαθον
ἢ φαυλον

Dit het God gedoen
ἱνα
ἡ
κατ ἐκλογην
προθησις
του θεου
μενη
οὐκ ἐξ ἐργων
ἀλλ ἐκ του καλουντος

12 ἐρρεθη
αὐτῃ
ὁ μειζων
δουλευσει
τῳ ἐλασσονι

13 καθως γεγραπται
τον Ἰακωβ
ἠγαπησα
τον δε Ἐσαυ
ἐμισησα

Alhoewel Rebekka uit een en dieselfde swangerskap twee kinders gebaar het, het daar 'n verdere reduksie gekom en Esau is uitgesluit. Die genadekarakter van die verbond en die voortgang van die verbond tussen God en sy volk word weer sterk beklemtoon. Daar is geen sprake van enige verdienste nie.

Die diepste grond vir God se trou aan die verbond is: Sodat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep.

Jager (s.j.:186 en 187) gaan m.i. te ver as hy beweer dat hier geen sprake is van verkiesing en verwerping tot heil en saligheid nie en dat ἐκλογην hier in die algemene sin van uitverkies tot 'n bepaalde plek in die openbaringsgeskiedenis gebruik word, sodat ἐκλεγεσθαι hier sinoniem is met κλεσις.

Uit die sintaktiese analise kan duidelik gesien word dat προθησις κατ εκλογην 'n kardinale plek beklee.

So ook by De Villiers (1982:203) en Louw, 1979:99) "ἐκλογε is the vital feature."

Dit is wel so dat die fokus hier nie op individuele verkiesing en verwerping van gelowiges val nie. Dit gaan om God se vrymagtige voortgang met sy volk.

Ridderbos (1959:229) is reg as hy verklaar:

"In de wijze waarop God zich Israel heeft verkoren en geformeerd als zijn volk, ligt tevens het grondpatroon voor de formatie van de christelijke gemeente en van het

tobehoren daartoe; dat is de algemene strekking van de vss 6 - 13, vgl. ook Gl 4:21 - 31. Daarom is in de geschiedenis van de exegese, al heeft men het heilshistorische gezichtspunt dikwijls miskend en al te haastig tot het persoonlijke geconcludeerd, toch terecht Rom 9 telkens weer beschouwd als het hoofdstuk waarin het over de laatste gronden en zekerheden gaat van het delen in het heil."

Die laaste Skrifbewys in vers 13 is 'n aanhaling uit Mal 1:2 en 3, "Jakob het ek liefgehad maar Esau het ek gehaat." Daarmee word baie duidelik nie van Jakob en Esau as individue gepraat nie, maar van die volke wat uit hulle voortgekom het. Die kollektiewe karakter van God se verbond word dwarsdeur Rm 9 - 11 aan die lig gebring. (Jager s.j.:187 en Ridderbos 1959:214)

Ridderbos (1959:230) wys tereg daarop dat die hele hoofstuk 9 wys op God se vrymag om "uit dezelfde zondige mensen sommigen de hun verdiende straf te doen ondergaan, anderen te stellen tot toonbeelden van zijn genade."

### 3.2.3 GEVOLGTREKKING IN VERBAND MET DIE AARD VAN DIE VERBOND AFGELEI UIT DIE UITLEG VAN ROMEINE 9:1 - 13

1. God tree in die sluiting en handhawing van die verbond met sy volk vrymagtig op.
2. Die verbondsbeloftes word met volle krag aan die hele nageslag van Abraham aangebied. (Rm 9:4 en 5) Nie net aan die uitverkorenes nie.

3. Ongelowige verbondsbrekers word uit die verbondsgemeenskap uitgesny.

4. Die verbond word op grond van God se vrymagtige uitverkiesende genade voortgesit en in stand gehou.

5. Dwarsdeur die openbaringsgeskiedenis het die verbond 'n kollektiewe gemeenskapskarakter.

### 3.2.4 GEGEWENS UIT ROMEINE 11

Vir die aard van hierdie studie is dit nie moontlik of nodig om ook die hele Romeine 11 indringend te ontleed nie. Dit sou die studie te omvangryk maak.

Omdat Rm 9 en 11 in 'n groot mate parallel loop (vgl. Coetzee, 1965:157 ev) wat die beklemtoning van God se trou aan die verbondsvolk betref, wil ons hier slegs verwys na die verse wat die bevindings wat uit Rm 9:1 - 13 gemaak is, bevestig en aanvul.

In Rm 11:1 - 9 word teruggegryp op die argumente van Rm 9:1 - 13 deur ten sterkste te ontken dat God sy volk verstoot het. (Rm 11:1)

God se trou aan sy verbond word dan weer op sy getrouheid kragtens uitverkiesende genade gegrond. God volhard met 'n uitverkore res net soos in die tyd van Elia. (vs 4 - 7) "Net so is dit vandag: daar is 'n oorblyfsel, wat uit genade deur God uitverkies is." (vs 5) .

Ridderbos (1959:248) wys heeltemal tereg daarop dat ἐκλογην in 11:5 net soos in 9:11 as die vaste beginsel neergelê word waarvolgens God met sy volk handel en dat

Israel in die lig daarvan beskou moet word.

Wat egter hier belangrik is vir die kollektiewe karakter van die verbond, is dat λειμμα verteenwoordigend van die hele volk is, die kern van Israel. (Vgl. Coetzee, 1965:176)

Coetzee haal die raak formulering van Nygren in hierdie verband aan : "To understand Paul's use of the concept λειμμα , 'remnant' or 'remainder' it is important to keep in mind... that ... he is not thinking in modern individualistic categories .. The question is not the attitude of God to certain individual members of Israel, but His attitude to his people ... Even if the great majority in Israel has fallen under God's judgment of rejection, Israel still exists as the people of God; it continues in the 'remnant'. A remnant is not just a group of seperate individuals taken out of a people doomed to overthrow; it is itself the chosen people, it is Israel in nuce. In the 'remnant' Israel lives on as the chosen people of God, but in such a way that all is left absolutely in God's hand."

Vir die doel van hierdie studie en ter bevestiging van die konklusies oor die aard van die verbond in die lig van Rm 9:1 - 13 is dit belangrik om te let op die beeld van die olyfboom in Rm 11:17 - 24.
Veral die konklusie dat die ongelowige verbondskinders uit die verbondsgemeenskap uitgesny word, word met die beeld bevestig.

Die feit dat daar takke afgekap word, beteken nie dat God se bemoeienis met die boom as geheel opgehou het nie. Al word die takke afgekap, gaan God se bemoeienis met sy volk voort.

Van kardinale belang is juis ook die feit dat die takke wat afgekap is, moontlik weer teruggeënt kan word, vs 23.

"As hulle nie in ongeloof volhard nie, sal hulle ook geënt word, want God is in staat om hulle terug te ent." Daar is dus nog, wat Israel betref, 'n oop situasie omdat die weg tot die heil van die Here nie finaal afgesluit is nie.

Andersyds rus die verantwoordelikheid op die gelowiges uit die heidennasies om te volhard in die geloof, anders kan hulle ook uitgekap word.

Die eis van die verbond is dus: "Glo in God se soewereine genade", met die gepaardgaande bedreiging: "anders kan jy ook uitgekap word." (vs 22)

Die vrymagtige uitverkiesende genade, wat die grond vir God se verbond met sy volk is. sluit dus nie in die minste uit dat die wedersydse gemeenskap tussen God en sy verbondsvolk, uit die eis om te glo en 'n gepaardgaande dreiging van oordeel oor ongelowiges, bestaan nie.

Ridderbos gee hiervan 'n raak samevatting as hy verklaar: "Daarom loopt Paulus' gedachtengang niet uit op het constateren van tweeërlei lot en tweeërlei toekomst krachtens predestinatie, maar op de vernieuwde aanwysing van de weg des geloofs als enige weg der zaligheid krachtens Gods vrymachtige genade. Want wat van Israels verkiezing en formatie als volk Gods het geheim was en wat de grondslag vormt van iedere zekerheid ten aanzien van het heil des Heren, vindt zijn adaequate wéérklank in het grote

adagium van Paulus' evangelie, dat de rechtvaardigheid niet is uit de werken der wet, maar uit geloof alleen."

Geloof word dan nie as 'n "goeie werk" van die mens gesien wat hy van sy kant presteer nie, maar as die weg wat God in sy soewereine genade geopen het en waardeur die heil ontvang word.

In Rm 11:27 word met beroep op die Ou Testament die inhoud van die verbond as sondevergifnis beskrywe. Paulus gee in die vers skynbaar 'n samevoeging van Jes 59:2 , Jes 27:9 en Jer 31:33 ev. Hy beroep hom op die sentrale gedagte van die verbinding tussen die verbond en sondevergifnis in die Ou Testament.

### 3.2.5 SAMEVATTENDE KONKLUSIES OOR DIE AARD VAN DIE VERBOND VOLGENS ROMEINE 9 - 11

1. God tree vrymagtig op by die sluiting en die handhawing van die verbond met sy volk.
2. Die beloftes van die verbond word met volle krag aan alle verbondskinders belowe, nie net aan die uitverkorenes nie.
3. Die eis van geloofsgehoorsaamheid word nie in die minste deur die klem op God se vrymagtige uitverkiesende liefde gerelativeer nie.
4. Die bedreiging van verbondswraak oor ongelowige verbondsbrekers geld onverswak: hulle kan afgekap word.
5. Die enigste waarborg vir die voortgang van die verbond ondanks mense se ontrou is God se uitverkiesende liefde en trou.

6. Die verbond het sondevergifnis as sentrale inhoud waardeur die intieme verbondsgemeenskap tussen God en sy volk herstel word.

7. Die verbond het altyd 'n kollektiese gemeenskapskarakter.

## 4. DIE KOLLEKTIEWE AARD VAN DIE VERBOND VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT

### 4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Om in evangelisasiewerk aan die aard van die verbond volgens die Nuwe Testament getrou te bly, is dit noodsaaklik om die kollektiewe karakter van die verbond volgens die Nuwe Testament goed raak te vat.

Met "kollektiewe aard" van die verbond word in hierdie studie bedoel dat die verbond nie op 'n individualistiese manier tussen onafhanklike individue en God gesluit word nie.
Wanneer 'n individu in 'n verbondsverhouding met God betrek is, word sy huisgesin "de jure" ook in die verbondsgemeenskap tot God ingereken. Voorts word alle bondelinge ook in gemeenskap met mekaar as 'n eenheid — as die een verbondsvolk - saam in die verbondsverhouding met God betrek.

Reeds is daarop gewys dat sommige navorsers juis ten opsigte van die kollektiewe aard van die verbond 'n diskontinuïteit tussen ou en nuwe verbond handhaaf.

Dit is egter uit die gegewens van die Ou Testament baie duidelik dat die kollektiewe aard van die verbond in al die verskillende bedieninge van God se verbond gehandhaaf word.

Robertson (1980:287) wat 'n baie volledige studie oor die verbond in die Ou Testament gedoen het, konklu-

deer baie eksplisiet oor die aard van die nuwe verbond volgens Jer 31: "Jeremiah does not set a personal faith-relationship in the new covenant in opposition to a corporative relationship. He maintains both of these features with equal emphasis."

Nie slegs met individue nie, maar in volle harmonie met die hele patroon van God se handelswyse met sy volk, sal die nuwe verbond met die "huis van Israel en die huis van Jakob" opgerig word. (Jer 31:31)

Die genealogiese dimensie van die verbond wat een van die wesenstrekke van die verbond by Abraham, Sinaï en Dawid was, kom ook by die nuwe verbond terug. Let maar op na so 'n duidelike uitspraak soos die van Jer. 32:38 en 39: "En hulle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir hulle 'n God wees. En Ek sal hulle een hart en een gee om My altyd te vrees hulle ten goede en hulle kinders na hulle."

Robertson (1980:290) gee hierby 'n suiwer verklaring as hy sê: "The promise of the covenant relates to a community of people. It includes not only the participant himself, but also his children."

"Corporateness obviously is a part of the new covenant community. The genealogical aspect is an integral aspect of biblical corporateness. It is a gracious promise to be claimed by participants in the new covenant. It is an essential reality of the covenant."

Douma (1979:23) gee 'n raak antwoord op die redenasie van Kingdon dat die nuwe verbond net met wedergeborenes opgerig is as hy verklaar: "The message about the remnant indicates the approach of a new covenant, better and richer than the old; but it nowhere indicates a covenant not admitting little children. After the exile God wanted a people, too, to a thousand generations. That is quite different from a collection of reborn individuals, pulled out of their

family ties."

Tog sluit die kollektiewe karakter van die verbond nie die individuele toe-eiening uit nie. Gewoonlik ontstaan daar probleme wanneer enige van hierdie twee aspekte verabsoluteer word.

Wanneer die kollektiewe verabsoluteer word, lei dit tot gevaarlike veronderstellings en valse gerustheid. Wanneer die individuele verabsoluteer word, lei dit tot isolasionisme, liefdeloosheid en sieklike self-gesentreerdheid.

Dit is daarom belangrik om ook Nieu-Testamentiese gegewens oor die kollektiewe aard van die verbond van nader te beskou.

## 4.2 GEGEWENS UIT HANDELINGE 2: 38 en 39

In Handelinge word die realisering van die beloftes oor die nuwe verbondsgemeenskap deur die geloof in Jesus Christus beskrywe. Die Heilige Gees as die groot gawe van die nuwe verbond (Eseg 36:26 ev., Jer 31:31 en Joël 2:28 - 32) is uitgestort om in die gemeente in die harte van geloweiges te woon.

In sy heel eerste preek op pinksterdag bring Petrus die beloftes aangaande die nuwe verbond met sy aanhaling uit Joël 2:28 - 32 in die gedagtes na vore.

In hierdie kader van die uitstorting van die Heilige Gees en die begin van die kerk van die Nuwe Testament kom die kollektiewe aard van die verbond alreeds daarin na vore dat Petrus daarop wys dat die Heilige Gees op alle vlees uitgestort word, d.w.s. alle mense. (Floor, 1983:34)

Nie net op ou mense nie, maar, ook op jong mense, seuns en dogters, selfs op slawe en slavinne (ἐπι τους δουλους και ἐπι τας δουλας μου word die Heilige Gees uitgestort.

Floor (1983:34) maak 'n juiste opmerking as hy verklaar: "Wanneer ons na Joël teruggaan, blyk dit dat selfs die kinders en die suigelinge by die vreugdevolle gebeurtenis van die koms van die Gees betrek moet word. (2:16) Hulle moet ook by die heilige volksvergaderings aanwesig wees, want ook tot hulle kom die belofte dat die Gees uitgegiet sal word."

Hierdie kollektiewe karakter van die nuwe verbond wat implisiet in Hand 2:17 en 18 na vore kom, word in vs 38 en 39 eksplisiet verkondig. Om dit goed te kan verduidelik, is dit nodig om die sintaktiese struktuur van hierdie verse goed onder oog te neem.

38 Πετρος δε
(λεγει)
προς αὐτους
Μετανοησατε
και βαπτισθητω
ἑκαστοι
ὑμων
ἐπι τῳ ὀνοματι
Ἰησου
Χριστου
εἰς ἀφεσιν
ἁμαρτιων
ὑμων
και λημψεσθε
την δωρεαν
του → ἁγιου
πνευματος
ὑμιν
39 γαρ ἐστιν
ἡ ἐπαγγελια
και τοις τεκνοις
ὑμων
και πασιν
τοις → εἰς μακραν
ὁσους
ἀν προσκαλεσηται
κυριος
ὁ θεος
ἡμων

Daar is twee imperatiewe (bekeer julle en laat julle doop) en 'n indikatief. (Julle sal die geskenk van die Heilige Gees ontvang)

Hierdie twee imperatiewe en een indikatief word gemotiveer (γαρ) deur die belofte wat vir drie betrokkenes geld: Vir hulle (ὑμιν), vir hulle kinders (και τοιϛ τεκναιϛ,) en vir almal wat geroep sal word. (και πασιν τοιϛ εἰϛ μακραν ὁσουϛ ἀν προϛ καλεσηται κυριοϛ ὁ θεοϛ ὑμων )

Tereg wys Floor (1983:35) op die noue verband in hierdie woorde tussen bekering en doop tot vergifnis en hoe dit by die doop van Johannes die Doper aansluit.

Bekering impliseer hier kragtens die verband met Petrus se voorafgaande preek, om die gekruisigde en opgestane Jesus as Here en Christus te erken. Om sy heerskappy te aanvaar. Die oproep tot bekering word gemotiveer deur die belofte.

Die doop word ontvang, nie op grond van die bekering nie, maar op grond van die volle heilswerk van Jesus Christus wat, as belofte van heil, ook vir die toehoorders aangebied word.

Die vergewing van sondes as een van die kernaspekte van die nuwe verbond (Jer 31:34) word ook hier as belofte gegee. Die doop moet naamlik ontvang word εἰϛ ἀφησιν ἁμαρτιων ὑμων
Nie dat die doop self vergifnis bewerk nie. Die εἰϛ + akkusatief dui gerigtheid aan. (Floor, 1983:36) " Die doop is op die vergewing gerig." Die vergifnis self as verbondsgawe vloei uit die persoonlike gemeenskap met Jesus Christus as Here van die verbond voort.

Die gawe van die Heilige Gees word dan as die gawe van die nuwe verbond waardeur die gelowiges kan leef as getroue bondelinge (Jer 31:33), hier beloof. Die futurumvorm λημψεσθε "skep 'n sekere ruimte tussen die

doop en die ontvangs van die Heilige Gees."
(Floor,1983:36)

Om die Heilige Gees te ontvang, beteken om in die nuwe heilstyd te deel. Die vergewing van sondes en die gawe van die Heilige Gees is albei beloftes van die nuwe verbond wat in die heilstyd met die koms van die Messias 'n werklikheid sou word.

Die onskeibare eenheid tussen belofte (vergifnis en gawe van die Heilige Gees) en eis (bekering en doop) van die verbond kom hieruit ook baie duidelik aan die lig.

Die kollektiewe aard van die verbond word dan veral uit vs 39 duidelik. Die belofte is vir julle (ὑμιν ) en vir julle kinders(και τοις τεκνοις) en vir die wat nog ver is en nog geroep sal word. Die voegwoord και is neweskikkend. Drie kategorieë word aangedui.

Daar is geen grond om kinders hier "geestelik" op te neem soos wat Kingdon (1975:88) wil doen nie: "In the second place the promise of verse 39 turns upon the phrase 'even as many as the Lord our God shall call'."

Hy verklaar verder: "But if one thing is clear it is this: the last phrase of the verse, concerning God's call, governs all the preceding verses."

Kingdon toon egter nie aan waarom sy opvatting "duidelik" is nie. In die lig van die sintaktiese en semantiese struktuur van die verse is sy standpunt onhoudbaar.

Ook Calvyn (1979:122) verwys na die eksegese van die anabaptiste by hierdie vers as hy verklaar: "They espy a starting hole in the allegorical sense, and they expound it thus, that by children are meant those which are spiritually begotten."

Omdat die herhaalde voegwoord καὶ die verskillende betrokkenes neweskikkend maak, sou dit beteken dat ὑμῖν en καὶ πᾶσιν ens. geestelik opgevat moet word. Alleen as die sintaktiese en semantiese struktuur hier negeer word, kan τέκνοις so opgevat word dat dit nie slaan op werklike kinders van gelowiges nie. Die kollektiewe karakter van die verbond-wat hier baie duidelik spreek- en die reg van die kinderdoop word gevolglik ontken.

Uit die sintaktiese en semantiese struktuurontleding is dit baie duidelik dat προς καλέσηται slegs 'n byvoeging by πᾶσιν τοῖς εἰς μακρὰν is en nie 'n kwalifiserende byvoeging by die hele vers 38 en 39, soos wat Kingdon van mening is nie.

Floor (1983:38) wys daarop dat μακρὰν hier in navolging van Hand 22:1 en Ef 2:13,17 as die heidene opgevat moet word. Rackhan (1978:30) meen egter dat μακρὰν slegs slaan op die Jode in verstrooiïng sonder om sy standpunt enigsins te motiveer.

Die heidene moet deur die verkondiging van die evangeliebeloftes en die werking van die Heilige Gees eers kragdadig geroep word voordat hulle in die belofte deel en die Heilige Gees en die doop kan ontvang.

Tereg verklaar Bruce (1977:78): "Those who call upon the name of the Lord, are those whom the Lord Himself has called - and called effectually."

## 4.3 VERDERE GETUIENIS UIT DIE NUWE TESTAMENT

In die lig van hierdie gegewens uit Hand 2:38 en 39 kan die kollektiewe aard van die verbond nou ook verder uit die huisdoop waarvan daar telkens sprake is, afgelei word:

1. Hand 10:44 - 48: die doop van Cornelius en sy huis;

2. Hand 16:15: die doop van Lidia en haar huisgesin;

3. Hand 16:33: die doop van die tronkbewaarder en sy mense;

4. Hand 18:8: die doop van Crispus en sy hele huisgesin;

5. 1 Kor 1:16: die doop van Stefanas en sy huisgesin.

Al word hier nêrens in soveel woorde van die doop van suigelinge gepraat nie, is die kollektiewe karakter van die verbond hieruit baie duidelik.

Tereg wys Floor (1983:41) daarop dat die οἶκος formule in die Nuwe Testament aan die Ou Testament ontleen is:

1. Ek en my huis (Gen 34:30 ; Jos 24:15);
2. jy en jou (hele) huisgesin (Gen 7:1; 45:11; Deut 14:26; 15:20; Rigt 18:25; 1 Sam 25:6; 2 Kon 8:1; Jer 38:17);
3. hy en sy (hele) huis (Gen 12:17; 18:19; 36:6; 45:8; 50:7; Eks 2:2; Lev 16:6,11,17; Deut 6:22 1 Sam 1:21; 9:9; 15:16; 19:42; 1 Kon 17:7);
4. sy en haar huisgesin (2 Kon 8:2);
5. julle en julle huisgesinne (Gen 45:18; Num 18:31; Deut 17:7).

"Huis" bedoel baie duidelik in al hierdie tekste "gesin", dit wil sê vader, moeder en kinders van verskillende ouderdomme en selfs slawe en slavinne met hulle gesinne.

Von Allmen (1967:111) gee 'n duidelike uitspraak, in sy studie oor die huisgesin in die Nuwe Testament, as hy verklaar:

"In accordance with the custom of the time, which the N.T. nowhere disputes, the family (called also by the beautiful name house)comprises parents, children and also servants (often designated in Greek by terms which show they belong to a particular 'house': Matt 10:25,36; 24:45; Lk 16:13; Acts 10:7; Rom 14:4; Phil 4:22; 1 Pet 2:18) When the father is alive, or when he is a Christian, the house takes his name, and this social unity is so closely bound up with him that he is able to take decisions on behalf of the whole household which have eternal effects. This is seen for example in the narratives of conversion or of baptism (Acts 10:2; 11:14; 16:31; 18:18; 1 Cor 1:16; cf. again Acts 16:15; Jn 4:53 and Mt 18:25)"

'n Duidelike voorbeeld van die eenheid van die huisgesin, sodanig so, dat die vader belangrike beslissings ten behoewe van sy gesin geneem het, is die in Hand 16:30 - 34. Die tronkbewaarder vra vir Paulus en Silas: "Menere wat moet ek (enkelvoud) doen om gered te word?" Hulle antwoord is: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin (meervoud)."

Nadat die woord van die Here dan aan hom en sy huisgesin verkondig is, is hy onmiddellik gedoop, "hy en al sy mense (meervoud)".

Tereg sê Floor (1983:42): "Die vader kom tot geloof en dit beteken behoud vir die hele huisgesin, en die geloof van die vader is aanleiding tot vreugde by al die huisgenote."

Die huistafels van Ef 5:22 - 6:9 en Kol 3:18 - 4:1 lewer ook sterk getuienis van die kollektiewe aard van die verbond. Die uitdrukking "in die Here" wat hier so telkens gebruik word, beteken dat die huis as geheel onder die genadeheerskappy van die verhoogde Christus gekom het. In terme van die vasalverbonde sou ons kon sê: Jesus Christus, die Suserein van die verbond het die hele huis onder sy heerskappy betrek.

Deur die doop ontvang hulle sy merk (N.G.B. art. 34). Christus laat nou sy reg op hulle geld. Hy kom met sy belofte van vergifnis van sonde, die ewige lewe, met die gawe van sy Gees na hulle toe en daarom vra hy van hulle volkome gehoorsaamheid.

Die kollektiewe karakter van die verbond sluit egter nie die persoonlike geloof uit nie.

Floor haal tereg met instemming die uitspraak van Douma hieroor aan. (Floor, 1983:44)

"By die kinderdoop gaan dit ook om geloof. Dit gaan egter by die kinderdoop nie primêr om die geloof in die kind nie, maar om geloof RONDOM die kind. (Douma, 1979:117) Die kinderdoop is 'n doop vir kinders van gelowige ouers, 'n doop vir kinders uit 'n huis waar die Koningskap van Christus erken, bely en eerbiedig word."

Daarmee word die individuele geloofsbeslissing van kinders nie in die minste gerelativeer nie, maar juis gestimuleer. Deur 'n toegewyde verbondsopvoeding, net soos in die Ou Testament (Deut 6:1 - 9), moet ouers hulle kinders daartoe bring om ook 'n kinderhart, 'n hart wat deur die Heilige Gees vernuwe is, te ontvang. (Floor, 1983:45)

Die regsposisie wat die kind in die verbond beklee, word 'n intieme gemeenskapsverhouding wanneer hy sodanig tot sy verstand gekom het dat hy self Jesus Christus, die Koning van die verbond in die geloof omhels as Verlosser en Here. Egte wedersydse "gemeenskap" tussen God en die verbondskind kom eers tot stand wanneer die verbondskind in persoonlike geloof antwoord op die genade wat in die verbond gegee word. Dan word die verhouding - om so te sê -"verdiep" tot wedersydse gemeenskap, sonder dat dié gemeenskapsverkeer die juridiese stipulasies ophef. (Strauss, 1982:283) Dit is dus belangrik om by die kollektiewe aard van die verbond steeds 'n onderskeid tussen die regs- en gemeenskaps-

karakter van die verbond te maak.

Die kollektiewe karakter van die verbond was dan ook een van die faktore wat tot die intieme gemeenskapslewe van die Christelike gemeente gelei het. Die gegemeente as kollektiewe gemeenskapseenheid is die " huisgesin van God genoem (Ef 2:19; Gl 6:10), en die huis van God (1 Tm 3:15; Heb 3:6).

Wanneer mense tot bekering gekom het, is die een wat hulle tot geloof en bekering gelei het, as hulle "vader" beskou wat hulle met die saad van die Woord "verwek" het. (Vgl. 1 Kor 4:15; 1 Ts 2:11; Flm 1:10.)

Die hele κοινωνια van die Nuwe Testamentiese kerk hang saam met die kollektiewe aard van die verbond.

Die Nuwe Testament lê egter ook ewe sterk klem op persoonlike geloofstoe-eiening langs die weg van wedergeboorte en bekering. Daarom kan dit ook soms nodig wees dat die bande met 'n huisgesin wat in ongeloof volhard en 'n struikelblok is vir oorgawe aan Jesus Christus, verbreek moet word. (Vgl. Mt 10:35 - 38 en Mk 10:29,30; Lk 14:26)

Dit mag egter slegs gebeur dat 'n huisgesin verbreek word as die ongelowige huisgesin 'n lid daarvan wat gelowig geword het, werklik fisies verhinder om sy nuutgevonde gemeenskap met Jesus Christus en sy gemeente uit te leef. Andersyds lê die Nuwe Testament geweldige klem op die behoud van natuurlike huweliks- en gesinseenheid, sodat mans en vroue uitdruklik beveel word om nie hulle ongelowige huweliksmaats te verlaat nie (Vgl. 1 Kor 7:12 - 17), maar om juis deur hulle godsalige lewenswandel sonder woorde die ongelowige party in die huwelik vir Christus te wen. (Vgl. 1 Pt 3:1 - 7)

## 4.4 KONKLUSIES IN VERBAND MET DIE KOLLEKTIEWE GEMEENSKAPSKARAKTER VAN DIE VERBOND.

1. Die nuwe verbond waarvan daar by die profete van die Ou Testament sprake gekom het, het steeds 'n kollektiewe karakter, net soos met die verbond by Abraham, Moses en Dawid. In hierdie opsig is daar kontinuïteit tussen ou en nuwe verbond.
2. Die kollektiewe aard van die verbond hef nie die noodsaak van persoonlike geloofsbeslissing en verantwoordelikheid op nie.
3. Indien die onderskeid tussen die juridiese en gemeenskapskarakter van die verbond goed raakgevat word, is daar geen spanning tussen die kollektiewe aard van die verbond en die eis tot persoonlike verantwoordelikheid en geloofsoorgawe nie.
4. Die kollektiewe aard van die verbond in die Nuwe Testament is 'n belangrike fondament vir die ware gemeenskapslewe van die gemeente van Christus.
5. Die kollektiewe aard van die verbond impliseer dat geloofsoorgawe aan Jesus Christus ook inhou om 'n verantwoordelike lid van sy huisgesin, dit wil sê sy gemeente te word.
6. Die gemeente van Jesus Christus behoort dieselfde blydskap en opgewondenheid oor nuwe gelowiges te hê as wat 'n huisgesin het vir wie daar nuwe kinders gebore is.

# 5. DIE REGSKARAKTER VAN DIE VERBOND

## 5.1 AKTUALITEIT VAN PROBLEEMSTELLING

In die ouer Gereformeerde teologie is die regskarakter van die verbond, veral ten opsigte van die dipleuriese verkeer tussen God en mens binne die ver-

bond, altyd sterk beklemtoon. So het Witsius spanningloos van die "sanksies" van die verbond gepraat; Hoornbeeck die verbond 'n bepaalde soort "kontrak" genoem en Campegius Vitringa van die "stipulasies" van die verbond gepraat. (Vg. Schilder, 1937:98) In hierdie eeu is die term "sanksies" van die verbond ook nog deur Geesink en Schilder gebruik (1937:82,98)

Uit vrees dat die dipleuriese verkeer binne die verbond egter oorspan kan word en daar in Remonstrantisme verval kan word, het sommige Gereformeerde teoloë soos bv. Hepp en Honig al meer met die regskarakter van die verbond probeer wegdoen. V. Hepp (IV. 2937:79) het byvoorbeeld beswaar gemaak teen die gebruik van die term "sanksies" en beweer dat dit vir hom meer tuishoort by 'n "volkenbondspact" as by die verbond van God. Honig (1938:438) wys ook daarop dat sommige gereformeerde dogmatici wou wegdoen met die gedagte van "verbondsvoorwaardes" of "verbondseise" en wel uit vrees vir Remonstratisme.

Merkwaardig en interessant is dit dat D. Postma, een van die stigters van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ook heel eenvoudig praat van die beloftes van die verbond wat met die voorwaarde van geloof aangeneem word gepaardgaande met 'n sekere bedreiging vir die wat nie glo nie. Die verbond is volgens hom "De zekere betuiging van Gods genade voor allen die gelooven, neergelegd in het Evangelie der genade, gepaard met eene even zekere bedreiging voor allen die niet geloven, Joh 3:36." (Postma, 1875:205) Voorts praat Postma van die "wederzijdsche voorwaarden. God belooft te zullen zijn een God van alle genade, voor tijd en eeuwigheid. Dit is de aanbieding. Neemt de zondaar deze gunstiche voorwaarden aan door het geloof, dan verbindt deze zich ook vrijwillig om geheel des Heeren te zijn. Hetwelk ook is de eisch van het genadeverbond." (Postma, 1875:207)

Wat praktiese evangelisasie betref, is dit belangrik om 'n duidelike insig te hê in die forensiese of regskarakter van die verbond om sodoende aan kerkvervreemdes die aard van God se verhouding tot sy volk eenvoudig te kan verduidelik.

'n Kernvraag vir praktiese evangelisasiewerk is die plek wat oordeelsverkondiging (verbondswraak) in amptelike prediking aan kerkvervreemdes en in evangelisasiegesprekke met buitekerklikes moet inneem.

Ek wil daarom eers enkele Skrifgedeeltes ondersoek wat dui op die regskarakter van die verbond en die vraag of daar by die nuwe verbond ook nog sprake van verbondswraak is voordat die implikasies daarvan vir praktiese evangelisasie in die laaste deel van hierdie studie verder uitgewerk sal word.

## 5.2 DIE REGSKARAKTER VAN DIE NUWE VERBOND VOLGENS HEBREËRS 8

Vir die aard van hierdie studie is dit nie moontlik om self 'n deurtastende eksegetiese studie van Hebreërs 8 te doen nie. Ek kan maar net bepaalde gegewens wat direkte lig werp op die regskarakter van die nuwe verbond uitlig en die implikasies daarvan aantoon.

Die Hebreërboek was oorspronklik eintlik 'n preek. (Grosheide, 1955:41 ; Floor, 1971:72; Bruce, 1964: xlviii) In hoofstuk 33:22 kwalifiseer die skrywer self sy boek as ὁ λογος της παρακλησεως.

Om die strukturele plek van Hebreërs 8 binne die opset van die hele geskif raak te sien kan Hebreërs as 'n driedimensionele preek gesien word: Die HEDE van die strydende gelowiges word veranker in die VERLEDE en die HEERLIKER TOEKOMS word gefundeer en geteken. Skematies kan dit so voorgestel word:

Motivering

met oog op die TOEKOMS ('n Nog heerliker erfenis lê voor. En dit is aan ons belowe deur Hom wat eenmaal reeds sy Ou Beloftes waar gemaak het)

↑

Fokus op die → HEDE (Hier waar die gemeente onder swaar druk bemoedig moet word om te volhard)

↓

Fundering

rus op die VERLEDE (Dit wat ons reeds in Christus beërf het, is soveel heerliker as die Ou Bedeling, maar dit is ook juis God se troue vervulling van sy beloftes van die Ou Bedeling)

Dus: Hebreërs ANKER die HEDE van die strydende gelowiges in die VERLEDE van die beloftes, die skaduwees, die voorlopige dinge van die Ou Verbond wat REEDS VERVUL is in die eenmalige soenoffer van Jesus Christus - waardeur ons 'n soveel heerliker hede-tyd beërf het.

En Hebreërs BIND die HEDE van die strydende gelowiges aan die TOEKOMS van die nog heerliker, ewige, BELOOFDE ERFENIS - om só die strydende kerk te BEMOEDIG tot VOLHARDING in die HEDE !

Die formele strukturele opbou van die preek kan soos volg gesien word:

a) Inleidende preekfondament 1:1 - 4

b) Explicatio met gereelde kort applicationes. Fokus val hier primêr op die INDIKATIEWE - op dit wat ons in Christus reeds beërf het. 1:5 - 10:18

c) Applicatio. Fokus val hier primêr op die IMPERATIEWE - op dit waartoe ons ons hoopvol-volhardend moet uitstrek om nog te beërf. 10:19 - 13:19

d) Preekslot 13:20 - 21

e) Die slot van die begeleidende brief by die preek. 13:22 - 25

Die tema van die preek sou gesien kon word as: Ons het in Christus reeds heerliker dinge beërf as dit wat in die Mosaïse verbond ontvang kon word: VOLHARD dan nou soos dit ERFGENAME van die beloofde volmaakte verbondserfenis betaam.

Hierdie preektema word dan soos volg in die boek ontvou: (Coetzee 1977)

1:1 - 4 INLEIDENDE PREEKFONDAMENT

Jesus deur Wie alles gemaak is, is Erfgenaam - Koning van alle dinge.

1:5 -10:18 A. Wat ons in Christus beërf het - as WAARBORG vir en DRYFVEER tot dit wat ons nóg moet beërf - EXPLICATIO

Skeppingsmotief

I 1:5 - 2:18 : Jesus - deur lyde en vernedering verhef tot 'n Naam en 'n heerskappy heerliker en groter as dié van die ENGELE. Hý lei ons na VOLLE HEERLIKHEID.

1: (4), 5 - 14 : 'n Groter Naam : Seun, God, Here.

2:1 - 4 : Paraklese: "nie mis-kien wegdrywe ..."

2:5 - 8a : 'n Heerskappy waaraan alle dinge, ook die toekomstige wêreld, onderwerp is.

2:8b - 18: Langs die weg van vernedering, en ter wille van ons tot sy heerlikheid, en tot ons heerlikheid (vgl. vs. 10)

Uittog-intogmotiewe

II.3:1 - 16 : Jesus - Seun oor God se huis - heerliker as MOSES - Hý maak ons deelgenote, medekinders in die huis van God.

Parakleses : 3:6 : "Vrymoedigheid en hoop tot die einde toe vashou."

3:12 - 15: "nie van die lewende God afvallig word nie ... as ons ... tot die einde toe vashou."

III.3:17 - 4:13: Jesus - Gewer van die ware sabbatsrus vir die volk van God - groter as JOSUA

Parakleses: 4:1,11 :"Beywer ... om in te gaan tot in die rus ... en nie miskien agterbly ... deur in ongehoorsaamheid te val nie."

Kultiese motiewe

IV.4:14 - 10:18: Jesus - die volmaakte Hoëpriester - open vir ons eens en vir altyd die weg na God se allerheiligste troon.

Paraklese ter inleiding :4:14 - 16 : "... laat ons die belydenis vashou ... deur met vrymoedigheid na die troon van genade te gaan."

(1) 5:1 - 7:28 : Jesus - groter as Aäron - synde priester volgens die orde van Melgisedek.

Grotere Paraklese : 5:11 - 6:20 : Die noodsaak van groei tot volwassenes in die geloof.

(2) 8:1 - 13 : Jesus - Middelaar van die BETER VERBOND - beter as die Ou Verbond.

(3) 9: ; - 10:18 : Jesus - Hoëpriester van die BETER, VOLMAAKTE, EENMALIGE OFFER - in die ware tabernakel.

10:19 - 13:19 B. Die groot Paraklese - APPLICATIO

I. 10:19-12:29: VOLHARD dan, sodat julle erfgename mag wees van die BELOOFDE, VOLMAAKTE ERFDEEL.

II. 13:1-19 : Opwekking/Bemoediging tot 'n praktiese Christelike lewenswandel as 'n LOFOFFER aan God (vgl. vers 15).

13:20 - 21 : PREEKSLOT: Dit was 'n logos tēs paraklēseōs.

13:22 - 25 : BRIEFSLOT.

Die eerste ses verse van Heb 8 vorm die oorgang van Christus se hoëpriesterlike amp na sy hoëpriesterlike werk. (De Vuyst, 1964:95) Die noue samehang tussen Christus se hoëpriesterlike ampswerk en die verbond van God word duidelik veronderstel. "Blijkbaar is het zó, dat juist i.v.m. Christus' optreden als ὁ ἀποστολος και ἀρχιερευς gesproken kan worden van κρειτων of καινη διαθηκη. (De Vuyst, 1964:96)

Die regskarakter van die nuwe verbond word onmiddellik al aan die orde gestel in vs 6 waar Christus die Middelaar van 'n beter verbond - waarvan die regskrag op beter beloftes rus - genoem word.

Christus is nl. die Middelaar (μεσιτης) van die nuwe verbond. In 9:15 word duidelik gestel dat Christus dáárom die μεσιτης van die καινη διαθηκη is omdat Hy as Hoëpriester Homself as offer gegee het.

In 9:22 word duidelik gestel dat daar sonder bloedstorting geen vergifnis kan wees nie. In sy sterwe as volmaakte Hoëpriester het Hy die volmaakte offer gebring tot versoening van sondes.

Die nuutheid van die nuwe verbond lê juis in die groter regskrag van die volmaakte offer wat gebring is. Van die nuwe verbond kan met reg gesê word dat dit "... juist i.v.m. Christus' Middelaarschap méér validiteit bezit om de volkomen en blijvende gemeenschap tussen de Heere en Zijn volk tot stand te brengen.." (De Vuyst, 1964:105)

Die regskarakter van die verbond kom ook daarin na vore dat Christus die nuwe verbond "νομοθετηται." νομοθετεω moet, uitgaande van die oorspronklike betekenis van "wetgewing", hier interpreteer word as 'bindend verklaar' of as 'regsgeldig verklaar'."

Omdat J. Behm (1964:132) διαθηκη te veel laat opgaan in die betekenis van 'n testament, wil hy νομοθετεω ten onregte hier bloot sien as "disposition".De Vuyst, 1964:98 - 104) het egter met deurtastende en oorvloedige eksegetiese materiaal die onhoudbaarheid van Behm se standpunte aangetoon.

νομοθτεω bring na vore dat die kragtiger beloftes van Christus nie net die verordening van die nuwe verbond fundeer nie, maar ook kragtens hierdie verordening die verbondsverhouding normeer.

De Vuyst (1964:106) verklaar tereg: "..de praëpositie ἐπι brengt o.i. tot uitdrukking, dat de κρειττονες ἐπαγγελια de nieuwe bondsverhouding normeren."

Wat ἐπαγγελια betref, moet daarop gelet word dat die verbondstoeseggings sowel die verpligtinge as die regte inhou wat die Here op 'n soewereine manier op Homself neem en genadig toeken.

Die beloftes van God in die nuwe verbond is egter tegelyk ook 'n roeping tot geloofsgehoorsaamheid en geloofsoorgawe. (Vgl. bv. Heb 4:1 e.v.; 6:12 en 15; 10:23, 36; 12:25 e.v.) Die verbondstoeseggings hou dus nie net in dat die Here op 'n soewereine manier regte

en verpligtinge teenoor sy bondgenoot op homself neem nie, maar ook outoritêr verpligtinge op sy bondgenote lê.

Hierdie outoritêre verpligtinge impliseer dat daar ook sanksies en strafdreiging aan die nuwe verbond verbind is. Sanksies is 'n duidelike struktuurelement, ook van die nuwe verbond. In verband hiermee gee De Vuyst (1964:106) ook 'n juiste opmerking: "omdat de verbondstoezeggingen zowel de wederzijdse verbondsrechten normeren, zijn ze voorts i.v.m. hun normatief charakter en gelijk iedere norm, niet zonder sancties (cf. het zweren van God bij Zichzelf in 6:13 v.v. en de paraenese in bv. 3:7 - 4:13, 6:4 v.v., 10:26 v.v., vooral in 12:25 v.v.)"

In hierdie opsig is daar kontinuïteit tussen ou en nuwe verbond. κρειττονες ἐπαγγελια omvat die ganse verbondsordening-stellende spreke van die Here vir die nuwe bedeling presies soos "al hierdie woorde" van God in Eks 24:8 die ganse verbondsordening-stellende spreke van Jahwe vir die ou bedeling omvat het. Wat G.Ch. Aalders (1939:80) na aanleiding van Eks 24:8 stel, kan ook so op die nuwe verbond toegepas word: "Dat op grond van drukt uit dat deze woorden het fundament vormden, den bodem waarop het verbond rustte. Deze woorden bevatten dus de verplichtingen die in het verbond waren overeengekomen, zij gaven m.a.w. den inhoud van het verbond weer." (Sy onderstreping. P.J.B.)

Ten onregte meen F.W. Grosheide (1955:191) dat die nuwe verbond ook daarin van die ou verbond verskil dat die wette tans op beloftes rus: "Het is van betekenis dat de wetten tans rusten op beloften, d.w.s. de beloften gaan voorop. Dat kenmerkt de nieuwe bedeling, dat haar wetten rusten op beloften."

Myns insiens het die eise van die verbond reeds in die ou bedeling op die beloftes gerus, soos wat die historiese proloog van die Mosaiese verbond voor die

stipulasies kom. (vgl. hoofstuk 2 van hierdie studie)

Om vanuit die gegewens van Heb 8:6 die regskarakter van die verbond opsommender wyse saam te vat, haal ek met instemming die konklusie van De Vuyst (1964: 107) aan: "Zowel in de oude bedeling (vgl. 1:1; 6:13 v.v.; 11:7 - 12) als in de nieuwe bedeling (vgl. 1:1; 2:1 v.v.; 4:1 - 13, 6:12 v.v.; 10:23,36,39; 12:25 v.v.) is Gods belovend en eisend en dreigend spreken het instrument, waardoor Hij de verbondsgoederen van bv. geloof en vergeving en volharding uitdeelt, kortom: waardoor Hij het verbondsverkeer en de verbondsgemeenschap tussen Zichzelf en Zijn volk sticht en onderhoudt." (Sy onderstreping P.J.B.)

Op die kritiek dat die verbond basies 'n liefdes- en gemeenskapsverhouding is en dat dit die regskarakter van die verbond uitsluit, is dit goed om daarop te let dat die twee mekaar geensins uitsluit nie, soos die liefdes- en gemeenskapsverhouding in 'n huwelik nie die regsaspekte daarvan onnodig maak nie. F.J. Pop (1964:464 - 151) het aangetoon dat selfs in pariteitsverbonde die liefdesverhouding die regskarakter van so 'n verbond nie uitsluit nie.

"Jonathan nu en David maakten een berith omdat hij (nl. Jonathan) hem liefhad als zijn ziel. Deze liefde ging dus aan het berith vooraf en dreef ertoe; zij is de grond en de bron van het berith, zoals zij de grond en de bron van de huwelijksluiting is. Men kan vragen: Heeft Jonathan er dan niet genoeg aan, dat hij en David elkaar liefhebben ? Antwoord: Nee, want het berith is méér. In het berith wordt immers de liefde opgeheven tot in een rechtsverhouding, die onder sacrale waarborgen staat."

Met ander woorde, Jonathan het nie die gevoel gekry dat dit 'n belediging van sy liefde was, toe dit deur die berith in 'n regssfeer gebring is nie, maar dat dit die verhouding juis ook verdiep tot groter seku-

riteit en vastigheid soos wat die regsgeldigheid aan huweliksliefde groter sekuriteit en bindende krag verleen.

Wat die regskarakter van die verbond betref, is dit nodig om goed raak te sien wat die nuutheid van die nuwe verbond volgens Heb 8:10 werklik inhou.

G.Ch. Aalders (1939:158e.v.) het byvoorbeeld die verskil tussen ou en nuwe verbond in drie aspekte gesien. In die eerste plek het die ou verbond volgens hom 'n nasionale volk gekonstitueer waar die bindende pand slegs nasionaliteit was terwyl die nuwe verbond 'n nuwe volk van God gevorm het waarby die bindende band innerlik was. "Het verschil tussen beide verbonden ligt in de wijze waarop de verbondsband word gelegd, in het Sinaïetisch verbond nationaal, waarom de wet van buiten af komt, met den eisch om ook innerlijk te worden aanvaard, in het nieuwe verbond geestelijk, door het innerlijke werk van God zelf in het hart."

In die tweede plek trek Aalders uit hierdie grondstelling van hom nou die verdere konklusie dat die Sinaïtiese verbond met die hele volk opgerig is, terwyl die nuwe verbond slegs met die wedergeborenes d.w.s. die onsigbare kerk opgerig is. "Hier is ongetwijfeld sprake van de leden der onzichtbare kerk." (a.w.,:159)

Baie duidelik stel Aalders sy standpunt in die volgende aanhaling:

"Maar het nieuwe zit in de wijze waarop het behooren tot het verbond bepaald wordt: zooals we reeds hebben uiteengezet, hing het deelgenootschap aan het Sinaietisch verbond aan de nationaliteit; ieder Israeliet behoorde als lid van het volk tot dat verbond; maar het deelgenootschap aan het nieuwe verbond hangt aan het inwendige werk Gods in het hart. De beslissende vraag voor het behooren tot het verbond is nu niet meer: van welke natie maakt gij deel uit, maar: heeft God u levend gemaakt uit den dood in zonde en misdaden?" (a.w.:160)

Aalders sal dus wat hierdie punt betref, volkome met die bestryders van die kinderdoop kan saamstem !

In die derde plek is Aalders van mening dat die Sinaitiese verbond wat sy struktuur betref, baie na 'n soort werkverbond gelyk het omdat die verpligtinge van die bondeling daarin so sterk op die voorgrond gestaan het. "... deze verplichting wordt zelfs als voorwaarde voor het verkrijging van de belofte gesteldt: nu dan indien gij zonder voorbehoud luistert naar mijne stem en mijn verbond houdt dan zult gij Mij een bezit zijn uit alle volken." (a.w.:179)

"Met het nationale verdwijnt tegelijkertijd het voorwaardelijke,zoals blijkt uit de aankondiging van het nieuwe verbond in Jer 31:31 v.v. Wanneer het karakter van dat verbond omschreven wordt, dan geschiedt dit zóó, dat van het inwendig werk Gods in de harten wordt gewag gemaakt: daardoor zal de Heere den bondelingen tot een God en zulle zij Hem tot een volk zijn, zoodat zij ook allen den Heere zullen kennen, en vergeving van zonde zullen hebben. Het lijkt er niet naar, dat hier ook maar het allergeringste spoor zou te vinden zijn van eene belofte, die alleen werkelijkheid wordt door het geloof. Neen, wat hier toegezegd wodt als wezenskenmerk van het nieuwe verbond, in onderscheiding van het oude, is het geloof zelf met al zijne vruchten als de weldaad van dat verbond geschonken wordt. Het kenmerkende van het nieuwe verbond bestaat niet hierin dat God eene belofte geeft, die later door het geloof moet worden omhelsd; maar hierin dat God het inwendig werk zijner genade tot stand brengt in de harten der bondelingen." (a.w.:202)

Om hierdie standpunte van Aalders te toets, is dit nodig om die woorde van Heb 8:10 dat God die wet in hulle verstand sal gee en op hulle harte sal skrywe, goed te verstaan.

Ten onregte meen Grosheide (1955:195) dat διανοια meer sien op die verstandelike en καρδια op die emosionele. Net soos in Heb 10:16b word καρδια en διανοια ook hier in 8:10 in 'n chiastiese struktuur geplaas. (So ook De Vuyst, 1964:138 wat hom op C. Spicq beroep in voetnoot 30 op p.242 en daarop wys dat die Hebreeuse woord vir hart "leb" in die LXX dikwels met διανοια vertaal word.) So gesien word διανοια en καρδια hier promisku gebruik.

Daar is nêrens in die LXX of in die Nuwe Testament letterlike parallelle vir hierdie uitdrukking dat die wet in hulle verstand gegee sal word en op hulle harte geskrywe sal word nie. Wanneer uitdrukkings wat hiermee enigsins verband hou in die LXX en in die Nuwe Testament vergelyk word, kan saam met De Vuyst gestem word dat διδωμι νομους εἰς την διανοιαν verstaan moet word as "iemand wetten in het gemoed geprenten" of kortweg "iemand wetten inprenten, zodat hij onder het beslag van de wetten komt en die wetten ter harte neemt." (De Vuyst, 1964:140)

Wanneer die uitdrukking ἐπι καρδιας αὐτων ἐπιγραψω αὐτους met verbandhoudende uitdrukkings in die LXX en die Nuwe Testament vergelyk word soos bv. Sp 7:3; Rm 2:15; 2 Kor 3:2,3 dan kan dit beteken om die wet in hulle herinnering lewend te hou (vgl. ook Eks 17:14; Jes 30:8; Job 19:23,24.)

De Vuyst (1964:140 - 143) gee nog 'n oorvloed verdere getuienis om tot 'n soortgelyke konklusie te kom: "Op grond hiervan hebben we de uitdrukking ἐπι γραψω ἐπι καρδιας in Heb 8:10 wel te verstaan als 'inprenten' hetgeen omdat de 'auctor ad Hebraeos' de uitdrukkingen in 8:10b promiscue gebruikt - de juistheid bevestigen van ons vermoeden inzake de uitdrukking διδωμι εἰς την διανοιαν. Onder genoemde inprenten verstaan we dan - zoals H.J. Schilder verklaard - dat Jahwe het met die wet van Hem op heel bijzondere wijze en op een manier als tevoren nog niet gekend te doen zal

geven; zo te doen zal geven, dat ze veel minder dan vroeger nog ging, 'erom heen' zullen kunnen, dat ze integendeel met die wet als levensbeheersend onderricht zullen bezig zijn, en daarmee hun leven centraal geconfronteerd zullen weten en het ook zelf daarmee zullen confronteren."

Wanneer daar gestel word dat Heb 8:10b beteken dat die Here sy wette sal inprent, beteken dit nie dat die wederbarende werking van die Heilige Gees glad nie in hierdie verse in die visier kom nie. Nee, die inprenting van die wet is juis gerig op die wedergeboorte van bondelinge. Dit is die middel wat met die oog daarop gegee word en die verwagting daartoe opwek.

De Vuyst gebruik hier 'n verhelderende beeld: "Wanneer echter het onderwijzend personeel zegt: 'we zullen het er bij hen inhameren', doelt men niet op de gunstige uitslag van het examen, ook niet impleciet, alsof het inhameren zonder meer beslissend zou zijn voor die gunstige uitslag, maar men doelt dan op een bepaalde paedagogie;en wanner Jahwe zegt: 'Ek zal hun mijn wetten inprenten' doelt Hij niet op de radicale levensvernuwing ... maar Hij doelt dan op Zijn genadige paedagogie." (De Vuyst, 1964:152)

So gesien kan Aalders se onderskeiding tussen die ou verbond as 'n verbond met 'n uiterlik nasionale binding en die nuwe verbond as 'n verbond met innerlike bindinge nie standhou nie.

Ook Aalders se onderskeiding van die ou verbond as 'n verbond waar die voorwaardelike beklemtoon word en die nuwe verbond as 'n verbond wat geen voorwaardes het nie, kan geensins standhou nie.

As Aalders die struktuur van die ou verbond in sy noue samehang met die ou-Oosterse vasalverbonde bestudeer het, sou dit vir hom oorweldigend duidelik

gewees het dat die preambule en die historiese proloog as 'n onvoorwaardelike heilstoesegging geproklameer is. As Aalders met die kennis van vandag se Ou Testamentiese wetenskaplikes die monopleuriese karakter van die susereiniteitsverbonde raakgesien het, sou hy nie meer die Sinaïtiese verbond as 'n soort werkverbond kon sien nie.

God se volk leef altyd uit genade. Die Sinaïtiese verbond is nie 'n soort werkverbond nie, maar 'n nadere reëling van die genadeverbond met Abraham (vg. Deut 4:31 - 40 en Neh 9:7 - 32), dit wil sê die Sinaïtiese verbond "... onderstelt de functionering van Gods genadeverbond en moet verstaan worden binnen het raam van Gods genadeverbond." (De Vuyst, 1964:157)

Dit kom ook veral baie duidelik daaruit na vore dat die imperatiewe van die Sinaïtiese verbondsreëling gemotiveer word met die verwysing na die verbondsheil wat reeds geskenk is, nl. Israel se wonderlike verlossing en genadige aanneming deur die Here (vg. Eks 19:3 - 6; 20:2; 25:22; Lev 20:24 - 26; 22:31 - 33 ; Deut 6:20 - 25; 11:1 - 9; 14:1 - 2; 15:15; 24:18; 27:9,10). Kennelik is dit die Here se boodskap: "Julle is die eiendom van Jahwe - leef dan so dat dit aan julle gesien kan word dat julle aan Jahwe behoort."

Aan die ander kant stel die nuwe verbond ook wel deeglik eise as voorwaardes wat deur die mens vervul moet word (vgl. Rm 10:8 v.v.; 11:22; 2 Kor 13:11; Ef 6:1 - 3; Jk 1:25; 1 Pt 3:8 - 12; 2 Pt 3:1,2)
Die dreigende gevaar bestaan daarom dat bondelinge deur ongeloof verlore kan gaan. (Heb 3:12 - 4:11)

In die lig van ons uitleg van die uitdrukking "die wet in hulle verstand gee en dit skrywe op die tafels van hulle harte" bevat die nuwe verbond ook wel deeglik 'n toesegging. "Dit heil van Jahwe's toekomstige paedagogie wordt dan beloofd, zonder dat de profeet daarbij een 'indien' als uit Ex 19:5 vermeldt."

(De Vuyst, 1964:156)

Alhoewel Jer 31:31 e.v. en Heb 8:8 - 13 wel nie duidelik en eksplisiet enige eise uitspel nie, beteken dit nog lank nie dat die nuwe verbond geen eise stel nie. Die onderliggende tema van die hele Hebreërboek is juis dat die gemeente as erfgename van die nuwe verbond vermaan word om in geloofsvertroue te volhard anders kan hulle onder die oordeel van God kom. (Vgl. Heb 3,4 en 10:29 e.v.)

De Vuyst (1964:157) se konklusie is daarom ook heel tereg:"Kortom: Jerem 31:33b levert naar onze mening geen enkel steekhoudend argument aan degene, die oud en nieuw verbond contrasteerd als resp. voorwaardelijk en onvoorwaardelijk."

Die eenheid en kontinuïteit van God se genadewerk in sy verbond met sy volk word geweld aangedoen indien die struktuur van ou en nuwe verbond so teenoor mekaar gestel word soos wat Aalders dit doen. Alhoewel De Vuyst se kritiek op Aalders baie skerp is, moet De Vuyst tog in 'n groot mate gelyk gegee word as hy verklaar: "Ook de genoemde auteur (Aalders, P.J.B.) pretendeert erkenning der drie formulieren van enigheid, inclusief de belijdenis van éénheid der verbondsregelingen naar de Schriften en van éénheid der Heilige Schrift zelf. Maar althans in zijn gereleveerde beschouwingen blijft G.C.H. Aalders daaraan niet getrouw, naarmate zijn constructivestische behandeling van Jerem 31:31 v.v. meer door anabaptistische - dan door schriftuurlijke motieven beheerst wordt en daarmee oud verbond en nieuw verbond juist contrasteert. (De Vuyst, 1964:159)

## 5.3 VERBONDSWRAAK IN DIE HEBREËRBOEK

Alhoewel die vermaning tot geloofsvolharding telkens in Hebreërs versterk word met die dreiging van God

se oordeel oor ongelowiges, wil ek in hierdie paragraaf hoofsaaklik stilstaan by die gegewens in Heb 10:19 - 31 met verwysing na die ander gegewens in die boek.

Met hierdie gedeelte wil ek dan ook die studie oor die aard van die verbond volgens die Nuwe Testament afsluit om in die volgende hoofstuk die implikasies daarvan vir die evangelistiek en praktiese evangelisasiewerk deur te trek.

Wanneer die skrywer van Hebreërs in hoofstuk 10:26 - 31 die dreiging van verbondswraak verkondig, staan dit in die nouste samehang met die geweldige indikatiewe van vs 19 - 25. In vs 19 - 25 is die hele stemming positief bemoedigend en word die prerogatiewe van hulle wat die verbondsbeloftes omhels, uitgespel.

Verse 26 - 31 is skerp negatief waarskuwend en die radikale teenpool van die vorige perikoop.

Die direkte verband tussen hierdie twee perikope kan daarin gesien word dat:

1. die vuur van God se oordeelsdag (κρισεως και πυρος ζηλος ἐσθιειν μελλοντος τους ὑπεναντιους vs 27) teruggryp na die dag van die Here wat naderkom (ἐγγιζουσαν την ἡμεραν vs. 25);

2. die geheel van vs 19 - 25 en 26 - 31 in kultiese taal gegiet is. Binne hierdie twee groepe kultiese taal is daar een kernbegrip vir die tempeldiens wat telkens sentraal staan, nl. : die offer en die offerbloed.

Die presiese aard van die sonde van verbondsbreuk word duidelik, indien daarop gelet word dat dit pertinent beskryf word as το αἱμα της διαθηκης κοινον ἡγησαμενος en hierdie woorde met inagneming van die vorige perikoop

geïnterpreteer word. Hierdie woorde is dan ook tereg in die nuwe Afrikaanse vertaling met minagting van die "bloed van die verbond" en nie meer met "bloed van die testament" vertaal nie.

Die bloed van die verbond, die offer van Jesus Christus is die grond van ons vrymoedigheid ( παρρησια ) om in die heiligdom in te gaan. As ek nie ingaan in die heiligdom nie en my vrymoedigheid daartoe ontken, dan is dit omdat ek sê die bloed van Christus is κοινος, d.w.s. het niks beteken nie. As ons buite wil staan, nie met ons ganse lewe die παρρησια het om in die heilige teenwoordigheid van God te verskyn en bewustelik "coram Deo" te lewe nie, as ek nie wil glo dat die bloed van Christus Jesus my volmaak versoen het met God nie, as ek wil leef asof God nog my vyand is, dan sondig ek. As 'n bondeling willens en wetens met hierdie sonde aanhou, (die praesens participium ἁμαρτανοντων tereg in die N.A.V. met "bly sondig" vertaal) dan verbreek ek die verbond en kom die wraak van die verbond oor my. Calvyn (1972:145) sê in verband met vs 22 tereg: "Hieruit mogen wij leeren, hoe wij behooren gesteld te zijn, om de weldaden onzes Heeren Jezus Christus te gebruiken en te genieten. Want men komt tot Jezus niet, dan van ganscher en waarachtiger harte, met een zeker geloof en zuiver conscientie ... In dit woord zekerheid toont hij welke de aard des geloofs is: en daarbenevens vermaant hij ons, dat de genade van Christus niet ontvangen kan worden, dan van die met zich brengt een ontwijfelbare gewisheid, die zeker en vast is." (Calvyn se onderstreping.)

In volkome ooreenstemming hiermee verklaar Calvyn dan die aard van die sonde in vs 26 as "... willens en wetens die genade verwerpen die wij ontvangen hebben." (a.w.:149)

Ook Coetzee (1977) sien die aard van die sonde hier as volhardende ongeloof wat die παρρησια nie uitleef

nie, omdat die soenbloed van Christus se offer geminag word.

Hy verklaar: "Ons het hier te doen met die sonde van die vreesagtiges (Op 21:8 '... vreesagtiges ... hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swael'). Wie nie die soenoffer van Christus as die enigste en ook volmaakte en volledige soenoffer vir al sy sondes gelowig wil aanvaar en daaruit wil lewe met God nie, volhard in die sonde wat:

1. 'n vertrapping is van die Seun van God
2. 'n minagting van die verbondsbloed van Jesus en daarom
3. 'n versmaaiïng van die Heilige Gees wat die genade toebedeel, inhou."

De Vuyst (1964:237) meen ook met 'n beroep op die LXX Num 15:30, 31; 35:30; Deut 17:2 - 7 en Jes 26:11 dat hier van die tipiese wraak van die verbond van die Ou Testament sprake is.

Die Trinitariese verdieping van die verbondsverhouding kom ook hier na vore. "De verlossing is het werk van de Drieënige God. De Vader schenkt Zijn Zoon, Christus geeft Zijn bloed, de Geest geeft Gods genade. Verwerping van deze verlossing is dan ook een zonde tegen de Drieënige God: Gods Zoon met voeten treden, het bloed van Christus onrein achten, de Geest der genade smaden." (Floor, 1979:99)

Met 'n redenering van "a minori ad maius" (Grosheide, 1955:245 en De Vuyst, 1964:237) word die verbondswraak van die nuwe verbond uitgespel.

Omdat die nuwe verbond groter regskrag het, (vgl. die uitleg van Heb 8:6 en 10 in hierdie studie) daarom is die wraak van die nuwe verbond des te intenser en vreesliker.

Wat die struktuur van die verbond betref, is daar dus ook ten opsigte van die wraak van die verbond volledige kontinuïteit. Soos die nuwe verbond egter op beter beloftes rus, is die straf oor verbondsbrekers des te swaarder. ( ποσῳ δοκειτε χειρονος ἀξιωθηται τιμωριας ...)

Die geweldige relevansie van hierdie gedeelte vir die evangelisasiewerk van die kerk kom ook daaruit na vore dat dit hier gaan om afvalliges.

"Vervolgens geeft de schrijver in hoofdstuk 10:26 - 31 een uitvoerige en aangrijpende uiteenzetting van het oordeel, van God over de afvalligen." (Floor 1979:96)

Calvyn (1972:148) kan hierby selfs verklaar: "De apostel noemt ze hier zondaren, niet die hier- of daarin zondigen, maar die de gemeente verlaten hebbende, zich ganschelijk vervreemden van Christus: want hij handelt hier niet van eenige zekere zoort van zonden alleen, maar hij straft ze namelijk, die zich zelven moedwillig beroofden van de gemeenschap der kerk."

In sy oproep aan afvalliges om terug te keer kerk toe, ("... Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie" (N.A.V. Heb 9:25), verkondig die skrywer van die Hebreërboek eerstens die geweldige heilsprerogatiewe van die nuwe verbond wat daar in Christus is (vs 19-21) en roep dan op tot 'n lewe van geloofsvertoue (vs 22 - 25) met die gepaardgaande dreiging van die wraak van die verbond wat oor hulle sal kom wat nie glo in Christus nie. Die imperatief van geloofsvolharding en 'n lewe "coram Deo" rus op die indikatief van Christus se volkome offer wat volbring is. Hierdie imperatief word verskerp en beklemtoon met die dreiging van verbondswraak oor hulle wat aanhou sondig met ongeloof en afvalligheid.

## 5.4 KONKLUSIES IN VERBAND MET DIE REGSKARAKTER VAN DIE VERBOND.

1. Die nuwe verbond het 'n baie duidelike regskarakter wat nie die intieme gemeenskapskarakter daarvan uitsluit of relativeer nie, maar juis stimuleer. Omdat Christus as Middelaar van die verbond aan die regseise van die verbond, deur sy volmaakte offer voldoen het, is dit juis die grond wat die bondeling tot vrymoedige geloofsgemeenskap met God aanspoor.

2. In die lig van Heb 10:22 (vgl veral weer Calvyn se verklaring) kan saam met D. Postma (vgl. punt 5.1) gestem word dat die beloftes van die nuwe verbond in voorwaardelike vorm aan die mens gegee word. Die beloftes kan slegs deur die geloof toegeëien word. Daar moet net goed raakgesien word dat die geloof self ook 'n gawe is van die verbond. Wat God in die verbond beloof, wek en eis geloof ! Die vrees vir remonstrantisme wat sommige gereformeerdes laat huiwer het om van "voorwaardes" van die verbond te praat (vgl punt 5.1), sal ook verdwyn as daar onthou word dat (volgens Berkouwer, 1954:249) die eintlike fout van die Remonstrantse opvatting nie 'n ongenuanseerde verdienstelikheidsleer was nie, maar 'n wanopvatting van die funksie van die geloof, asof die geloof die selfstandige mag sou hê om die "moontlikheid" van die nuwe verbond tot "werklikheid" te maak. (Vgl. ook Strauss, 1982:294)

3. Dit is merkwaardig dat die vermaning aan afvalliges besonder sterk in die taal en struktuur van die verbond gegiet word.

4. Verbondswraak is steeds en in 'n verskerpte mate 'n struktuurelement van die nuwe verbond.

5. Die verkondiging van die evangelie aan hulle wat van die gemeente van Christus afvallig geraak het, moet volgens Heb 10:26 - 31 gepaard gaan met radikale verkondiging van die vreeslike en skrikwekkende oordeel van God. Sonder om in skematisme of sisteemdwang te verval, kan tog in gedagte gehou word dat die verkondiging van die evangelie aan afvalliges in die Hebreërboek iets van 'n struktuur van belofte, bevel en bedreiging van die nuwe verbond het.

# HOOFSTUK 4.

# DIE AARD VAN DIE VERBOND EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR EVANGELISASIE

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

In hierdie afdeling van hierdie studie sal daar gepoog word om die konklusies oor die aard van die verbond volgens die Nuwe Testament, waartoe in punte 2.7, 3.2.3, 3.2.5, 4.4 en 5.4 gekom is, toe te pas op die evangelisasieroeping van die kerk.

Die implikasies van die aard van die verbond vir evangelisasie moet sowel in die wetenskaplike Evangelistiek as in praktiese evangelisasie toegepas word. Die wetenskaplike evangelistiek bepaal en beïnvloed en stimuleer juis die praktiese uitoefening van die evangelisasieroeping van die kerk. As daar een terrein is waar daar die nouste wisselwerking moet wees tussen teorie en praktyk, teologie en roepingsvervulling, dan is dit juis in die kerk se evangelisasietaak.

J.I. Packer, wat allerweë as een van die hedendaagse Engelssprekende Calviniste beskou word, wat van die vernaamste bydraes gelewer het in die besinning oor 'n Bybels Reformatoriese benadering in Evangelisasie, het volkome gelyk as hy beweer:

"Evangelism and theology for the most part go separate ways, and the result is great loss for both. When theology is not held on course by the demands of evangelistic communication, it grows abstract and speculative, wayward in method, theoretical in interest and irresponsible in stance. When evangelism is not fertilized, fed and controlled by theology, it becomes a stylized performance seeking its effect through manipulative skills, rather than the power of vision

and the force of truth. Both theology and evangelism are then unreal, false to their God-given nature; for all true theology has an evangelistic thrust, and all true evangelism is theology in action." (Conn:91)

## 2. SKRIFGETROUE EVANGELISASIE NEEM SY VERTREKPUNT IN DIE OPENBARING AANGAANDE DIE VERBOND.

In hoofstuk 3 punt 2 is uitvoerige eksegetiese materiaal aangedra om aan te toon dat die totale evangeliseringsopdrag in die Nuwe Testament verbondsmatig gestruktureerd is. Nie alleen het God dwarsdeur die Skrif, sowel in die Ou as in die Nuwe Testament 'n missionêre oogmerk met die verbond tussen Hom en sy volk nie (Vgl. pt. 2.7.3), maar is die opdrag om dissipels te maak kragtens die verbondstruktuur waarin dit gegiet is, van so 'n aard dat dit as gewone normale verbondsgehoorsaamheid beskou moet word om hierdie opdrag uit te voer.

Dit sal beteken dat die evangeliseringsopdrag self die beste vanuit die verbond verstaan kan word, en die metodologie, wat sowel die verkondiging van die evangelie aan buitekerklikes, as die proses van opname in die gemeente, deur die SKrifopenbaring aangaande die verbond bepaal sal moet word.

Norman Shepherd (1976:57), die voormalige dogmatikus van Westminster Theological Seminary, gee 'n raak samevattende formulering hiervan as hy verklaar: "Throughout the Gospels, Acts, the Epistles, and into Revelation, it is abundantly clear that the Great Commission arises out of, is patterned after, and must be understood in terms of covenant structure of the Old Testament, and particular, in terms of the covenant with Abraham. This means that a Reformed evangelistic methodology developed in accordance with the Great Commission must be covenantal methodology."

## 3. VERSKILLENDE VLAKKE VAN EVANGELISERING IN DIE PRAKTYK NADER GEDIFFERENSIEER

In die gereformeerde teologie het dit 'n geykte tradisie geword om evanglisasiewerk te omskryf as die verkondiging van die evangelie aan afgedwaalde verbondskinders wat buitekerklik geraak het.

F.W. Grosheide (s.j.:7 e.v.) was waarskynlik eerste wat hierdie onderskeiding gemaak het. Hy beskou sending as die verkondiging van die evangelie aan hulle wat nog nooit tot die verbondsgemeenskap behoort het nie en evangelisasie as die verkondiging van die evangelie aan hulle wat wel vanweë hulle geboorte tot die verbondsgemeenskap behoort het.

"Daarom is er, al kunnen wij niet met zekerheid zeggen, wie tot het Verbond behooren, steeds verschil tusschen de prediking van het evangelie onder een volk, waar het bekend is en een waar het niet is gekomen. De eerste is Evangelizatie, de tweede Zending De Evangelizatie roept afgeweken bondelingen terug." (a.w.:8)

Hierdie onderskeiding van Grosheide is ook oorgeneem deur J.H. Bavinc (1954:83), Brillenburg Wurth en Wiersenga (1953:36 e.v.), De Klerk, e.a. (1979:19) en Nel (1982:36 e.v.)

Alhoewel die onderskeiding as sodanig belangrik en noodsaaklik is, gaan Grosheide se motivering en nadere uitwerking daarvan mank aan gebrekkige Skrifbegronding en -fundering en aan praktiese implementering.

Die grootste leemte is dat Grosheide se enigste Skriffundering hiervan 'n enkele verwysing na die afvalliges van die verbond in die Ou Testament (a.w.:16) en na die prediking van Johannes die Doper is. Grosheide

se Skriffundering op hierdie punt is so yl dat hy selfs geheel ten onregte kan beweer: "Dat de Schrift de Evangelizatie niet kent, is tot op zekere hoogte waar." (a.w.:13) As Grosheide maar in die minste die gegewens van die Hebreërboek oor afvalliges op Evangelisasie toegepas het, sou hy baie meer relevante Skrifgegewens in sy Evangelistiek kon verdiskonteer het.

'n Verdere probleem is dat Grosheide se omskrywing van die verbond en veral van wie as verbondskinders gereken en benader moet word in evangelisasie so vaag is dat daar byna nie mee gewerk kan word nie.

Hy stel: "Wij kunnen niet met volstrekte zekerheid zeggen, wie tot het Verbond behooren..." (a.w.:7) en "... dat het Verbond Gods niet iets is, dat wij zien, maar een stuk van ons geloof." (a.w.:8)

Skynbaar wil Grosheide dan alle buitekerklike Nederlanders nog as verbondskinders sien, omdat God met die Nederlandse volk as volk nog sy verbond handhaaf en daar nog bepaalde Christelike verskynsels onder die volk gevind kan word. "Nederland heeft zijn geschiedenis, er is een kerk, de kerkgebouwen vallen ieder op, de Zondag is de rustdag, er is veel dat ons volk nog een Christelijke volk doen zijn. De Evangelizatie blijft daardoor van de Zending onderscheiden." (a.w.:8)

Vrae wat vanuit hierdie omskrywing van Grosheide nie beantwoord kan word nie, is die volgende:

1. as die verbondsmatigheid van alle lede van die volk bepaal word deur die mate van die algemene gesekulariseerdheid van die volkskultuur soos byvoorbeeld die aantal bestaande kerkgeboue, wanneer word 'n bepaalde individu as afgedwaalde verbondskind benader en wanneer nie ?


2. beteken Grosheide se standpunt dat iemand, al is hy al 'n tweede of derde geslag ongedoopte buitekerklike, nog 'n verbondskind is omdat daar nog kerkgeboue in daardie land staan ?

3. die kernvraag wat Grosheide nie beantwoord nie, is: wanneer moet iemand beskou word as 'n afgedwaalde verbondskind en wanneer nie ?

Miskien juis omdat Grosheide so vaag en met so min Skriffundering met die verbond opereer het, het sy omskrywing van waarin presies so 'n evangelisasiepreek van 'n sendingpreek verskil en hoe evangelisasiemetodiek oor die algemeen van sendingmetodiek verskil, geen verdere aandag geniet nie. Sy onderskeiding bly ten slotte 'n steriele, teoretiese onderskeiding wat nie in sy evangelisasiepraktyk gaan funksioneer nie.

Dit is 'n oop vraag of Grosheide se hele opvatting oor wie tot die verbond behoort, nie te veel deur etnisiteit en te min deur duidelike Skrifbeginsels bepaal word nie. Sy opvatting dat die geskiedenis van Nederland nog van alle Nederlanders verbondskinders maak, kom gevaarlik naby aan die basiese uitgangspunte van die volkskerkgedagte. Dit is jammer dat Grosheide nie byvoorbeeld die doop, as sigbare verbondsteken en -seël enige plek in sy onderskeiding van wie tot die verbond behoort laat beklee nie.

I.J. van der Walt (1982:2) lewer 'n vrugbare bydrae om aan te toon dat daar beslis op empiriese gronde 'n onderskeid tussen die verskillende tipes objekte wat in die kerk se totale evangeliseringstaak benader word, gemaak moet word. Hy neem die volgende illustrasie van Ralph Winter van die Church Growth School in Pasadena, Kalifornië oor en gee daaraan 'n eie betekenisinhoud:




Van der Walt sien EA as die gewone en bekende opbou van die lewende gemeente. EB is evangeliseringswerk van die kerkraad m.b.t. die kerklos-lidmate. Hulle word deur die lede van die kerkraad besoek en bearbei, maar hulle is geensins sogenaamde "evangelisasiegevalle " nie.

E-1 evangelisering is verkondig van die evangelie aan mense wat van die kerk en die verbond vervreemd is, maar by wie daar nog 'n verbondslyn aanwysbaar is. Dit is mense wat binne die eie kultuur staan en wat volgens Van der Walt die werklike terrein van evangelisasie aandui. E-2 dui ook op evangeliseringswerk onder hulle wat van die kerk en die verbond vervreem is, maar dit is semi-transkultureel, bv. werk onder Portugeessprekendes in S.A. E-3 dui volgens Van der Walt op evangelisering wat geheel en al transkultureel is, bv. Sothos, Koreane, ens. en dit wil Van der Walt "sending" noem.


Winter het oorspronklik hierdie illustrasie sonder enige prinsipiële oorwegings gebruik om die blote empiriese realiteit van die onderskeie evangeliseringsvelde aan te dui, en om die sosiologiese implikasies vir die evangelieverkondiging aan verskillende homogene groepe te benadruk. (Vgl. Douglas, 1975:230) McGavran (1980:210 e.v.) het hom sterk by sy kollega

Winter aangesluit, maar het saam met Hunter aangedui dat die verandering van die kulturele samestelling van die wêreld vandag 'n nog meer genuanseerde kategorisering noodsaak. Hulle het dus ook nie enige prinsipiële begronding vir die onderskeiding van die verskillende kategorieë in die kerk se evangeliseringswerk gegee nie.

In hierdie opsig lewer Van der Walt 'n verdieping in die fundering van hierdie onderskeidinge deur te verwys na vervreemding van die verbond en die kerk. 'n Leemte is egter dat Van der Walt in gebreke bly om Skrifgegewens vir die fundering van hierdie onderskeidings aan te voer. Sy teruggrype na die verbond sou daardeur baie versterk kon word.

'n Verdere leemte is dat Van der Walt ook nie aantoon waarin die praktyk van evangelisasie- en sendingwerk ooreenkom en verskil nie.

A.C. Barnard(1981:215 e.v.) meen ook dat daar in drieërlei opsig gedifferensieer moet word om die verskillende terreine waarop die kerk sy evangeliseringstaak moet uitvoer, te kan onderskei. Hy maak gebruik van die volgende illustrasie om sy standpunt te verduidelik:




Hy stel die drie terreine as drie konsentriese sirkels voor. A, die middelste terrein, is dié van ampsbediening. B, daaromheen, is die sirkel van evangelisasie en C, die buitenste sirkel, is die terrein van die sending wat strek tot alle dele en hoeke van die wêreld.

Die terrein van evangelisasie meen Barnard, "... is die persone wat kom uit die kerk, wat miskien gedoop is, wat opgegroei het in die samelewing wat gestempel is deur die Christendom, mense wat lewe in die dampkring van die verbond, by wie daar nog reste van die evangelie en van die Christelike geloof aanwesig is - maar wat van Christus en sy kerk vervreemd is. Hulle weet dus baie van die evangelie en die kerk, het miskien allerlei ervaringe van die kerklike arbeid gehad, maar het teleurgesteld of moedswillig weggegaan.

Nou staan hulle met die rug na die kerk en na die Bybel. Die vervreemding kan in verskillende grade en vorme voorkom. Dit kan ook kortstondig of chronies wees." (a.w.:219)

Wat die uitvoering van die evangeliseringsopdrag van die kerk op die terreine van sending en evangelisasie betref, meen Barnard dat die boodskap vir die grootste deel daarvan in albei gevalle dieselfde is: "In beide gevalle moet dit wees die Evangelie na sy sentrum, soos dit gestalte gekry het in die koms, lewe, lyding, sterwe, opstanding, hemelvaart van Jesus en in die koms van die Heilige Gees. Dit is die weg van heil wat God gegee het tot heil en redding van die mens."

Die enigste verskil wat Barnard aandui in die benadering op die verskillende terreine, is dat die voorbereidende weg by sending waarin die hoofsaak van die evangelie eers verduidelik word, langer gevolg moet word, sodat daar 'n "onderbou" vir die boodskap kan kom en die evangelie vertolk word in die bepaalde bevatlikheid en verstaanshorison van die geadresseerdes. Dan is die toespitsing van die imperatief van die evangelie op elke lewensterrein ook anders in sending as in evangelisasie. Voorts sal die daadverkondiging deur barmhartigheidswerk en dienende liefde wat die Woordverkondiging moet ondersteun, uit die aard van kulturele verskille in sending ook anders wees as in evangelisasie.

"Immers, die evangelie kom in 'n bepaalde kultuurkleed van die hoorders. By die sending gaan dit dikwels veel moeiliker omdat daar soveel hindernisse is in die weg van die verkondiging van die weg van die evangelie." (a.w.:223)

Alhoewel Barnard 'n belangrike bydrae lewer tot 'n duideliker differensiasie tussen sending en evangelisasie, is daar in sy hele beredenering tog die leemte van ontbrekende Skriffundering. Is die verskil tussen

sending en evangelisasie ten slotte tog 'n blote aksentverskil gegrond op kulturele verskille ? Kan daar nie vanuit die Bybelse gegewens oor die verbond tog meer gesê word oor die verskille tussen sending en evangelisasie nie ?

Hierdie gebrek aan Skriftuurlike begronding oor die betekenis van die aard van die verbond kom ook by Douma na vore. Hy beweer: "Evangelizatie die dicht bij huis plaatsvindt, onderscheiden wij van zending die veraf wordt bedreven. Een principieel verschil tussen evangelizatie en zending is m.i. moeilik aan te brengen ... Zou nu iemand onder Mohammedanen in Egijpte gaan werken, dan noemen wij hem een zendeling, terwijl het evangelizatie heet wanneer iemand Mohammedaanse gastarbeiders in Nederland over de Bijbel aanspreekt ! Een zuiver geografiese kwestie dus. " (Douma, 1982:7 Sy onderstreping)

Douma wys voorts daarop dat die wat van die evangelie vervreem is en die wat daarmee onbekend is, dit in gemeen het dat albei groepe "buite" staan. "Wat beide groepen gezamentlijk kenmerkt: Zij staan 'buiten'. Zie voor deze uitdrukking 1 Cor 5:12 v; Col 4, 5; 1 Thess 4,12." (a.w.:10)

Die feit dat J. van V. du Plessis (1982:44) vra of die tradisionele onderskeiding tussen sending en evangelisasie Skriftuurlik is en of dit net vanuit die Gereformeerde skolastiek gemaak is, beklemtoon die behoefte aan 'n direkter Skriftuurlike fundering van die onderskeid tussen sending en evangelisasie.

Dit lyk dan ook asof die gebrek aan 'n onderskeid tussen sending en evangelisasie wat op Skriftuurlike gronde gefundeer is tot grenslose verwarring lei. (vgl. Barnard, 1981:209 e.v.).

Michael Green (1979:14) meen dat sending ("mission") volgens die Nuwe Testament op die omvattende gerigtheid van die gemeente van Christus na buite deur

Woord- en daadverkondiging dui, terwyl evangelisasie ("evangelism") slegs op die Woordverkondiging as die speerpunt dui. Dit is dus 'n onderdeel van die kerk se sendingwerk in die wêreld. Hy sê onomwonde: "In the first place, evangelism is not the same as mission. Mission is a much broader term than evangelism. It speaks of the total impact of the church on society, while evangelism is more restricted, the passing on of good news."

In die gegewens oor die aard van die verbond in die Hebreërboek kon duidelik gesien word dat die boodskap by die verkondiging van die evangelie aan afvalliges in die taal en struktuur van die verbond gegiet is.

Eers word die kern van die evangelie aan die afvalliges verkondig en die heilsbeloftes van die verbond uitgespel. Die indikatief staan voorop. Hulle word daaraan herinner dat Christus die Middelaar is van 'n beter verbond wat op groter regskrag gegrond is. (Heb 8:6) Hy het Homself as 'n volmaakte volkome en onherhaalbare offer gegee, daarom is daar deur die bloed van Jesus vrymoedigheid om tot God self te kom. (Heb 9,10 en veral 10:19 e.v.) Op grond van hierdie indikatiewe kom die bevel dan inderdaad om met ware geloof en 'n waaragtige hart in die besef van sondevergifnis (die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete, Heb 10:22) tot die getroue God toe te tree en weer 'n lewende, getroue lid van sy gemeente te wees. (Vg. Heb 10:22 - 25)

Wat die aanbod van genade betref, maak die Skrif dus self 'n sterker appèl op die afgedwaalde verbondskind as op die heiden wat nog nooit hierdie voorregte besit het nie.

Ook die dreiging van verbondswraak aan verbondsbrekers is 'n unieke kenmerk van Woordverkondiging aan afvalliges. Dit het uit Heb 10:26 - 31 duidelik na vore gekom.

Daar kan dus ook uit die Skrif self afgelei word dat gerigsprediking aan afvalliges van die verbond, veel skerper is as gerigsprediking aan heidene wat nog nooit tot die verbondsgemeente behoort het nie.

Martin Monsma het dit dan ook goed raakgevat as hy die spesifieke karaktertrekke van gereformeerde evangelisasie beskryf. "The doctrine of the covenant has real significance for our work of evangelism. It should control our methodology and approach, and at the same time furnish us with mighty incentive to diligent endeavor. We should stress the covenantal, family approach, and we should tell the wayward that they are ungrateful and grossly guilty covenantbreakers, upon whom the just wrath of a holy God will come with double force, unless they repent and return (cf. Luke 12:47)." (Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches, 1948:40. My onderstreping, P.J.B.)

In die volgende paragrawe sal daar dieper ingegaan word op die spesifieke implikasies wat die Skrifopenbaring aangaande die aard van die verbond vir die evangelisasieboodskap en metodologie inhou. Dit is in hierdie paragraaf egter voldoende om te konstateer dat die verskil tussen sending en evangelisasie nie net 'n blote kulturele verskil, of 'n praktiese verskil of 'n geografiese verskil is nie. Dit is 'n prinsipiële verskil wat daarop berus dat die Skrif 'n afvallige verbondskind anders aanspreek as 'n heiden wat nog nooit tot die verbondsgemeenskap behoort het nie.

Michael Green is egter reg in sy beredenering dat op grond van die gebruik van die woorde "sending" en "evangelisasie" in die Nuwe Testament. Hierdie woorde het op eksegetiese grond 'n ander betekenis as dat sending gerig sou wees op heidene en evangelisasie op afvalliges van die gemeente. Dit kan met 'n oorvloed gegewens aangedui word dat "sending" in die Nuwe Tes-

tament op die totale na-buite-gerigtheid van die kerk deur Woord- en daadverkondiging dui en dat "evangelisasie" dui op die Woordverkondiging. By gebrek aan ruimte om volledige motivering te gee wat Green se standpunte sal ondersteun, kan hier maar net verwys word na die uitleg van die begrippe ἀποστελλω en πεμπω en ευαγγελιξομαι in die standaard teologiese woordeboek van Kittel (vgl. Rengstorf, 1964:403 e.v. t.o.v. αποστελλω en Friedrich,, 1964: 717 e.v. en ook Green, 1970:57 - 68 t.o.v. ευαγγελιον).

Dit is egter 'n leemte in die andersins indringende werk van Green dat hy die aard van die verbond nie in sy studies verdiskonteer nie.

Om reg te laat geskied aan die eg Nieu- Testamentiese betekenis van "sending" en "evangelisasie" en nogtans die implikasies van die aard van die verbond 'n regmatige plek in die nadere differensiasie van die kerk se evangeliseringstaak te laat beklee, sou dit miskien goed wees om nuwe terminologie te skep wat baie van die grenselose verwarring wat Barnard (1981:209) tereg aangestip het, uit te skakel. Dit moet dan terminologie wees wat die verskillende differensiasies in die kerk se evangeliseringstaak aandui om reg te laat geskied aan die feit dat die afvallige verbondskind volgens die Nuwe Testament anders aangespreek en benader word as die heiden wat nog nooit deel van die verbondsgemeenskap was nie.

'n Moontlikheid sou miskien kon wees om te praat van "evangelisasie" om die verkondiging van die evangelie aan heidene aan te dui en van "para-evangelisasie" om die verkondiging van die evangelie aan afvallige verbondsbrekers aan te dui. "Evangelisering" kan as sambreelterm wat alle vorme van evangelieverkondiging omvat, gebruik word.

## 4. IMPLIKASIES VAN DIE VERHOUDING TUSSEN VERBOND EN UITVERKIESING VIR PRAKTIESE EVANGELISASIEWERK

### 4.1 NEEM DIE VERTREKPUNT IN DIE VERBOND EN NIE IN DIE UITVERKIESING IN DIE EVANGELIEBOODSKAP AAN BUITEKERKLIKES

Omdat die leer van die uitverkiesing een van die kernleerstukke van die gereformeerde teologie en belydenis is, kan dit so eensydig verstaan en beklemtoon word dat die kerk in die uitoefening van sy evangelisasieroeping belemmer word.

Die vraag wat altyd weer na vore kom in verband met die belydenis van die soewereiniteit van God en die roeping om evangelisasiewerk te doen, word kernagtig deur Douma aan die orde gestel: "Als deze uitverkiezing van eeuwigheid vastligt, wat blijft er dan van de menselijke beslissing over ? Kun je de mensen - zonder onderscheid - echt oproepen tot bekering via het evangelizatiewerk ? Kun je dat met warmte doen, zodat je uit liefde werkelijk alle mensen de goede boodschap omtrent Jezus Christus op het hart bindt ? Of bekruipt ons als gereformeerden daarbij de gedachte: ik breng het evangelie wel, maar mischien is het helemaal niet voor de geadresseerde bestemd. Als ze niet uitverkoren zijn, wat voor boodschap heb ik hun dan te brengen ? Of is het maar beter in het evangelizatiewerk het leerstuk van de uitverkiezing te vergeten ?" (Douma, 1982:49)

Ook J.I. Packer het daarop gewys dat daar dikwels by Gereformeerdes regoor die wêreld 'n feitlike nonaktiwiteit op die gebied van evangelisasie voorkom. Hy sê van sommige Gereformeerdes: "In their zeal to glorify God by acknowledging His sovereignty in grace, and by refusing to imagine that their own services are indispensable to Him, they are tempted to lose sight of the Church's responsiblility to evangelize. Their

temptation is to reason thus: 'Agreed, the world is ungodly; but, surely, the less we do about it, the more God will be glorified when at length He breaks in to restore the situation. The most important thing for us to do is to take care that we leave the initiative in His hands.' They are tempted, therefore, to suspect all enterprise in evangelism." (My onderstreping, P.J.B. Packer, 1965:32)

Norman Shepherd, 1976:58 die voormalige dogmatikus van die Westminster Theological Seminary, Philadelphia, gee ook 'n helder uiteensetting van hierdie probleemstelling as hy verklaar: "On their part, Calvinists, too, generally orient their evangelistic methodology to the particularistic doctrines which are the hallmark of the Reformed faith. The ultimate decision concerning a man's destiny is made by God in his sovereign election from before the foundation of the world. The more consistently this truth controls evangelism, the more consistently people are approached with the gospel both inside and outside of the church as either elect or nonelect (reprobate). Some would go so far as to say there is no good news in any sense for the reprobate. If the question is raised why the gospel is to be preached to all men in view of the fact that only the elect are effectually called, the usual answer is that 'unfortunately' the evangelist does not know who the elect are, and in order to call the elect (effectually) all men must hear the gospel. Apparently if the pastor had insight into the decree of God, he would not have to waste time with the reprobate."

Shepherd toon dan aan dat die Arminianisme wat uit die Calvinisme ontwikkel het uit reaksie teen die Calvinisme ook vanuit die uitverkiesing redeneer, dog in 'n totaal negatiewe sin. Hulle redeneer dat God se uitverkiesing op vooruitgesiene geloof berus, dat Christus vir alle mense hoof vir hoof gesterf het en dat alle mense vry is om die aanbod van vergifnis te ontvang of te verwerp. Dit word telkens weer en weer in

absolute sin gedoen, onder andere ook omdat die sondeval die mens volgens hierdie siening slegs sodanig aangetas het dat hy nogtans die selfstandige vermoë het om met die genade van God saam te werk.

Met hierdie dogma skyn dit asof die Arminiane aanvanklik baie meer suksesvol as die Calviniste is om die evangelie nie net vaag en gerig in die derde persoon nie, maar konkreet, direk, individueel en in die tweede persoon aan sondaars te kommunikeer. By nadere ondersoek blyk dit egter dat die evangelie van die mens afhanklik gemaak word en dat die soenverdienste van Christus deur die mens se respons aangevul moet word en die mens ten diepste op homself teruggewerp word. So bied die Arminiaanse evangelie nie totale verlossing en sekerheid van heil nie.

Om hierdie rede konkludeer Shepherd, (1976:59): "Because the Arminian has an accomplished redemption which is universal but not thorough, he can make a particular application. Because the Calvinist has a particular but thorough redemption, he can make only a general application to men whom he cannot but must classify as either elect or reprobate. That is why Reformed sermons which facus on the 'doctrines of sovereign grace' are often in the third person, in terms of what Christ has done for 'his own' or for those who 'truly believe'. The exception is the exploration of the sin of man, which can be and often is very specific and in the second person, because of the universality of sin and depravity."

In die konklusies oor die aard van die verbond in die lig van Rm 9- 11 is egter bevind dat die verbondsbeloftes met volle krag aan die hele nageslag van Abraham aangebied is en nie net aan die uitverkorenes nie (punt 3.2.3.2 en 3.2.5.2) en dat die eis van geloofsgehoorsaamheid nie in die minste gerelativeer word deur God se vrymagtige uitverkiesende liefde in die sluiting en handhawing van die verbond nie.

Wanneer die evangelieverkondiger in evangelisasiewerk sy vertrekpunt in die verbond en nie in die uitverkiesing nie, neem, word die probleme waarna in hierdie paragraaf verwys is grootliks uitgeskakel.

So gesien is die verbondsbeloftes, -eise en -sanksies in die prediking van die evangelie aan sondaars die vertrekpunt en die uitverkiesing die aankomspunt.

So het dan reeds Helenius de Cock verklaar (die voorganger van Herman Bavinck as dogmatikus te Kampen) daar is in die Gereformeerde belydenisskrifte "geen spoor van te ontdekken, dat zij de leer der uitverkiezing tot uitgangspunt maakt van hare geloofsleer in't algemeen."

Die belydenis "heeft de leer der verkiezing veeleer a posteriori uit die verlossing dan a priori uit het begrip van God afgeleid." (Veenhof, 1959:105)

"Als men daarom bij de ontwikkeling van de leer der zaligheid toch de leer der verkiezing tot uitgangspunt neemt, doet men die belijdenis voorzeker een groot onrecht aan." (Veenhof, a.w.:106)

"Dus pas als heel het verlossingswerk Gods in Christus, en het geloof of ongeloof daaromtrent, is beschreven en beleden als waarheid Gods, spreken de Dordtse leerregels over het besluit van verkiezing en verwerping." (Veenhof, a.w.:108)

"Het besluit van verkiezing en verwerping komt in de belijdenis der kerk niet voor als beheersend principe, als dominerend moment van de leer der kerk. Neen, die leer omtrent het besluit is daarin opgenomen als één moment, één aspect daarvan, één naast vele." (Veenhof, a.w.:109)

"De prediking van het evangelie is nu de verkondiging van die belofte van zaligheid en heil. Ze geschiedt

naar Gods wil aan allen. Zij kent geen onderscheidt van mensen. Zij komt tot allen op dezelfde wijze en brengt allen onder dezelfde verplichting van bekeering en geloof." (Veenhof, a.w.:122)

As iemand op grond van die belydenis van uitverkiesing en verwerping beswaar aanteken teen 'n welmenende aanbod van genade, dan "bewijst dat alleen maar den hoogmoed des menschen, waardoor hij in den in God verborgen raad zoekt door te dringen, en dit doet hem tevens vergeten, dat God ons niet gesteld heeft om het in Hem verborgen oogmerk te doorgronden, maar om te doen Zijn wil ons in het Evangelie geopenbaard." (Veenhof, a.w.:124)

In hierdie verband is dit goed om ook na 'n paar uitsprake van Calvyn te luister waarmee hy ook sterk beklemtoon dat die belydenis van die uitverkiesing en God se vrymag nie in die minste 'n belemmering is om die evangelie sonder enige onderskeid aan alle mense te verkondig nie:

1. <u>Opera onmia, I 167</u>

"Nam evangelio Christus cum omni affluentia bonorum coelestium, cum omnibus suis meritis omnia iustitia gratia nulla exceptione nobis offertur

Want deur die evangelie bied Christus Homself aan, met al die oorvloed van hemelse goedere, met al sy verdienste, met al sy geregtigheid, wysheid, genade vir ons almal sonder enige onderskeid.

2. <u>Opera omnia, XIV 417</u>

(Brief aan Melanchton van wie hy oor die uitverkiesing verskil het. My vertaling, P.J.B.)

"Dit skyn my asof jy oor die vrye wil al te filosofies disputeer en dat jy by die behandeling van

die verkiesing geen ander oogmerk het as om jou by algemene menslike verstandsgevoelens aan te pas nie. Want 'n mens kan dit tog nie aan gesigsbedrog wyt dat jy wat so 'n skerpsinnige, verstandige en in die Skrif so 'n goed geoefende man, die verkiesing verwar met die beloftes wat algemeen is nie. Niks is tog meer bekend as dat die prediking van God se Woord vir almal sonder onderskeid dieselfde is, maar dat die geloof deur 'n spesiale voorreg slegs aan die uitverkorenes geskenk word nie. Die beloftes is algemeen. Hoe kom dit dan dat die kragdadigheid daarvan nie by almal ewe kragtig is nie ? Tog seker omdat God nie aan almal sy arm openbaar nie. Ook vir mense wat hulle maar baie min met die SKrif opgehou het, hoef hierdie saak nie betoog te word nie, naamlik dat hoewel in die beloftes, die genade van Christus aan almal gelykelik aangebied word en God deur uiterlike prediking almal ongeag wie hulle is, tot die saligheid uitnooi, die gawe van die geloof nogtans 'n besondere gawe is.

3. Kommentaar by 1 Petrus 3:9

"Dit is een wonderbare liefde tot het menschelijke geslacht, dat Hij ze allen wil zalig hebben, en gereed is ter zaligheid op te nemen, die moedwillig verloren gaan. Doch deze orde is wel op te merken, dat God bereid is allen tot boetvaardigheid te ontvangen, opdat niemand verloren ga: want met deze woorden wordt aangewezen het middel om zaligheid te verkrijgen. Hierom, wie van ons naar zijn zaligheid staat, dat hij leere dezen weg in te gaan. Maar hier kon men vragen: zoo God niet wil dat iemand verloren ga, waarom gaan daar zoo velen verloren ? Ik antwoord, dat hier niet gesproken wordt van den verborgen raad Gods, waarbij de verworpenen tot hun verderf geordineerd zijn, maar alleen van den wil, die ons in het Evangelie geopenbaard wordt. Want daar biedt God de hand aan iegelijk zonder onderscheidt. Doch Hij

grijpt alleen die aan en leidt ze tot zich, welke Hij voor de schepping der wereld verkoren heeft." (Calvyn, 1973:211)

4. Kommentaar by Johannes 3:16

"Want ofschoon er in de wereld niets gevonden kan worden dat Gods gunst waardig is, toont Hij zich nochtans jegens de gansche wereld genadig, daar Hij zonder uitzondering allen tot het geloof in Christus roept; hetwelk niets anders is, dan het ingaan in het leven. Maar laat ons bedenken dat, al wordt in het algemeen het leven beloofd in Christus aan allen die geloven, toch geenzins het geloof aan allen gemeen is. Want Christus is wel aan allen openbaar en voorgesteld, maar alleen den uitverkorenen opent God de ogen, om Hem door het geloof te zoeken." (Calvyn, 1971:105)

5. Kommentaar by Mattheus 23:24

"De menschen toch redeneeren zóó, dat God een vergeefsch werk doet, wanneer Hij zijn woord tot de verworpenen zendt, hoewel Hij weet dat zij hardnekkig zullen blijven. De huichelaren echter leven, als ware het hun voldoende ijverige predikers der hemelsche leer bij zich te hebben, hoe onleerzaam zij zich ook betoonen, in het vertrouwen dat God hun genegen zijn zal, indien slechts het uitwendige woord onder hen weerklinkt."

"... maar verklaardt Hij dat de slecht door hen besteede genade hun tot des te grooter schande was, en hen tot wisser verderf zou voeren. Want Gods doel daarmede was een ander dan zij zich inbeeldden. Het was om hun des te meer alle verontschuldiging te ontnemen en hunne snoode boosheid haar toppunt te doen bereiken ...

God toch heeft in zijn verborgen raad iets anders

daarmede bedoeld, en wel om door een aanhoudende reeks van genadige uitnoodigingen uwe hardnekkigheid openlijk aan het licht te brengen, en om, als deze overtuigend gebleken was, de zonen met de vaderen in een en hetzelfde verderf te storten ... Deze plaats nu leert ons, dat God den mensch niet altijd de zaligheid verleent, wanneer Hij zijn Woord tot hem brengt, maar dat Hij dit somtijds den verworpenen, die Hij weet dat hardnekkig blijven zullen, wil aankondigen, opdat het hun een reuke des doods ten doode zij. Wel is het Woord Gods op zichzelf uit zijnen aard heilsaam en noodigt het allen zonder onderscheid tot de hoop op het eeuwige leven. Maar daar niet allen inwendig getrokken worden, en God niet allen de ooren doorboort, en ook niet allen vernieuwd tot bekeering of overgebogen tot gehoorzaamheid, maken allen die het Woord Gods versmaden zich dit door hun ongeloof verderfelijk en doodelijk. Daar God vooruit weet dat dit gebeuren zal, zendt Hij opzettelijk zijne Profeten tot de verworpenen om hen in een des te zwaarder oordeel te doen vallen, gelijk breeder aangetoond wordt in het 6de hoofdstuk van Jesaia, het 10de vers." (Calvyn, 1971:215)

6. Kommentaar by Romeine 5:18

"De genade maakt hij alle gemeen, omdat zij allen voorgesteld is, en niet, dat zij metterdaad tot allen menschen uitgestrekt wordt. Want hoewel Christus voor de zonden der ganse wereld geleden heeft, en door Gods goedheid allen menschen zonder onderscheid aangeboden wordt, zo wordt Hij nochtans van allen niet aangegrepen." (Calvyn, 1972: 119)

7. Preek van Calvyn oor Jesaja 53:12

"Ziet dan hoe onze Heere Jezus de zonden en ongerechtigheden van velen gedragen heeft. Het is waar

dat dit woord Velen, vaak zoveel betokend als allen. En inderdaad onze Heere Hezus is aangeboden aan heel de wereld, want er wordt niet gesproken van drie of vier, als gezegd wordt: God heeft alzoo lief de wereld gehad, dat Hij zijn eenigen Zoon niet gespaard heeft. Maar toch moeten wij opmerken wat het Evangelie daar nog aan toevoegd. Opdat een iegelijk die in Hem gelooft, niet verderve maar het eeuwige leven hebbe. Ziet dus hoe onze Heere Jezus voor ons allen geleden heeft, en dat er groot noch klein is, die heden te verontschuldigen zou zijn aangezien wij zaligheid in Hem kunnen verkrijgen." (Calvyn, s.j.:111)

In die verkondiging van die evangelie aan sondaars in evangelisasie, moet die evangelisasiewerker erns maak met Deut 29:29 "Die verborge dinge is vir die Here onse God, maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet."

Tereg het R.B. Kuiper in sy deeglike studie, God centred evangelism, hierdie punt so verduidelik: "Both Scripture and the Reformed confessions tell us that the truth of election is intended primarily for believers. The purpose which it serves for them is admirably summed up in The Canons of Dort. Say they: 'The sense and certainty of this election afford to the children of God additional matter for daily humiliation before Him, for adoring the depth of His mercies, for cleansing themselves and rendering greatful returns of ardent love to Him who first manifested so great love toward them.' (1,13)" (Kuiper, 1978: 44)

Die illistrasie wat Kuiper gebruik om hierdie punt verder te verduidelik is sprekend: "We may speak of the house of salvation. The foundation of that house is the divine decree of election, the entrance is Christ. Said He: 'I am the door' (John 10:9) As those who by the grace of God are within the house

invite those without to enter, shall they point them to the foundation or to the door ? The answer is selfevident." (Kuiper, 1978:44)

Die verbond is niemet die uitverkiesing te vereenselwig nie. Die verbond moet beskou word as die verhouding tussen God en mens, die ruimte waarbinne God en mens mekaar ontmoet. Daarom kan gesê word dat dit juis binne die struktuur van die verbond is waar die "twee lyne" van die Goddelike uitverkiesing en die menslike bekering mekaar kruis. (Strauss, 1982:272)

Wanneer die monopleuriese karakter van die verbond steeds in die oog gehou word soos wat dit helder na vore gekom het in die vergelyking met die Ou-Oosterse vasalverdrae, dan word die absolute soewereiniteit van God steeds gehandhaaf sonder om die dipleuriese werking van die verbond op te hef.

Wanneer die verbond van God met sy volk so met 'n susereiniteitsverdrag vergelyk word, word dit heeltemal duidelik dat God self, sonder die inisiatief van die mens die verbondsverhouding inisieer. Kuiper (a.w.:48) sê tereg: "The covenant came into being by a divine fiat. Said God in the garden: 'I will put enmity' (Gen 3:15), and to Abraham He said: 'I will establish my covenant' (Gen 7:7) Therefor it is far better to define the covenant as made by God in behalf of man than to describe it as an agreement between God and man. The New Testament word for covenant is diatheke not suntheke. The latter term designates an agreement between parties with equal rights, the former a disposition made by one in behalf of another, as, for instance a testament or will."

'n Susereiniteitsverdrag het egter ingehou dat daar wedersydse verpligtinge op albei partye gelê is. Vir die volk is daar baie duidelike voorwaardes verbonde

aan die ontvangs van die beloftes van die verbond. Vgl. byvoorbeeld Eks 19:5,6: "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne."

Die tweesydige bestaan van die verbond bied genoeg ruimte om die regte appèl op die mens se verantwoordelikheid te maak sodat dit duidelik kan wees dat die soewereine uitverkiesende liefde en vrymag van God nooit die ver-ant-woord-elike bekering van die mens uitsluit nie, maar juis moontlik (en noodsaaklik!) maak. (vgl. ook Strauss, 1982:272)

Shepherd is in die kol as hy dit so saamvat: "Evangelism addresses men as covenantbreakers in rebellion against God and opens up to all men covenant life in union and communion with God. It points men to the finished work of Christ. In utter sincerity and without equivocation Reformed evangelism calls all men to life in the way of faith, repentance, and obedience, with the assurance that Jesus refuses none who cry out to him for mercy." (Shepherd, 1976:61)

## 4.2 DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES IN DIE LIG VAN VERBOND EN UITVERKIESING : DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR EVANGELISASIE

Omdat 'n mens in evangelisasie juis so dikwels te doen kry met verbondsverbrekers, mense wat miskien eens op 'n tyd aktiewe belydende gelowiges was, maar wat om allerlei redes van Christus en sy kerk vervreem geraak het, is dit nodig om 'n goeie insig in die leerstuk van die volharding van die heiliges te hê in die verkondiging van die evangelie aan hierdie afgedwaalde verbondskinders.

Die belydenis dat God onkeerbaar, onstuitbaar en onberoulik met sy uitverkorenes volhard, het deur die

eeue van die kerkgeskiedenis heen, geblyk een van die leerstukke te wees wat net deur Calviniste bely word, Calviniste juis, wat ook op die belydenis van die soewereiniteit van God 'n hoë premie stel. Berkouwer het wel aangetoon dat voor die tyd van die Reformasie veral ook Augustinus hierdie leerstuk bely het, en dat die Lutherse kerke eers na die dood van Luther hierdie leerstuk prysgegee het. (vgl. Berkouwer, 1949:32 - 73)

Een van die mooiste kernagtige formuleringe van die leerstuk van die volharding van die heiliges vind ons in die Westminster Confession:

"They whom God hath accepted in His beloved, effectually called and sanctified by His spirit, can neither totally nor finally fall away from the state of grace but shall certainly persevere therein to the end, and be eternally saved." (Aangehaal deur Kennedy. 1974:115)

Hierdie leerstuk word breedvoeriger en in al sy implikasies in die Dordtse Leerreëls hoofstuk 5, veral par. 3 - 15 geformuleer.

Wat egter in die praktyk tot 'n ware struikelblok vir aktiewe evangelisasiewerk kan lei, is die idee dat mense wat eens op 'n tyd hulle geloof bely het, nie so vervalle kan raak dat hulle weer tot radikale bekering opgeroep kan word nie. So sien Stavast byvoorbeeld in die blote gebruik van die begrip "backsliders" 'n verloëning van die leer van die volharding van die heiliges. Wanneer hy die benadering van Kennedy se evangelisasie kritiseer, is sy konklusie: "Die resultaat is dan ook, dat daar telken weer 'backsliders' kom, m.a.w. dat daar geen sprake is van die volharding van die heiliges nie. Daarom kry jy behalwe 'commitment' ook 'n ding soos 're-commitment', die 'sekerheid van die geloof' is dus in wese ook maar 'n wankelende saak." (Stavast, s.j.:23)

Het Stavast die idee dat iemand wat eenmaal sy geloof bely het, nooit weer so diep kan val dat hy uiterlik geoordeel teruggegly het tot waar hy was voor hy tot geloof gekom het nie ? As Stavast maar sou kyk na die gebruik van die woord "backslider" in die Engelse Bybel sou hy gou sien dat dit gereeld voorkom (vgl. die King James vertaling t.o.v. Hos 13:4 ; Sp 14:14) en sou dan nie so haastig wees om uit die blote gebruik van die woord te oordeel dat die leer van die volharding van die heiliges geloën word nie. Die gevaar is wesenlik dat in die praktiese toepassing van die leerstuk van die volharding van die heiliges die evangelisasiewerker sy vertrekpunt so eensydig in die trou van God neem, dat hy huiwerig is om die verantwoordelikheid van die mens tot gehoorsaamheid aan die eise van die verbond te beklemtoon en afgedwaalde verbondskinders by vernuwing tot bekering te roep. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die artikel van J.L. Venter wat "bekeringsgerigte evangelisasie" kategories afwys, asof daar evangelisasie kan wees wat nie op bekering gerig is nie. (Vgl. Venter, Die Kerkblad, jrg. 84, nr. 2624)

Dit is wel waar dat God sy verbond in stand hou en met sy verbondsvolk ondanks hulle ontrou en verbondsverbreking op grond van sy uitverkiesende liefde volhard. (Vgl. punt 8.6 in hoorstuk 2 en punt 3.2.3.4 en 3.2.5.1 en 3.2.5.5 in hoofstuk 3)

Dit gee aan elke evangelisasiewerker juis die grootste dryfkrag om getrou voort te gaan daarmee om afvallige verbondskinders tot geloofsgehoorsaamheid aan die beloftes van die verbond op te roep. Hy kan onwrikbaar glo: God se uitverkore kinders wat deur ongehoorsaamheid van Hom vervreem geraak het, sal weer daartoe kom om Christus te omhels, omdat God die Heilige Gees van sy eiendom,selfs in hulle droewige val, nie heeltemal wegneem nie, maar in hulle die saad waaruit hulle wedergebore is, bewaar en hulle die genade van God wat nou met hulle versoen is, weer laat voel. (D.L., 5, 6 en 7)

Omdat die verbond egter 'n regskarakter het, moet die dipleuriese bestaan van die verbond nie deur die belydenis van die volharding van die heiliges opgehef word nie, maar moet die volle verantwoordelikstelling van afvallige verbondsverbrekers gehandhaaf word. Hulle moet met klem en krag tot bekering geroep word met die gepaardgaande verkondiging van verbondswraak oor hulle wat met ongehoorsaamheid volhard.

So spreek ook die Gereformeerde Belydenisskrifte. Die Dordtse Leerreëls stel dit byvoorbeeld baie duidelik dat God' se uitverkore kinders in "doodskuld kan verval", met "growwe sondes God ten seerste kan vertoorn" en self "vir 'n tyd die oefening van die geloof kan verbreek en vir 'n tyd die gevoel van die genade" kan verloor. (D.L. 5,5). Hierdie toestand duur ~~dan~~ voort totdat hulle hulleself weer deur die werking van die Heilige Gees bekeer. (D.L. 5,7)

Die belydenis van God se volharding met die Heiliges moet juis die grootste dryfkrag agter bekeringsgerigte evangelisasiewerk wees. Mense wat "vir 'n tyd die oefening van die geloof verbreek het, en die gevoel van genade verloor het", (D.L.5,5) en wat "teen verskillende twyfelinge van die vlees stry", (D.L. 5,11) moet by vernuwing die beloftes van die verbond hoor. Hulle moet deur die verkondiging Jesus Christus en Hom as gekruisigde (1 Kor 2:2) opnuut voor die beloftes en eise van God in sy verbond gestel word en die radikale oordele oor hulle wat in ongeloof volhard, moet uitgespel word.

Die regskarakter van die verbond gee ook aan evangelisasiewerkers 'n sterker gebedsaanspraak in hulle voorbidding vir kerkvervreemde, afgedwaalde verbondskinders.

In die verbond het God ook Homself verbind om sy beloftes waar te maak. Daarom kan op grond van die be-

loftes wat in die doop afgeteken en verseël is, gepleit word vir die bekering van 'n bepaalde gedoopte persoon wat die verbond verbreek het en van die gemeente vervreem geraak het. In sy voorbidding vir so iemand mag die evangelisasiewerker byvoorbeeld pleit: "Here, hy is een van u gemerkte verbondskinders wat die merk en vaandel van die doop ontvang het. (art. 34 N.G.B.) U het beloof dat U nimmer U verbond vergeet nie. Ons pleit op grond van U verbond wat in sy doop beseël en bekragtig is: Verbysel tog sy hart en maak hom weer 'n gelowige en gehoorsame verbondskind!"

Op grond van die verbond kan die evanglisasiewerker weet: "Ik mag God aan de zoom van Zijn kleed trekken." (Schilder, 1939:16)

## 5. DIE INHOUD VAN DIE EVANGELIEVERKONDING IN EVANGELISASIE

In punt 5.4 van hoofstuk 3 is tot die gevolgtrekking gekom dat die verkondiging van die evangelie aan afvalliges baie eksplisiet in die taal en struktuur van die verbond gegiet is.

In hierdie gedeelte word 'n poging aangewend om aan te dui waarin die verkondiging van die evanglie aan afgedwaalde verbondsbrekers met die verkondiging van die evangelie aan hulle wat nog nooit deel van die verbondsgemeenskap was nie, in die lig van die Skrifopenbaring oor die aard van die verbond ooreenkom en verskil.

A.C. Barnard het gelyk as hy daarop wys dat die kern van die evangelie altyd dieselfde bly, maar dat hierdie kern van die evangelie 'n eie aksentuering kry wanneer dit aan afgedwaalde verbondsbrekers verkondig word. Hierdie aksentuering is anders as die aksentuering in die verkondiging aan hulle wat nog nooit deel van die verbondsgemeenskap was nie.

Die basiese beloftes van die verbond, dat Christus vir ons sondes volgens die Skrif gesterf het, begrawe is en op die derde dag opgestaan het en daarmee die dood oorwin het (1 Kor 15:3,4), bly dieselfde vir alle mense sonder enige onderskeid. Die bevel van geloof en bekering en die verkondiging van die oordeel oor ongehoorsame ongelowiges is ook deel van die kerninhoud van die evangelieboodskap wat aan alle buitekerklikes ongeag hulle afkoms, vroeëre kerklike agtergrond of nie, en of hulle gedoop is of nie, verkondig moet word.

So spreek ook die Dordtse Leerreëls 2,5: "Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe sal hê; en hierdie belofte moet aan alle volke en mense tot wie God na sy welbehae sy evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en voorgestel word, met die bevel van bekering en geloof."

Hierdie kerninhoud van die evangelie loop ook soos 'n goue draad deur die prediking van die evangelie aan die afvalliges in die Hebreërboek. (Vgl. die beredenering in punt 5.3 van hoofstuk 3 in hierdie studie. )

Vir afgedwaalde verbondsbrekers kom daar egter verskerpte beloftes en eise en sanksies by wat nie verkondig kan word aan hulle wat nog nooit deel van die verbondsgemeenskap was nie. Immers, in en deur die verbond prikkel, vergroot en verskerp God ons verantwoordelikheid, omdat die verbond regskrag het en die vervreemde bondelinge regtens die eiendom van God is.

In 'n evangelisasiegesprek met afgedwaalde verbondskinders sou hierdie spesifieke aksentuering na vore gebring kon word deur te sê (nadat daar vooraf weer die kern van die evangeliebeloftes verkondig is):

"Die belofte van die ewige lewe, verlossing uit die dood en die mag van sonde en Satan deur die versoeningswerk van Jesus Christus, waarvan ons netnou gepraat het, word nie vandag vir die eerste keer vir jou aangebied nie. Toe jy gedoop is, baie jare gelede, het God jou al gemerk as sy eiendom en aan jou die teken en seël daarvan gegee dat Hy jou Vader is, dat jy deur die bloed van Jesus Christus gewas is, en dat Hy deur sy Heilige Gees in jou wil woon en jou wil heilig maak. Omdat jy nie geglo het nie, het jy nie God se gawes ontvang nie en nie geleef soos iemand wat weet dat hy die eiendom van die lewende God is nie. Glo jy dit nou ? Wil jy saam met my in die gebed bely dat jy God erken as jou Vader, Jesus Christus as die enigste Verlosser en Here van jou lewe omhels en jou deur die Heilige Gees wil laat lei die res van jou lewe ? Jy moet dit baie ernstig oorweeg want dit is 'n saak van lewe en dood. God se oordeel en vloek en straf oor iemand wat sy merkteken dra, maar nie as sy eiendom wil leef nie, is dubbel so swaar as oor iemand wat nog nie voorheen deel van sy kudde was nie."

In die verkondiging van die evangelie aan afgedwaalde verbondsbrekers moet dit dus beklemtoon word dat die bondeling groter voorregte as die heiden geniet, maar daarom ook groter verantwoordelikhede teenoor God het: "Wanneer het vuur van de genade heter gestookt wordt, grijpt het des te feller om zich heen. Hoeveel te meer zullen wij niet ontvlieden, zegt Hebreeën, die meer gezien hebben." (Schilder, 1934:18)

So word die radikale beloftes, maar ook die radikale eise in die evangelieverkondiging aan afgedwaalde verbondskinders duidelik gestel: Ontsagwekkend vertroostend, maar terselfdertyd word elke oorkussing van die duiwel van valse lydelikheid stukkend gebreek. "Men laat beren wel dansen op een vloer dat verhit wordt. Zo kan men ook het verbond bezien. Het stookt de vuren heet. Geen ding maakt meer verant-

woordelijk. De verantwoordelijkheid wordt in het verbond oneindig verscherpt." (Schilder, 1939:11)

Monsma is dan ook heeltemal reg as hy hierdie aspek van verskerpte verantwoordelikheid een van die kenmerke van gereformeerde evangelisasie noem, wat uitgaan vanuit die verbond. "The doctrine of the covenant has real significance for our work of evangelism. It should control our methodology and approach and at the same time furnish us with a mighty incentive to diligent endeavor ... we should tell the wayword that they are ungrateful and grossly guilty covenant breakers, upon whom the just wrath of a holy God will come with double force, unless they repent and return." (Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches, 1948: 40)

In byna alle evangelisasiekursusse en -handleidings vir persoonlike werkers ontbreek hierdie aspek van noodsaaklike differensiasie tussen afgedwaalde verbondskinders en heidene en die nadere aksentuering van die verskerpte voorregte en verantwoordelikhede van die kerkvervreemde verbondskind in vergelyking met die heiden wat nog nooit deel van die verbondsgemeenskap was nie.

Dit kom nie voor in die kursusmateriaal van Campus Crusade nie (vgl. Vier geestelike wette, s.j.). Dit kom nie voor in die kursus Evangelism Explosion nie (vgl. Kennedy, 1977). Dit ontbreek in die kursus van die Vrygemaakte Gereformeerde Kerk in Nederland wat slegs op een plek vaagweg verwys na die verbond: "In het begin was er een verbondsverhouding tussen God en de mensen, die door de mensen verbroken is, maar waar God nog aan vasthoudt. . .Hier komt nog bij dat er in ons land nog velen zijn die òf zelf òf van wie de ouders gedoopt zijn en op wie God zo beslag heeft gelegd. God heeft recht op erkenning door alle mensen tot hun eigen behoudt.(Hand 17:30 allen moeten zich bekeren)

"God zal ook door Christus over allen gericht houden (Hand 17:31; Hand 10:42); maar wie in Christus gelooft ontvangt vergeving (Hand 10:43)" (Verband van Evangelizatiekommissies van de Gereformeerde Kerken in Nederland. 1981/82 P.B.G. 4)

Die differensiasie tussen afgedwaalde verbondskinders en heidene en die nadere aksentuering van die boodskap aan eersgenoemdes, ontbreek ook in die "Instruktiemap voor het evangelizatiewerk van de Gereformeerde Bond in de Nederlands Hervormde Kerk". (cf. Hervormde Bond voor Inwendige Zending op G.G., 1978) Dit word nie gevind in die materiaal van die World Home Bible League van Ds. John De Vries nie.(Vgl. De Vries 1978)

Dit kom ook nie voor in die kursusse van die Christian Reformed Church van Noord-Amerika nie (vgl. Board of Home Missions, C.R.C., s.j.) en ook nie in die kursusmateriaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie. (Vgl. Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinodes Wes- en Suid-Transvaal, 1975 P.W. 1 - 6)

In hierdie en alle ander evangelisasiekursusse en -handleidings wat bestudeer is, word 'n "algemene" evangelieverduideliking voorgestel met slegs 'n nadere toepassing op die persoon se fisiese omstandighede sonder om enigsins die prinsipiële verskil tussen 'n verbondskind en 'n heiden te verdiskonteer.

Dit lyk daarom baie noodsaaklik om hierdie implikasies van die regskarakter van die verbond vir 'n werklik Skrifgetroue en voluit gereformeerde evangelisasiepraktyk in die verkondiging van die evangelie aan hulle wat vroeër deel was van die verbondsgemeenskap en wat regtens daartoe behoort, sterk te benadruk.

## 6. DIE IMPLIKASIES VAN DIE KOLLEKTIEWE AARD VAN DIE VERBOND VIR EVANGELISASIEMETODIEK

### 6.1 INLEIDEND

In punte 3.2.3.5, 3.2.5.7 en 4.4.1 in hoofstuk 3 is daar met oorvloedige eksegetiese materiaal aangetoon dat die verbond dwarsdeur die Skrif steeds 'n kollektiewe of gemeenskapskarakter het. In hierdie gedeelte sal daar nou gepoog word om enkele implikasies daarvan vir evangelisasie in die praktyk aan te toon.

### 6.2 DIE IMPLIKASIE VIR GESINSEVANGELISASIE

In punt 4.3 van hoofstuk 3 is breedvoerig aangetoon hoe nuwe gelowiges se hele huisgesin telkens in die toetrede tot die Christelike geloof en die gemeente betrek is. Nooit is bekering tot God 'n bloot individualistiese saak nie, maar word die huisgesin as 'n Godgegewe instelling van die skepping af in die uitbreiding van die Christelike gemeente gehandhaaf.

Tereg verklaar Peters (1970:147) : "The family did not just happen. It is God ordained and instituted. Household is a fundamental biblical concept. God willed the family and the home. It is the original, divinely instituted, natural, social and specific unit; it is essential to the well-being of the human race."

Die huisgesin as basiese samelewingsverband en die huwelik en ouerskap het nie uit die nood van die mens na die sondeval voortgekom nie, maar was eie aan die mens soos wat hy uit die hand van God gekom het.

Die belang van die huisgesin as skeppingsordonnansie en die gemeenskapskarakter van die verbond is grootliks deur die metodisme genegeer. 'n Eensydige klem op die individuele beslissing van die mens en 'n gepaardgaande privatisering van die godsdiens in piëtis-

tiese mistiek het deur die geskiedenis heen 'n groot stempel op evangelisasie afgedruk. Monsma het tereg verklaar: "Methodism has a tendency to be individualistic. It seeks to save the individual. But God saves His people, not individualistically, but organically, covenantly. God saves parents and in relation to them their children." (Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches, 1948;38)

Die gereformeerde klem op die belang van die huisgesin en die noodsaaklikheid van gesinsevangelisasie is getrou aan die Skrifopenbaring aangaande die verbond en ook in lyn met metodologiese beginsels van die vroeg-Christelike kerk.

Michael Green, in sy standaardwerk, "Evangelism in the Early Church" (1970) het die fokus op die huisgesin as metodologiese beginsel en uitgangspunt in die vroeg-Christelike kerk met 'n stortvloed van verwysings uit sowel die Nuwe Testament as die geskrifte van die kerkvaders en hulle heidense tydgenote aangedui (vgl. Green, 1970:250 - 270)

Green se konklusie is baie duidelik: "Christian missionaries made a deliberate point of gaining whatever households they could as lighthouses, so to speak, from which the gospel could illuminate the surrounding darkness. Stauffer may have gone too far when he claimed that there is an almost ritual oikos-formula to be found in the New Testament, but he is quite right in stressing the centrality of the household to Christian advance."

Waar die hoof van 'n huishouding eerste tot bekering gekom het, is die res van die huishouding ook verbind. So was dit klaarblyklik die geval met Cornelius (Hand 10:48), met die tronkbewaarder van Filippi (Hand 16:33) en selfs met Lydia, die purperverkoopster wat waarskynlik ongetroud was en tog saam met

haar slawe en medewerkers gedoop is (Hand 16:15).

Waar die vrou die eerste tot geloof gekom het en sy nie die hoof van die huishouding was nie, was dit enigsins moeiliker. Green (1970:255) toon, met aanhalings uit die geskrifte van Tertulianus en Tacitus aan, hoe die waarskuwing van Jesus,dat die geloof in Hom (Mt 10:34 e.v.; Mk 10:29 en Lk 10:26) ook soms gesinsbande sou verbreek, op 'n smartlike wyse in vervulling gegaan het.

Hierdie feit beklemtoon egter dat die kollektiewe aard van die verbond nie die persoonlike oorgawe van individue uitgesluit het nie, maar dat die gemeenskapskarakter van die verbond die ongelowige in die sfeer van God se genade gebring het en daarmee juis tot 'n persoonlike keuse gelei het.

Wanneer die getroude vrou voor haar man tot bekering gekom het, moes sy glo en vertrou dat die Here haar wou gebruik as 'n instrument om ook die hele huisgesin en huishouding vir Christus te wen. Daarom het die Nuwe Testament dan ook aan sulke vrouens die opdrag gegee om deur haar godsalige lewenswandel sonder woorde haar eggenoot vir Christus te wen. (Vgl. byvoorbeeld 1 Kor 7:10 - 16 en 1 Pt 3:1 - 7)

Green (1970:260) gee ook historiese bewyse uit die tweede eeu om aan te toon hoe baie huishoudings deur die invloed van slawe tot die Christendom toegetree het en sulke huishoudings selfs tot huisgemeentes ontwikkel het.

"... it gives concrete attestation of the process which we know must have been going on at the time, the gradual infiltration of the middle and upper classes of Roman society by Christianity through the lives and words of slaves and freed men in their employment. This is how that unique institution, the Christian home, began to make an impression on surrounding paganism."

Dit is merkwaardig dat die noodsaak van 'n gesinsbenadering in sending en evangelisasie vandag nie net deur gereformeerdes - met 'n beroep op die aard van die verbond - beklemtoon word nie. Ook sendingwetenskaplikes wat bepaald nie 'n gereformeerde verbondsbeskouing in hulle teologie huldig nie, doen tog op grond van praktiese en sosiologiese oorwegings en op grond van die algemene klem wat die Skrif op die huisgesin laat val, 'n beroep op 'n konsekwente gesinsbenadering in sending en evangelisasie.

'n Voorbeeld hiervan is die pleit van McGavran vir die gedagte van erkenning van "people movements" wat as 'n homogene groep as geheel tot die Christelike geloof kan oorgaan.

McGavran sê: "A people is a tribe or caste, a clan or lineage or tightly knit segment of any society. A tribal movement of one single people of society." (McGavran, 1980:334)

Daar word beweer dat die Westerse kultuur in sy wese individualisties is en daarom nie oog het vir die moontlikheid dat 'n hele groep mense deur middel van "multi-individuele" beslissing tot geloof kan kom nie.

Roger Greenway van die Christian Reformed Church in die V.S.A. meen dat hierdie beginsel die verbondsgedagte erken, nl. dat God sy kerk op 'n verbondsmatige manier bou deur middel van kettings van families en geslagte. Met instemming haal hy Harry R. Boer aan wat gesê het: "The great merit of McGavran in emphasizing the place of the oikos in missionary strategy can hardly be overestimated." (Conn, 1976:46)

McGavran haal die beroemde kerkhistorikus Latourette aan wat beweer dat die kerk in die vroeg-Christelike tydperk juis deur middel van hele huishoudings en homogene groepe wat tot bekering gekom het, so vinnig gegroei het.

Hy meen dat die Reformasie ook om hierdie rede so vinnig in Europa versprei het en dat ten minste tweederdes van alle bekeerlinge in Asië, Afrika en Oceania deur middel van "people movements" tot geloof gekom het.

Sy konklusie is duidelik: "The people movement is the God-given way by which social resistance to the Gospel can be surmounted." (McGavran, 1980:336)

Omdat McGavran so sterk van hierdie beginsel oortuig is, is hy van mening dat niks vir gemeengetroei meer belangrik is as om homogene eenhede te onderskei en die spesifieke karaktertrekke daarvan te beskryf nie.

Kerke moet dan gestig word wat op die eiesoortige karaktertrekke van die bepaalde homogene groepe inspeel. 'n Uiters belangrike wet vir kerkgroei is: "discipling each homogenous unit out to the fringes is more desirable as a rule, than establishing conglomerate congregations in many contiguous H.U.S." (Conn, 1976:40)

Omdat hierdie beginsel beteken dat iemand dan nie verplig word om sy eie homogene eenheid of kultuurgroep te verloën nie, hou dit in dat hy dan 'n suiwer religieuse beslissing neem. Kerke wat uit 'n konglomeraat van homogene eenhede bestaan, is swak, omdat die konflikpotensiaal in so 'n kerk veel groter is en so 'n kerk groei ook stadig omdat elke oproep tot bekering ook beteken om jou broers en susters te verlaat. (Conn, 1976:40)

Die geweldige belang van etniese realiteite vir McGavran word prakties en breed uitgespel in sy boek "Ethnic realities and the church; lessons from India."

Ook hier is sy finale konklusie baie duidelik: "What is called for today, then, is to break the chains of Western individualism so that ingathering that runs through caste, becomes the normally expected outcome

of evangelism. The goal is that each of the three thousand and more ethnic units should find flowing within it a strong movement to become disciples of the Lord Jesus, and to feed on his revealed Word in the Bible." (McGavran, 1979:247)

McGavran het inderdaad 'n belangrike korreksie op die individualisme van die "evangelicals" aangebring. Insig in die homogene groep en die sosiologiese dinamiek daarvan in sending- en evangelisasiestrategie is uiters belangrik.

Moontlik kan op dié manier die konsep van die verbond in sending en evangelisasie ook meer tot sy reg kom.

Tereg is egter uit vele oorde gewaarsku dat die groepsbekering uit die oog verloor dat God sy koninkryk bou in en deur persoonlike gemeenskap met die mens. Die kollektiewe karakter van die verbond sluit nie die persoonlike gemeenskapskarakter tussen God en die bondeling uit nie.

John Young stel twee indringende vrae waarop deur almal wat die gedagte van groepsbeslissings in hulle sending en evangelisasiestrategie inkorporeer, geantwoord moet word: "Have they been brought by a strategy or by the convicting power of the Holy Spirit ? Have they substituted new rites for old with their faith still in externals and their sense of security still basically in their tribal identity ?" (Conn, 1976:72)

Hierdie vraag geld selfs ook in 'n Westerse samelewing. Die kerk mag nooit sosiale strukture so akkomodeer dat die heerskappy van Christus en die eis van die vernuwing ook ten opsigte van bepaalde sondige kulturele verskynsels gerelativeer word nie. Dit is jammer dat McGavran en sy skool nie duidelike teologies gefundeerde beginsels ten opsigte van sinkretisme stel nie.

Dit is daarom dringend noodsaaklik om in te sien dat die kollektiewe aard van die verbond nie die individuele beslissing uitskakel nie. Evangelisasiestrategie moet sowel die kollektiewe aard van die verbond en die implikasies daarvan asook die persoonlike gemeenskapskarakter tussen God en die bondeling honoreer.

Merkwaardig is dat vandag ook moderne sendingwetenskaplikes van baptistiese agtergrond en belydenis die belangrikheid van gesinsgerigte evangelisasie benadruk. Dit bly steeds 'n onbeantwoorde vraag hoe so 'n wetenskaplike wat 'n belydenis handhaaf, wat die kollektiewe aard van die verbond bestry, tog in sy evangelisasiemetodologie die gesinsbenadering so sterk kan bepleit.

In hierdie verband kan twee voorbeelde kortliks bespreek word.

In sy boek "Saturation evangelism" het George W. Peters twee hoofstukke oor "Biblical and missionary perspectives on Household Evangelism" geskryf . (Peters, 1970:147 - 167) Eers wys hy op die Bybelse belangrikheid van die huisgesin as samelewingsverband met gegewens uit sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament en die vroeë kerkgeskiedenis, daarna behandel hy die praktiese voordele van 'n gesinsbenadering en gee dan 'n aantal metodologiese beginsels vir die praktyk van 'n gesinsbenadering in evangelisasie, met ten slotte 'n aantal konkreet praktiese gevallestudies van sending en evangelisasie waarby die gesinsbenadering geslaagde geïmplementeer is. 'n Besliste leemte in Peters se werk, wat egter vanuit sy Baptistiese belydenisuitgangspunte begryp kan word, is dat hy geen woord van die verbond rep nie.

Wat vir die evangelistiek ook van belang is, is die publikasie van Lawrence O. Richards, "A new face for the church" (1970). Wanneer hy die evangelisasie-

strategie van 'n vernieuwde kerk beskryf, wys hy op die leemtes van vroeëre individualistiese benaderings waarin groot spanning vir kinders geskep is wat deur kerke geëvangeliseer is, sonder dat pogings aangewend is om ook sulke kinders se ouers te evangeliseer.

"You see, he was won to the Lord as a child, in a day camp program. And then over and over he was told in Sunday School to talk to others about the Lord - but no one from the church ever got around to talk to his parents. Oh, they invited them to BVS closing programs, and things like that. But I'm afraid Carl feels their concern was slightly hypocritical." (Richards, 1970:270)

Hy wys daarop dat 'n strategie wat individualisties op kinders gerig is, net nie veel blywende vrugte opgelewer het nie. Wanneer daar egter op volwassenes toegespits word, word dit gedoen met die oog daarop dat die hele gesin gewen kan word. Dit word selfs as 'n "deadly sinful thing" beskou om individuele kinders in 'n Sondagskoolklas of vakansie Bybelskool geestelik tot 'n soort van geloofsbelydenis te forseer en dan na ongelowige ouers toe terug te stuur.

Daarom moet die strategie wees: "We care about children so much that we make sure they have a Christian home to grow up in. We go out and face adults, that's how much we care about kids. We don't sneak around and spend all our time with children because we're scared to death of grown-ups!" (Richards, 1970:270)

Richards bepleit dan baie sterk dat die evangelisasiewerk, "Home units" sal uitgaan van wat ook 'n baie belangrike struktuurbeginsel van die hele gemeentelewe moet word. Hierdie "Home units" bestaan uit 'n aantal gesinne wat so gereeld as moontlik saam vergader om Bybelstudie te doen, onderlinge lief en leed

saam te dra, evangelisasiestrategie te beplan en saam uit te voer.

Die feit dat Richards hoegenaamd nie die verbond in sy kerkbegrip of evangelisasiestrategie verdiskonteer nie, veroorsaak dat sy boek 'n indruk van teologiese oppervlakkigheid skep en kom dit voor asof sy evangelisasiestrategie meer deur pragmatiese en humanistiese motiewe beheers word as deur Skrifbeginsels. Tog slaag Richards uitnemend daarin om die problematiek van verouderde gemeentelike strukture - wat dikwels meer deur tradisies as deur beginsels gevorm is - in 'n moderne gesekulariseerde samelewing aan die lig te bring.

In 'n werklik Skrifgefundeerde gereformeerde evangelisasiepraktyk wat die aard van die verbond as 'n intieme persoonlike gemeenskapsverhouding tot God, honoreer, maar tog ook regsimplikasies het vir die gelowige en sy kinders en daarom ook 'n kollektiewe gemeenskapskarakter het, moet die fokus sterk op die evangelisering van huisgesinne val sonder om die individuele beslissing van gesinslede uit te skakel.

Ten opsigte van 'n spesifiek gereformeerde evangelisasiemetodiek verklaar D.H. Walters tereg: "Stress family work. That same organic Covenant works thru the family channel. . We seek individuals, yes, but we hasten to add 'and thy house.' This is Biblical. This is dinstinctively our Reformed contribution in evangelism and mission work... We are more commited to neighborhood evangelism - bringing the Gospel to the family. We should be especially strong in that." (Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches, 1948:79)

Enkele belangrike oorwegings hierby moet genoem word:

1. Fokus op die gesin. Dit beteken eerstens dat die evangelisasiewerkers die belangrikheid van

die kollektiewe aard van die verbond sal begryp en die regte Bybelse insigte oor die gesin as verbondsgemeenskap sal verkry.

2. Gesinsgerigte evangelisasie kan moeilik anders gedoen word as om gesinne in hulle woonhuise te besoek. Kontak kan gemaak word deur sensusopnames, kennismakingsbesoeke by nuwe bure, siekebesoeke en verwysings deur vriende of familie van die betrokkenes. Wat die belangrikheid van Christelike buurskap betref, het C.G. Kromminga in sy studie "Bringing God's news to neighbors" (1977) 'n waardevolle bydrae gelewer deur nie net 'n indringende teologiese fundering te lewer nie, maar ook weldeurdagte metodeologiese riglyne te trek. (Vgl. :128 - 162);

3. Begin sover as moontlik met ouers. Die ideale toestand sou wees dat die ouers van 'n huisgesin tot bekering kom en die gesin dan as geheel deur die kerk bearbei word. Peters (1970:155 e.v.) toon oortuigend aan hoe die evangelisering van 'n individu los van sy gesin tot botsings met die gesin kan lei en so 'n ontaktvolle benadering 'n struikelblok kan word vir die voortgang van die evangelie. "I grant that in some cases the resentment against the Gospel is so deep that it becomes impossible, from the human point of view, to bridge the gulf and overcome the opposition. In more cases, however it is not the Gospel as such, but rather the approaches in evangelizing that are the real reason for animosity." (Peters, 1970:156)

   Wanneer 'n individuele gesinslid bereik is en tot bekering gekom het, moet so 'n gesinslid as die deur na die hele gesin beskou word. Die ouers van so 'n gesinslid kan byvoorbeeld besoek word om hulle goedkeuring en instemming

vir die kind se besluit om by die gemeente betrokke te wees, te gee. Peters gee 'n voorbeeld van hoe 'n hele gesin vir Christus gewen kon word. Dit kan deels gedoen word omdat die evangelisasiewerker 'n jong man gevra het om sy besluit om hom by die gemeente te voeg, uit te stel en eers saam met die jongman die hele saak met sy ouers gaan bespreek het met die doel om hulle goedkeuring vir die seun se besluit te vra. Hy het hulle ook uitgenooi om gemeentlike samekomste saam met hulle seun by te woon. Dit is ook oor en oor bewys dat individuele gelowiges veel meer standvastig is, as hulle deel van 'n huisgesin is wat ook gelowiges is of ten minste nie vyandig is teenoor die verandering wat daar in hierdie gelowige se lewe gekom het nie.

Peters verklaar onomwonde: "I am convinced that the most efficient method to preserve professions, and lead them to assurance and stability, is houshold evangelism." (a.w. : 158)

4. "Huiskatkisasie": Jay E. Adams het 'n baie interessante evangelisasiestrategie van onderrig in die huise van buitekerklikes uitgewerk, wat hy "Visitation Evangelism Program" noem . (Adams, s.j.)

In die program word voorgestel dat die kerkraad die program beplan, die lidmate van die gemeente toerus om buitekerklike gesinne te besoek met die doel om hulle belangstelling te prikkel om in hulle huise 'n reeks besoeke te ontvang waar hulle gehelp word om deur middel van Bybelstudie die heel basiese aspekte van Christenskap te verstaan. Indien die gesin se belangstelling en samewerking verkry word, word daar vir ses weke daarna eenmaal per week 'n besoek aan hulle gebring. Tydens

hierdie besoeke word die volgende onderwerpe daar behandel:

1. die leer oor gesag van die Skrif;
2. die leer oor God;
3. die leer oor die mens;
4. die leer oor verlossing;
5. die leer oor die kerk;
6. die leer oor die toekoms.

Aan die gesin word 'n Bybelstudieboekie oorhandig waarin hulle antwoorde op vrae uitwerk. Die vrae word weekliks saam met die evangelisasiewerker gekontroleer en bespreek. So word die gesin as geheel bearbei en namate hulle tot geloofsgroei en geloofsoorgawe kom, word hulle as gesin in die gemeente opgeneem. Baie variasies van hierdie strategie bestaan vandag, waarvolgens 'n enkele gesin of 'n aantal gesinne saam deur so 'n huisbybelstudiegroep tot geloofskennis en -oorgawe en opname in die gemeente gelei word.

Gibbs, wat 'n indringende studie regoor die wêreld gedoen het oor menslike faktore wat kerke laat groei, of die groei teenstaan, het tot 'n besliste konklusie gekom: "... where groups have been well-organized and managed as an integral part of an overall strategy for christian education, pastoral care and evangelistic outreach, they have had a transforming effect on church life. In all my eleven years of itinerant ministry I cannot recall any growing church which does not encourage small groups." (Gibbs, 1981:260)

Sonder om baie diep op al die beginsels en praktyke van klein groepe in te gaan, omdat

ietwat buite die veld van hierdie studie lê kan net gemeld word dat groepswerk ook gevare inhou. Dit kan byvoorbeeld kerkvervreemdheid in die hand werk as dit nie onder die regte kontrole van 'n kerkraad is en daar ook nie van die groepe na die totale gemeentelike samekoms die regte verbindingslyn bestaan nie.

Veenhuizen (1982) het egter aangetoon dat groepwerk nie vreemd is aan die gereformeerde tradisie nie en reeds in die vyftiger jare deur onder andere J.H. Bavinck sterk aanbeveel is.

Dit is egter genoeg om te meld dat die gesinsgerigte evangelisasie wat die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond in die oog hou, met groot vrug van huisbyeenkomste gebruik kan maak.

5. Die huisgesin as evangelisasiebasis: Wanneer die evangelisasieroeping in die harte van 'n bepaalde huisgesin leef, kan so 'n huisgesin as verbondsgemeenskap in die kleine 'n poort vir kerkvervreemde gesinne na Christus en sy gemeente toe wees. Dit is die strategie wat veral deur Kromminga bepleit word in sy "Bringing God's news to neighbors" (1977) en waarna reeds vroeër verwys is. Hy behandel daarin die hele sosiologiese en sielkundige dinamika van buurskap en vriendelikheid, wat kan lei tot vriendskap en eventuele openheid om met bure gesprekke te kan voer oor die dieperliggende persoonlike godsdienstige oortuigings. (Kromminga, 1977:128 e.v.)

Wat vir die aard van hierdie studie belangrik is, is om daarop te wys dat die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond, deur 'n hegte Christelike gesin wat met hulle woorde en hulle lewenswandel die nuwe lewe wat daar

in Christus is, verkondig, 'n evangeliserende impak op bure kan hê (vgl. verder hieroor Buys, 1983:320 e.v.)

Ook Peters stel dit onomwonde: "A saved family has a much greater influence for good upon the community than a group of individuals ever could have, and will serve more readily to win other families to the Lord than individuals could do." (a.w.:158)

6. Gesinspastoraat aan nuwe bekeerlinge: In evangelisasie word dikwels te doen gekry met mense met 'n ontwrigte huweliks- en gesinslewe. Hulle is miskien nog nie wetlik geskei nie, maar is tog reeds van tafel en bed geskei, of hulle worstel met baie ongelukkige huweliks- en gesinsverhoudinge. Wanneer sulke mense tot 'n persoonlike geloofsbeslissing kom om na Christus en sy kerk terug te keer, is hierdie probleme nie dadelik opgelos nie. Daar is 'n omvattende nasorgprogram van huweliks- en gesinspastoraat nodig waarvolgens die man en vrou dikwels moet leer hoe om hulle huwelikslewe weer volgens Bybelse eise te herstruktureer om onmin, rusies en sonde in hulle huwelik uit te skakel. Dikwels het ouers ook leiding nodig oor hoe om hulle kinders werklik Christelik op te voed.

Op grond van die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond is dit noodsaaklik om 'n goed georganiseerde evangelisasie-nasorgprogram te hê waarvolgens nuwe bekeerlinge gelei kan word om weer as verbondsgemeenskap in die kleine te kan begin funkioneer. Hierby kan diakonale arbeid en maatskaplike dienste baie noodsaaklike hulpdiens aan die evangelisasie verskaf. 'n Goeie voorbeeld van sulke diakonale hulpdiens by evangelisasiewerk is die kursusreeks wat die Christian Reformed

Church hiervoor saamgestel het met die titel: "Diaconal outreach". (Guetter, 1981: ses dele)

Peters (a.w.:155) sê ook tereg: "Christianity, the gospel, is God's healing and restoring power to counteract the disrupting power of sin. Evangelism is the introduction of this healing and restoring power into the family. Therefore, it ought to strengthen and build the household. This is God's design."

7. Huisgesinne as nasorgbasisse: baie nou verwant aan die gedagte van 'n huisgesin as evangelisasiebasis, is die feit dat huisgesinne ook as baie effektiewe nasorgbasisse kan dien. Dit beteken dat 'n gelowige huisgesin van die gemeente gevra word om as "voogde" vir 'n huisgesin wat onlangs tot geloof gekom het, op te tree.

   Met klein kindertjies in die geloof, se geloofsgroei gaan dit net soos met die gewone opvoeding van jong kinders: woorde wek, maar voorbeelde trek.

   Wanneer 'n gelowige gesin van die gemeente nuwe gelowiges aan huis ontvang en hulle geloof opreg, spontaan en ongedwonge saam met die nuwe gelowiges uitleef, leer die nuwe gelowiges die lewenstyl van die nuwe lewe in Christus baie gouer en makliker aan. So word hulle in hulle geloof versterk deur die "vleesgeworde" woord wat hulle sien in die lewens van die gelowige huisgesin in die gemeente, met wie hulle gemeenskap ervaar. Die "vooggesin" ervaar self ook geloofsverryking omdat hulle konkreet die nuwe gelowiges se laste help dra en die wet van Christus vervul. Gl 6:1 - 2)

## 6.3 DIE VERBONDSGEMEENTE AS SUBJEK VAN EVANGELISASIE

Evangelisasie is 'n verbondseis aan alle bondelinge. (Vgl. hoofstuk 3 punt 2.7.2.) God het 'n missionêre oogmerk met sy verbond. (Vgl. hoofstuk 3 punt 2.7.3.) Omdat die verbond 'n baie duidelike kollektiewe gemeenskapskarakter het, impliseer dit dat elke gemeente 'n missionêre gemeente moet wees. Tereg verklaar Versteeg met 'n beroep op Jh 20:21 - 23 "De gelovigen zijn de gezondenen van Jezus die de gezondene van de Vader is. (In Bouw, 1981:42)

Daarom volg daaruit verder: "God is op deze aarde niet direct te ontmoeten. God laat zich op aarde ontmoeten in Jezus. Hij ging heen van de aarde en zit nu aan de rechterhand van zijn Vader. Jezus laat Zich op aarde ontmoeten in de zijnen." (Bouw, 1981:42)

Presies in lyn hiermee is Versteeg se konklusie: "De gemeente is missionaire gemeente, naar haar aard. De gelovigen zijn gezondenen, krachtens wat ze in en door Jezus zijn." (a.w.:44)

Dit beteken dat georganiseerde evangelisasie van die plaaslike gemeente moet uitgaan. Evangelisasiewerk deur sogenaamde interkerklike institute (byvoorbeeld die Gideons, Campus Crusade) of deur jeugorganisasies of studentegroepe binne die ressort van die plaaslike gemeente, sonder dat die plaaslike gemeente daarby betrokke is, gaan in teen die grein van die Nieu-Testamentiese openbaring aangaande die aard van die verbond en die roeping van die plaaslike gemeente om voluit 'n missionêre gemeente te wees.

Sodanige evangelisasie los van die struktuur van die plaaslike gemeente, lei dan ook nie tot behoorlike nasorg en opname in die verbondsgemeente van nuwe gelowiges nie.

D.H. Walters is in die kol as hy hierdie aspek as een van die wesenstrekke van gereformeerde evangelisasie beklemtoon: "Discourage "free-lance" evangelism. A covenant consciousness Stresses Gospel work as proceeding from the bosom of the church, the covenantly established church, and therefore we have always frowned upon free, individual evangelistic endeavors. Even our Seminaries and Bible Schools do not do evangelization work. Their students work thru and under the supervision of established church consistories or denominationally recognized boards." (Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches, 1948:79 -80)

## 6.4 DIE PLAASLIKE GEMEENTE AS DIE HUISGESIN VAN GOD

In hoorstuk 3 punt 4.3 is aangetoon dat die hele κοινωνια gedagte van die Nieu-Testamentiese kerk saamhang met die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond.

In die Reformatoriese teologie is daar nog altyd in die gedagte dat die plaaslike gemeente ŉ huisgesin van God is, ŉ uitdrukking van die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond gesien.

So het bv. Calvyn in terme van die genadeverbond tussen God en sy gemeente van die gemeente as die "petite famille" gepraat. (Van der Vegt s.j.:49)

Veral wanneer Calvyn die sakrament van die Heilige Nagmaal verduidelik as die teken en seël van die genadeverbond, begin hy deur te sê: "Nadat God ons eenmaal in zijn huisgezin heeft ontvangen en dat niet om ons alleen te beschouwen als zijn dienstknechten, maar als zijn kinderen, neemt Hij ook, om de rol te vervullen van een goed huisvader, die voor zijn kroost bezorgd is, op zich om ons de gansche loop van ons leven te voeden." (Calvyn. s.j.:411)

In aansluiting by hierdie gedagte van Calvyn word die kollektiewe gesinskarakter van die gemeente as verbondsgemeenskap ook in die N.G.B. art. 35 verwoord: "Ons glo en bely dat ons Saligmaker, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal verorden en ingestel het om te voed en te onderhou diegene wat Hy alreeds wederbaar het en in sy huisgesin, naamlik sy Kerk, ingelyf het."

Die Westminster Confession praat dan ook oor en oor van die verbondsgemeente as 'n "family of God".

In die vroeg-Christelike kerk het hierdie gedagte so sterk gefunksioneer dat nuwe gelowiges beskryf is as kinders wat vir die huisgesin gebore is (wedergeboorte) omdat hulle deur die gemeente se evangelieverkondiging "verwek" is (vgl. 1 Kor 4:15; 1 Ts 2;11; Flm 1:10).

In die hele gemeente was daar dan ook in die evangelisasiewerk dieselfde gespanne verwagting as wat daar in 'n huisgesin by die geboorte van 'n nuwe kindjie is en ook dieselfde blydskap oor en liefde vir nuwe bekeerlinge as wat daar in 'n huisgesin by die geboorte van 'n baba is (vgl. Green, 1979:81 - 90).

Harry R. Boer het tereg vanuit hierdie Skrifopenbaring aangaande die aard van die verbond sterk beswaar aangeteken teen 'n praktyk wat nuwe gelowiges eers vir 'n tyd lank in 'n "chapel" laat vergader, voordat hulle in die verbondsgemeente geassimileer word en verklaar: "we shall look in vain for exhortations (in die Bybel, P.J. Buys) to protect the purity of the faith by excluding from the communion of the church those whom Christ has accepted." (Boer, 1957: 92)

Wanneer die nuwe gelowiges eers apart gehou word uit vrees dat hulle dwaalleer in die gemeente kan indra, sê Boer tereg: "We may then be a very secure church, we may be so orthodox that the angels will weep over our heresy-hunting - we shall, so far as Christ is

concerned, be as sounding brass or as clanging cymbal. Nowhere in Scripture are we called to construct our security in such a way that children of God are cut off from the proper means of grace and are given some sort of ersatz church life in a 'chapel'."
Boer, 1957:92)

Omdat die verbond 'n kollektiewe gemeenskapskarakter het, is dit volgens die Nuwe Testament 'n vanselfsprekendheid dat gelowiges reg van die begin af by die gemeente gevoeg word: "En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is." (Hand 2:47)

Die betrokkendheid van die hele gemeente by die opname van nuwe gelowiges as nuwe lede van die verbondshuisgesin, behoort nie net in prediking en onderrig beklemtoon te word nie, maar kan selfs in die liturgie verdiskonteer word.

In sy nuutste aanpassing van die doopsformulier by die doop van volwassenes, het die Christian Reformed Church van Noord-Amerika die kollektiewe gemeenskapskarakter en die betrokkenheid van die hele gemeente by die vrug van evangelisasie tereg sterker op die voorgrond geplaas deur aan die dopeling te vra: "Do you now wish to be baptized in the name of the triune God, and will you receive your baptism as a sign and seal that God accepts you in Christ, forgives all your sins and incorporates you into his church? Hierop moet die dopeling antwoord: "I do with all my heart", waarna ook aan die gemeente as geheel gevra word: "Do you, the people of the Lord, promise to receive name into your fellowship as member of the body of Christ, and do you promise to encourage them in Christian faith and help them in doing the work of the Lord?", "We do God helping us." Dan eers word die doop deur die dienaar bedien en daarna sê hy: "In the name of our Lord Jesus Christ, I now welcome you to all the privileges of full communion. I welcome you to full participation in the life of the church. I welcome

you to its responsibilities, its privileges, its sufferings, and its joys." (My onderstreping, P.J.B. vgl. Board of Publication of the Christian Reformed Church, 1981:1 - 25)

## 6.4 EVANGELISASIE GERIG OP GEMEENTEGROEI

In die lig van die vorige gedeelte en die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond, moet egte Skrifgetroue, gereformeerde evangelisasie ook daarop gerig wees om nuwe bekeerlinge in die gemeente op te neem. Omdat evangelisasie in die vorige eeu dikwels van buitekerklike, metodistiese groepies of van buitekerklike organisasie soos genootskappe uitgegaan het, is die gedagte gepropageer dat evangelisasie beteken om mense na Christus toe te lei en nie na die kerk toe nie. (Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches, 1948:109 e.v.)

In die lig van die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond, is dit egter duidelik dat nuwe gelowiges tot die gemeente toegevoeg moet word. Dit beteken dat die eis van verantwoordelike lidmaatskap van die plaaslike gemeente as 'n onderdeel van gehoorsaamheid aan die heerskappy van Jesus as Here en sy verbondseise, aan buitekerklikes uitgespel moet word voordat hulle tot 'n belydenis van hulle geloof in en oorgawe aan Jesus Christus die Here gelei word.

Dit impliseer egter nie dat die eie kerk as die enigste saligmakende kerk verkondig moet word nie. Indien die kerkvervreemdes verkies om terug te keer na 'n kerk van reformatoriese belydenis waaraan hulle miskien vroeër behoort het, moet hulle daarin gehelp en ondersteun word.

Die verbond verplig geen evangelisasiewerker tot kerkisme waarby die eie kerk as die enigste saligmakende

kerk verkondig moet word nie. Onderlinge oorlegpleging en goeie onderlinge verhoudings tussen verskillende kerke met dieselfde belydenis, maar wat tog nie tot dieselfde kerkverband behoort nie, is hier van pas. Om die detail daarvan uit te spel, sal ons egter te ver buite die bestek van hierdie studie voer.

Dit is genoeg om hier te beklemtoon dat die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond volgens die Nuwe Testament impliseer dat toevoeging tot die gemeente van Christus net so sterk as die verbintenis van Christus van die kerkvervreemde die oogmerk in praktiese evangelisasie moet wees.

HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING EN TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

## 1. SAMEVATTENDE KONKLUSIES

Die aard van die verbond volgens die Nuwe Testament het bepalende implikasies vir evangelisasie wat poog om voluit Skrifgetrou te wees.

Die totale evangeliseringsopdrag het 'n duidelike verbondsmatige struktuur. God het volgens die getuienis van die hele Skrif ook 'n missionêre oogmerk met die verbond. Die verbondsgemeente as uitverkore volk, as koninklike priesterdom, as eiendomsvolk moet die deugde verkondig van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig. (1 Pt 2:9)

Sowel die geweldige opdrag as die motivering om evangelisasie te doen, vloei organies uit die aard van die verbond voort.

Die nadere differensiasie tussen hulle wat afgedwaalde verbondskinders is en hulle wat nog nooit tot die verbond behoort het nie, en die implikasies daarvan vir die inhoud van die boodskap en die metodiek van evangelisasie, kan duidelik uit die Nuwe Testament afgelei word.

Alhoewel dieselfde evangelie van die een Here en Christus as Verlosser vir alle sondaars wat met berou en bekering in ware geloof na die gekruisigde en opgestane Jesus toe kom, geld, kan daar op grond van die aard van die verbond 'n sterker appèl op afgedwaalde verbondskinders as op heidene wat nog nooit deel van die verbondsgemeenskap was nie, gemaak word.

Omdat die verbond 'n regskarakter het, is afgedwaalde

verbondskinders regtens die eiendom van God. Die beloftes van die verbond het vir hulle groter regskrag. Die verskriklike en heilige oordeel van God oor hulle is swaarder as oor heidene wanneer hulle ongelowig sou bly.

Hierdie nadere differensiasie op grond van die aard van die verbond, behoort in die verkondiging van die evangelie aan sondaars in evangelisasiewerk verdiskonteer te word. So word die verantwoordelikheid van kerkvervreemdes baie helder aan hulle voor oë gestel en hulle duidelik gewaarsku, sonder om die soewereiniteit van God te nivelleer.

Vir die regte uitvoering van die kerk se evangelisasie-opdrag is dit noodsaaklik om tussen uitverkiesing en verbond te onderskei.

Omdat God in sy uitverkiesende liefde in die totstandkoming en onderhouding van die verbond vrymagtig optree, is die belydenis van God se soewereiniteit 'n ryk troos in evangelisasiewerk. God laat nooit die werke van sy hande vaar nie. Hy volhard met sy eiendom en bring die afgedwaaldes op sy tyd langs die weg van berou en bekering weer as lewende lede van sy huisgesin terug. Dit is die grootste dryfkrag agter volhardende voorbidding vir, en volgehoue evangeliverkondiging aan, afgedwaalde verbondskinders.

Die uitverkiesende vrymag van God relativeer nie in die minste die volle krag van die beloftes en die eise van die verbond aan alle verbondskinders nie. Dit is in stryd met Deut 29:29 as evangelisasiewerkers hulle vertrekpunt in die uitverkiesing neem wanneer die beloftes en die eise van die verbond aan sondaars verkondig word. Die onwedergebore hart kan die dinge van God - waaronder veral die leer van die uitverkiesing - nie aanvaar nie. In die verkondiging en onderrig aan afgedwaalde bondelinge moet die volgende wees: Eers roeping, dan uitverkiesing, alhoewel die

evangelisasiewerker weet dat die orde by God altyd is: Eers uitverkiesing, dan roeping.

Die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond het baie belangrike implikasies vir evangelisasie. Omdat die verbond gesluit word met die gelowige en sy kinders, moet evangelisasie altyd gesinsgerig wees. Daar moet altyd op die bekering van hele huisgesinne gefokus word. Wanneer 'n vader of moeder tot geloof kom, word hulle kinders verder as verbondskinders beskou en behandel.

Die aard van die verbond impliseer ook dat evangelisasie in alle opsigte van die plaaslike gemeente as huisgesin van God moet uitgaan. Evangelisasiewerk wat nie uitgaan en nie onder toesig is van 'n plaaslike gemeente nie, is in stryd met die Skrifopenbaring aangaande die aard van die verbond en die implikasies daarvan vir evangelisasie.

Die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond impliseer dat evangelisasie as oogmerk moet hê om buitekerklikes na Christus toe te lei, en in sy gemeente in te skakel.

Die inskakeling en assimilasie van nuwe bekeerlinge in die gemeente kan die maklikste en op die heel beste manier gebeur as die gemeente 'n werklike gesinskarakter adem wat vanweë sy liefde en missionêre ywer dieselfe sorg teenoor nuwe gelowiges openbaar as wat daar in 'n huisgesin teenoor pasgebore kinders geopenbaar word. Dit moet ook liturgies tot uitdrukking kom.

Bybels Gereformeerde evangelisasie beteken om buitekerklikes vanuit die gemeente, deur die gemeentelede te konfronteer met die beloftes, die eise en die sanksies van die verbond met die oog daarop dat hulle langs die weg van geloof en bekering hulleself tot Christus as enigste Verlosser en Here wend en verantwoordelike lede word van sy gemeente.

Omdat die verbond ook tot persoonlike gemeenskap met God stimuleer en die verbond ook 'n persoonlike gemeenskapskarakter tussen God en sy verbondskind impliseer, moet evangelisasie altyd tot persoonlike geloofsoorgawe aan die Drie-Enige God van die verbond oproep.

'n Gereformeerde gemeente wat werklik in 'n intieme verbondsgemeenskap met God leef, gehoorsaam aan die Skrifopenbaring aangaande die aard van die verbond, sal die grootste missionêre ywer openbaar en nuwe gelowiges met groot liefde as mede-erfgename in God se huisgesin verwelkom. So 'n gemeente sal ook op grond van die regskarakter van die verbond, die heilige erns van God se verskriklike oordeel oor volhardende ongelowiges aankondig.

## 2. TERREINE VIR VERDERE NAVORSING

Uit die navorsing vir hierdie studie het verskillende onontginde navorsingsterreine onder die aandag gekom wat uit hierdie studie voortvloei en raakvlakke daarmee het:

2.1 'n Studie oor verbond en belofte volgens die Nuwe Testament sou baie daartoe kon bydra om verwarring oor die eenheid tussen belofte en eis van die verbond uit te skakel;

2.2 'n studie oor die verhouding tussen evangelisasie en gemeente-opbou, prinsipieel en prakties in die lig van die verbond sal nie net die Evangelistiek ten goede kom nie, maar ook kan lei tot nuwe insig en ywer in die missionêre roeping wat elke gemeente van Christus het;

2.3 'n dogmatiese studie met deeglike eksegetiese en dogma-historiese begronding oor die verhouding tussen verbond en uitverkiesing sou vir die gereformeerde Evangelistiek van onskatbare waarde kon wees.

## ABSTRACT

### THE CHARACTER OF THE COVENANT AND THE IMPLICATIONS THEREOF FOR EVANGELISM

In Reformed Theology the Biblical concept of the covenant has always been understood as a concept that describes the relationship between God and his people, and that in this covenantal relationship the heart of all true religion is to be found. Therefore one's understanding of the character of the covenant will determine the principles and practise of his approach to evangelism.

This study is mainly an exegetical study on the character of the covenant according to the New Testament with some applications for the principles and practise of evangelism.

The four main conclusions are as follows:

1. The covenant has a missionary goal. The Great Commission is patterned after, arises out of and must be understood in terms of covenant structure

2. The covenant has a juridical or forensic character, which consists of promise, command and sanctions.

3. The covenant also has the character of personal fellowship between God and the individual believer.

4. The covenant has a collective character. The believer and his house share in this covenantal relationship. The concept of the family of God as a covenantal concept is also applied to the whole church, so that the church is called the family of God.

The most important implications of this character of the covenant for evangelism are the following;

1. Because it is so abundantly clear that the Great Commission arises out of, is patterned after and must be understood in terms of covenant structure a Reformed evangelistic methodology developed in accordance with the Great Commission must be covenantal methodology.

2. A distinction must be made in terminology and methodology between the process of evangelizing those who had never been Christians and never shared in the covenantal fellowship and those who are wayward covenantbreakers who are no longer confessing Christians.

3. The collective character of the covenant implies that familywork must always be stressed and that commitment to Christ always demands commitment to his church. The church as covenantal family of God should receive new converts with the same love and care as an ordinary household receives a newborn baby.

   Any church that understands the covenant will have a zeal for evangelism and work and pray that God's house may be filled.

# BIBLIOGRAFIE

AALDERS, G. Ch. 1939. Het verbond Gods. Kampen : Kok. 223p.

ADAMS, J.E. s.j. Visitation evangelism program. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publ. Co. 28p.

ALLAN, T. 1958. Er is werk aan de kerk. Kampen: Kok. 128p.

ARNDT, W.F. en GINGRICH, F.W. 1974. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. 15e dr. Chicago : University of Chicago Press. 909p.

BANKS, R. 1980. Paul's idea of community: the early house churches in their historical setting. Exeter : Paternoster. 208p

BARNARD, A.C. 1981. Die verhouding tussen evangelisasie en sending. Ned. Geref. teologiese tydskrif, 22(3): 209 - 224.

BARNARD , A.C. 1978. Riglyne vir effektiewe evangelisasie vandag. (in Die kerk se werk; kongresreferate van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, 1976 - 1978. Stellenbosch. p.62-77)

BAVINCK, J.H. 1954. Inleiding in de Zendingswetenschap. Kampen : Kok. 309p.

BEHM, F. 1964. Diatheke. (in Kittel, G. red. Theological dictionary of the New Testament, vol. 2. Grand Rapids : Eerdmans. p. 124 - 134)

BERKOUWER, G.C. 1949. Geloof en volharding. Kampen : Kok. 215p.

BERKOUWER, G.C. 1954. De sacramenten. Kampen : Kok. 407p.

BLAAUW, J. 1962. The missionary nature of the church. New York : McGraw-Hill. 212p.

BOER, H.R. 1955. Pentecost and the missionary witness of the church. Franeker : Wever. 235p.

BOER, H.R. 1957. That My House may be filled; a study of evangelism in the Christian Reformed Church. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 128p.

BOND VOOR INWENDIGE ZENDING OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG. 1980. Bijbelstudie, hoe doe je dat? Amersfoort : Echo. 43p.

BOUW, W.J. red. 1981. Evangelizatie, wat verstaan we er onder ? Een bezinning vanuit de Bijbel en vanuit de praktijk over evangelizatie en zending. Kampen : Kok. 199p.

BREMMER, R.H. 1963. De controverse over de eerste doopvraag in historisch perspectief. Kerk en theologie, 14:195 - 218.

BRILLENBURG WURTH, G. 1953. De bekering als evangelizatieprobleem. Kampen : Kok. 125p.

BRILLENBURG WURTH, G en WIERSENGA, W.A. 1953. Het evangelie in een ontkerstenende wereld. Kampen : Kok. 236p.

BRISCOE, S. s.j. Special messages: small group leadership, Kassetband van Christian Tape

Recording Ministries, Posbus 28241, Kensington. 2101.

BRUCE, F.F. 1977. Commentary on the Book of Acts. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 555p.

BRUCE, F.F. 1964. The Epistle to the Hebrews. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 435p.

BUYS, P.J. 1981. E.E. III, duiwels of Bybels ? Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 71p.

BUYS, P.J. 1983. Ons huis 'n poort na Christus en sy gemeente (in Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 1983. Venster op die gesin; Openhartige gesprekke met ouers, kinders en familie, Potchefstroom. p.320-328)

BUYS, P.J. 1973 . Die verhouding tussen verbond en koninkryk by Paulus - 'n terreinverkenning. <u>In die Skriflig</u>, 7(26): p. 7 - 20.

CALVYN, J. 1979. Commentary on the Gospel according to John. A new tr. from the original Latin by W. Pringle vol. 2. Grand Rapids, Mich.: Baker. 561p.

CALVYN, J. 1971. De Evangelien Mattheus, Markus en Lukas in onderlinge overeenstemming gebracht en verklaard. Opnieuw uit het Latijn vert., onder toezicht van A. Brummelkamp. 3e dl. Goudriaan : De Groot. 637p.

CALVYN, J. 1971. Het Evangelie van Johannes. Opnieuw uit het Latijn vert. door G.L. Goris. Goudriaan : De Groot. 875p.

CALVYN, J. 1973. Uitlegging op die Algemeene Zendbrieven. Naar de uitg. der Oude Hollandsche overzetting van J.R. in de tegenwoordige spelling door A.M. Donner. Goudriaan : De Groot. 268p.

CALVYN, J. s.j. Institutie, of onderwijzing in de Christelijke godsdienst. Uit het Latijn vert. door A. Sizoo 3e dl. Delft : Meinema. 642p.

CALVYN, J. 1972. Uitlegging op den Zendbrief aan de Hebreën. Naar de uitg. der Oude Hollandsche overzetting van J.F. in de tegenwoordige spelling door A.M. Donner. Goudriaan : De Groot. 219p.

CALVYN, J. 1972. Uitlegging op den Zendbrief van Paulus aan de Romeinen. Naar de uitg. der Oude Hollandsche overzetting van J.D. in de tegenwoordige spelling, door A.M. Donner. Goudriaan : De Groot. 441p.

CAMPUS CRUSADE FOR CHRIST. c 1965. Vier geestelike wette. Johannesburg. 15p.

CHO, P.Y. 1977. Succesfull home cell groups. Plainfield, Logos International. 200p.

CHRISTIAN REFORMED CHURCH. Board of Publications. 1981. Service book. Grand Rapids. Verskillend gepagineer.

CHRISTIAN REFORMED HOME MISSIONS. 1979. Close-up ; a self-guided study for the growing church. Grand Rapids. 101p.

CHRISTIAN REFORMED HOME MISSIONS. s.j. Coffee break evangelism. Grand Rapids. Verskillend gepagineer.

CHRISTIAN REFORMED HOME MISSIONS. s.j. Congregational evangelism training. Grand Rapids. Verskillend gepagineer.

CHRISTIAN REFORMED HOME MISSIONS. s.j. Witnessing where you are conference. Grand Rapids. Verskillend gepagineer.

COETZEE, J.C. 1977. Nuwe Testamentiese eksegese: die Brief aan die Hebreërs. Ongepubliseerde klaslesings.

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom, Pro Rege. 329p.

COLEMAN, R.E. 1971. The master plan of evangelism; 9e dr. Old Tappan : Fleming. 126p.

CONN, H.M. red. 1976. Theological perspectives on church growth. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publ. Co. 154p.

CONGRES VOR GEREFORMEERDE EVANGELISATIE, Amsterdam, 1913. Handelingen. Amsterdam : Kirchner. 336p.

DE KLERK, J.J. red. 1979. Evangelistiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 386p.

DE KLERK, W.J. 1964. Wending ? Vernuwingsgesprekke oor die Gereformeerde kerkpraktyk. Potchefstroom : Pro Rege. 184p.

DE RIDDER, R.R. 1971. The dispersion of the people of God; the covenant basis of Matthew 28:18 - 20 against the background of Jewish, Pre-Christian proselyting and diaspora, and the apostleship of Jesus Christ. Kampen : Kok 220p.

DE VILLIERS, J.L. 1982. The salvation of Israel, according to Romans 9 - 11. Neotestementica, 15:199 - 219.

DE VRIES, J.F. 1978. The touch of His hand. South Holland : World Bible League. 71p.

DE VUYST, J. 1964. Oud en nieuw verbond in de Brief aan de Hebreëen. Kampen : Kok 268p.

DODD, C.H. 1970. The apostolic preaching and its developments. London : Hodder and Stoughton. 96p.

DOUGLAS, J.D. red. 1975. Let the earth hear His voice; International Congress on World Evangelization, Lausanne, Switzerland. Minneapolis : World Wide Publ. 1471p.

DOUMA, J. 1982. Evangelistiek; collegedictaat. Kampen : Copieërinrichting Van den Berg. 77p.

DOUMA, J. 1979. Infant baptism and conversion; a comparative discussion of the divergencies between the Reformed faith and Baptist concepts. Winnipeg : Manitoba. 30p.

DU PLESSIS, H. 1963. 'n Banier van die volke. Potchefstroom : Pro Rege. 205p.

DU PLESSIS, J. VAN V. 1982. Sending en evangelisasie - 'n ander weg ? In die Skriflig, 16(61): p. 43 -45.

DU TOIT, J.D. 1962. Die Metodisme. (In Sy Versamelde werke. dl. 8. Johannesburg ; Dagbreekboekhandel. p. 23 -145)

DU TOIT, J.D. 1961. Die sestiende-eeuse profesie en die betekenis daarvan vir ons tyd. (In Sy Versamelde werke. dl. 7. Johannesburg : Dagbreekboekhandel. p. 373 -401.

EICHRODT, W. 1961. Theology of the Old Testament. London SCM 310p.

ENGEL, J.F. en NORTON, H.W. 1975. What's gone wrong with the harvest? A communication strategy for the church and world evangelization. Grand Rapids : Zondervan. 171p.

FISH, R.J. en CONANT, J.E. 1976. Every member evangelism. New York : Harper & Row. 111p.

FLOOR, L. 1983. Die heilige doop in die Nuwe Testament. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 131p.

FLOOR, L. 1979. Het gericht van God volgens het Nieuwe Testament. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn. 159p.

FLOOR, L. 1971. The general priesthood of believers in the Epistle to the Hebrews. Neotestamentica, 5:72 - 82.

FOERSTER, W. 1968. Neutestamentliche Zeitgeschichte Hamburg : Furche Verl. 374p.

FRIEDRICH, G. 1964. εὐαγγελιον (In Kittel, G. red. Theological dictionary of the New Testament. vol. 2. Grand Rapids : Eerdmans. p. 707 - 737)

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1983. Almanak. Potchefstroom. 223p.

GETZ, G. 1974. Sharpening the focus of the church. Chicago : Moody. 320p.

GIBBS, E. 1981. I believe in church growth. London : Hodder and Stoughton. 459p.

GRAAFLAND, C. 1976. Van syllogismus practicus naar syllogismus mysticus. (In Balke, W., Graafland, C. en Halkema, H. Wegen en gestalten in het Gereformeerd Protestantisme. Amsterdam: Bolland. p. 105 - 122)

GRAND RAPIDS BOARD OF EVANGELISM OF THE CHRISTIAN REFORMED CHURCHES. 1948. Reformed evanglism; a manual on principles and methods of evangelism. Grand Rapids : Baker Book House. 440p.

GREEN, M. 1970. Evangelism in the early church. London : Hodder and Stoughton. 410p.

GREEN, M. 1979. Evangelism - now and then. Leicester : Inter-Varsity Press. 150p.

GROSHEIDE, F.W. 1955. De Brief aan de Hebreëen en de Brief van Jakobus. 2e dr. Kampen : Kok. 417p.

GROSHEIDE, F.W. red. s.j. Handboek voor Gereformeerde evangelizatie. Kampen : Kok. 377p.

HASEL, G. 1972. Old Testament theology; basic issues in the current debate. Grand Rapids : Eerdmans. 163p.

HELBERG, J.L. 1980. Die Here regeer. Openbaringslyn deur die Ou Testament. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 201p.

HELBERG, J.L. 1976. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament; v.1. Potchefstroom : Pro Rege. 409p.

HEPP, V. 1937. Dreigende deformatie; dl. 4. Kampen : Kok. 110p.

HERVORMDE BOND VOOR INWENDIGE ZENDING. s.j. DABAR; evangelisatie en rekreatiewerk. Amersfoort 56p.

HERVORMDE BOND VOOR INWENDIGE ZENDING OP G.G. 1978. Instruktiemap voor het evangelisatiewerk. 4e uitgebreide dr. Amersfoort. Verskillend gepagineer.

HONIG, A.G. 1938. Handboek van de Gereformeerde dogmatiek. Kampen : Kok. 867p.

INSTITUUT VOOR EVANGELIZATIE. s.j. Het starten en begeleiden van een Bijbelgespreksgroep. Driebergen. 40p.

JACOB, E. 1958. Theology of the Old Testament. Tr. by A.W. Heathcote and P.J. Allock. London Hodder & Stoughton 368p.

JAGER, H.J. s.j. Enige opmerkingen over de Brief aan de Romeinen; college-dictaat. Kampen : Copieerinrichting Van den Berg. 303p.

JEREMIAS, J. 1967. The prayers of Jesus. London : S.C.M. 120p.

KENNEDY, D.J. 1977. Evangelism explosion. Wheaton: Tyndale. 234p.

KENNEDY, D.J. 1974. Truths that transform. New Jersey : Revell. 160p.

KINGDON, D. 1975. Children of Abraham; a Reformed Baptist view of baptism, the covenant and children. Sussex : Carey. 105p.

KLINE, M.G. 1968. By oath consigned. Grand Rapids : Eerdmans. 110p.

KLINE, G. 1972. The structure of Biblical authority. Grand Rapids : Eerdmans. 181p.

KOROŠEC, V. 1931. Hethitische Staatsverträge. Leipzig: Weicher. 118p.

KRAEMER, H. 1962. Het vergeten ambt in de kerk. 's-Gravenhage : Boekencentrum. 210p.

KROMMINGA, C.G. 1977. Bringing God's news to neighbors; Biblical and historical foundations. Nutley, N.J.: Presbyterian and Reformed Publ. Co. 162p.

KRUGER, J.C. 1980. Kerkvereniging in die lig van uitverkiesing en bekering. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 185p.

KUIPER, R.B. 1978. God-centred evangelism; a presentation of the Scriptural theology of evangelism. London : Banner of Truth Trust. 247p.

LANDELIJK VERBAND VAN EVANGELIZATIE COMMISSIES DER GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. s.j. Handboekje; Gereformeerde evangelizatie. Groningen. 95p.

LA RIVIÈRE, L. red. 1980. Evangelizatie. Wie - Wat - Waar - Hoe. Kampen : Kok 174p.

LION-CACHET, F.N. 1977. Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. (Proefskrif (Th.D.) - P.U. vir C.H.O.) 359p.

LÖWE, R. 1959. Evangelium und Evangelisation heute. München : Kaiser. 370p.

LOUW, J.P. 1979. A semantic discourse analysis of Romans. 2 bde. Pretoria. 150p.

MCCARTHY, D.J. 1963. Treaty and covenant; a study in form in the ancient Oriental documents and in the Old Testament. Rome:Pontifical Biblical Institute. 220p.

MCCARTHY, D.J. 1965. Covenant in the Old Testament; the present state of inquiry. The Catholic Biblical quarterly, 27:217 - 240.

MCGAVRAN, D.A. 1979. Ethnic realities and the church; lessons from India. Pasadena, Calif. : Carey. 262p.

MCGAVRAN, D.A. 1980. Understanding church growth; rev. ed. Grand Rapids : Eerdmans. 476p.

MENDENHALL, G.E. 1954. Ancient Oriental and Biblical law. The Biblical archaelogist, 17:26 - 46.

MENDENHALL, G.E. 1954. Covenant forms in Israelite tradition. The Biblical archaelogist, 17:50 - 76.

MICHAEL, F. 1958. Elect. (In Von Allmen, J.J. en Rowley, H.H. red. Vocabulary of the Bible. London : Lutterworth. p. 96 - 98)

MICHEL, O. 1951. Der Abschluss des Matthäusevangeliums. Evangelische Missionszeitschrift, 10:16 - 26.

MICHEL, O. 1966. Der Brief an die Römer. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht. 408p.

MORRIS, L. 1972. The Apostolic preaching of the cross; a study of the significance of some New Testament terms. Leicester : Inter-Varsity Press. 318p.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. Sinodes Wes- en Suid-Transvaal. 1975. Handleiding vir jeugleiers. Johannesburg. Verskillend gepagineer.

NEL, M. 1982. Jeug en evangelie. Pretoria ; N.G. Kerkboekhandel. 345p.

OVERDUIN, J. 1956. Tact en contact; de moderne mens en het evangelie. Kampen : Kok. 214p.

PACKER, J.I. 1965. Evangleism and the sovereignty of God. London : Inter-Varsity Fellowship. 126p.

PACKER, J.I. 1965. Evangelism and the sovereignty of God ; 3rd ed. London : Inter-Varsity Fellowship. 126p.

PERLITT, L. 1969. Bundestheologie in Alten Testament. Neukirchen : Neukirchener Verl. 297p.

PETERS, G.W. 1970. Saturation evangelism. Grand Rapids : Zondervan. 237p.

POP, F.J. 1964. Bijbelse woorden en hun geheim; verklaring van een aantal Bijbelse woorden. 's-Gravenhage : Boekencentrum. 639p.

POSTMA, D. 1875. Mijne handleiding voor de Godgeleerdheid. Kaapstad : Solomon. 200p.

RACKHAM, R.B. 1978. The Acts of the Apostles ; an exposition. Grand Rapids : Baker. 524p.

RENGSTORF, K.H. 1964. αποστελλω (In Kittel, G. red. Theological dictionary of the New Testament. vol. 1. Grand Rapids : Eerdmans. p. 389 - 406)

RICHARDS, L.A. A new face for the church. Grand Rapids : Zondervan. 288p.

RIDDERBOS, H. 1959. Aan de Romeinen. Kampen : Kok. 364p.

RIDDERBOS, H. 1972. De komst van het koninkrijk; Jezus' prediking volgens de synoptische Evangeliën. Kampen : Kok. 459p.

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus; ontwerp van zijn theologie. 2e dr. Kampen : Kok. 653p.

RIENECKER, F. 1975. Das Evangelium des Matthäus. Wuppertal : Brockhaus. 380p.

ROBERTSON, O.P. 1980. The Christ of the covenants. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publ. Co. 308p.

ROWLEY, H.H. 1945. The missionary message of the Old Testament. London : Carey. 105p.

RUIJS, R.C.M. 1964. De struktuur van de Brief aan de Romeinen; een stilistische, vormhistorische en thematische analyse van Rom 1,16 - 3,23. Utrecht : Dekker & Van der Vegt. 297p.

SCHILDER, K. 1939. Americana; verslag van de in Amerika gehouden liezingen, op verzoek van de studenten herhaald op de colleges van april - juni 1939. (Ongepubliseerde klaslesings)

SCHILDER, K. 1934. Christelijke religie. (Ongepubliseerde diktaat van lesings aan propedeutiese studente)

SCHILDER, K. 1949. Heidelbergse Catechismus, dl. 2 Zondag 5 - 7. Goes : Oosterbaan & Le Cointre. 655p.

SCHILDER, K. 1937. Prof. Hepps ongereformeerde verbondsbeschouwing. <u>De Reformatie</u>, 18:82, 98 - 99, 19 Nov.

SHEPHERD, N. 1976. The covenant context for evangelism. (In Skilton, J.H. red. The New Testament student and theology. Nutley, N.J.: Presbyterian and Reformed Publ. Co. p.51-74)

SPRIGGS, D.G. 1974 . Two Old Testament theologies. London : S.C.M. 127p.

STAVAST, L.H. s.j. Evangelism Explosion III; beknopte beoordeling. Pretoria. 29p.

STRACK, H.L. en BILLERBECK, P. 1974. Das Evangelium nach Matthäus erläutert aus Talmud und Midrasch. München : Beck. 1056p.

STRAUSS, S.A. 1982. "Alles of niks" ; K. Schilder oor die verbond. Pretoria. 338p. (Proefskrif (D.D.) - Universiteit van Pretoria)

SWEAZY, G.E. 1978. The church as evangelist. San Francisco : Harper and Row. 120p.

TASKER, R.V.G. 1969. The Gospel according to St. Matthew; an introduction and commentary. London : Tyndale. 285p.

TE WINKEL, J.D. 1977. Kiezen en delen. Amsterdam : Rodpi. 230p.

TE WINKEL, J.D. 1983. Metterdaad en in waarheid; kijk op evangelizatie en werken aan een missionêre gemeente. Kampen : Kok. 132p.

TRIMP, C. 1954. Tot een levendige troost zijns volks; enkele beschouwingen over de leer der uitverkiezing Gods. Goes : Oosterbaan & Le Cointre. 200p.

VANDER GRIEND, A. en EVENHOUSE, N. 1976. Evangelism through Bible discovery groups. Grand Rapids: Discover Your Bible Inc. 77p.

VAN DER MEIDEN, L.H. 1955. Het nieuwe verbond. Haarlem : Ds. H. Jansen-Fonds. 67p.

VAN DER MERWE, D.C.S. 1975. Metodiste, Metodisme en sending. In die Skriflig, 9(36):25 - 36.

VAN DER MERWE, D.C.S. 1960. Sending en uitverkiesing. Potchefstroom. 100p. (Verhandeling (Th.M.) - P.U. vir C.H.O.)

VAN DER MERWE, D.C.S. 1965. Verbond en sending; die Gereformeerde verbondsleer en sy betekenis vir die sending. Potchefstroom. 354p. (Proefskrif (Th.D) - P.U. vir C.H.O.)

VAN DER SCHUIT, J.J. 1982. Het verbond der verlossing. Kampen : Kok. 27p.

VAN DER VEGT, s.j. Het genadeverbond by Calvyn. Kampen : Kok 164p.

VAN DER WAAL, C. 1976? D. Postma en die konflikte insake die verbond. (In Studia historiae ecclesiasticae, III. Referate gelewer by die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, 1976. p.35 - 59

VAN DER WAAL, C. 1978. Het Nieuwe Testament, boek van het verbond. Goes : Oosterbaan & Le Cointre 207p.

VAN DER WALT, I.J. 1982. Evangelisasie: 'n Uitdaging vir die Gereformeerde Kerk. 11p. (Referaat gelewer tydens 'n evangelisasiekonferensie te Pretoria tydens Oktober, 1982. Ongepubliseer)

VAN DER WALT, I.J. 1981. Kerk en wêreld . Potchefstroom : Calvyn-Jubileumboekefonds. 57p.

VAN RENSBURG, F. 1982. Die ontleding van sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament; die

ontwerp van 'n metode geïllustreer met Romeine 8. 'n Hermeneutiese studie. Frankfort : Fiksona. 237p.

VAN RONGEN, G. 1966. Zijn vast verbond. Goes : Oosterbaan & Le Cointre. 150p.

VAN ROOY, H.F. 1983. Die verbond - van Ou Testament na Nuwe Testament. In die Skriflig, 17(66): 13 - 23.

VAN ROOY, H.F. 1977. 'n Vergelyking van die struktuur van die Buite-Bybelse staatsverdrae - met besondere aandag aan die Sefire-verdrae - met die struktuur van Deuteronomium. 336p. (Proefskrif (Th.D.) - P.U. vir C.H.O. )

VEENHOF, C. 1959. Prediking en uitverkiezing. Kampen : Kok. 322p.

VEENHUIZEN, F.H. 1982. Gemeentekringen; handreiking bij het Kleine kerkenplan. Apeldoorn : World Home Bible League. 96p.

VEENHOF, C. 1949. Om de Unica Catholica; een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder en over de synodocratie. Goes : Oosterbaan & Le Cointre. 446p.

VENTER, J.L. Stedelike bedieningspatroon - vroegtydig beplan ? Die Kerkblad, 84(2624):p 1-2.
84(2625):p 7.
84(2626):p 7.

VERBAND VAN EVANGELIZATIEKOMMISSIES DER GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. s.j. Handboekje Gereformeerde evangelizatie. Groningen. 96p.

VERBAND VAN EVANGELIZATIEKOMMISSIES VAN DE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1981/1982. Kursus Evangelizatie. Groningen. Verskillend gepagineer.

VERKUYL, J. 1978. Inleiding in de evangelistiek. Kampen : Kok. 284p.

VON ALLMEN, J.J. 1958. Family. In Von Allmen, J.J. en Rowley, H.H. red. Vocabulary of the Bible. London : Lutterworth. p. 110 - 112)

VOS, G. 1980. The doctrine of the covenant in Reformed theology. (In Gaffin, R.B. red. Redemptive history and Biblical interpretation; the shorter writings of Geerhardus Vos. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Co. p. 234 - 267)

WEINFELD, M. 1973. Berit (In Botterweck, G.J. en Ringgren, H. red. Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Berlin : Kohlhamer. (p. 787 - 808)